# DIE BESTUUR VAN ENKELE LEERLINGVERWANTE SAKE IN 'N SEKONDêRE STAATSONDERSTEUNDE SKOOL

BAREND JACOBUS DE KLERK., B.A., H.O.D., V.D.0. (OWB).

Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad MAGISTER EDUCATIONIS in die Nagraadse skool vir Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. I J Oosthuizen

Potchefstroom
1995

# DANKBETUIGINGS

Besondere dank en waardering word aan die volgende persone en instansies betuig:

- My studieleier, prof. I. J. Oosthuizen vir sy besondere hulp en positiewe bystand.
- Mev E. Mentz vir statistiese hulp.
- Die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming om 'n empiriese ondersoek in sekondêre skole te kan doen.
- Onderwysnavorsingsburo vir hulp verleen.
- Die Departement van Onderwys en Kultuur vir die beskikbaarstelling van studiemateriaal.
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hul vriendelike diens.
- Die skoolhoofde van die Transvaalse sekondêre skole wat vraelyste met goeie gesindheid ingevul het.
- Prof. M. C. A. Seyffert vir noukeurige taalversorging.
- Mev. L. Schutte vir vertalingswerk.
- My eggenote, Annalize, wat ure voor die rekenaar deurgebring het.
- My kinders wat geduldig was met 'n ongeduldige pa.
- Aan my Skepper vir krag en genade ontvang.

Met waardering en liefde opgedra
aan my eggenote, Annalize.

**OPSOMMING**

DIE BESTUUR VAN ENKELE LEERLINGVERWANTE SAKE IN 'N SEKONDêRE STAATSONDERSTEUNDE SKOOL

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel wat die aard, inhoud en bestuursimplikasies van enkele leerlingverwante sake in 'n sekondêre staatsondersteunde skool is.

Om hierdie doelwit te bereik, is 'n literatuurstudie onderneem en 'n empiriese ondersoek uitgevoer.

In die literatuurstudie is vasgestel watter leerlingsake problematies van aard blyk te wees. Sake soos toelatingsbeleid, beheer van leerlinge, versorging van leerlinge, diskriminasie teenoor leerlinge ten opsigte van die betaling van verpligte skoolgelde, buitekurrikulêre betrokkenheid en rasseverhoudinge het aandag geniet.

'n Empiriese ondersoek het getoon dat die bestuurstaak van die hoof drasties verander het, en dat hierdie veranderde bestuursrol groot druk plaas op die hoof. Die empiriese ondersoek het ook getoon dat daar groot verskille bestaan tussen Afrikaans- en Engelsmediumskole.

Ten slotte is sekere aanbevelings op grond van die navorsing gemaak om aan die skoolhoofde en bestuursliggame sekere riglyne te verskaf sodat 'n sekondêre staatsondersteunde skool, ten opsigte van leerlingsake doeltreffend bestuur kan word.

## SUMMARY

THE MANAGEMENT OF SEVERAL PUPIL-RELATED MATTERS IN A SECONDARY STATE AIDED SCHOOL

The purpose of this research is to investigate the nature, contents and management implications of pupil-related matters in a secondary state aided school.

A literary and empirical study were conducted in order to attain this goal.

The literary study indicated some problematic pupil-related matters. Issues such as admission policy, control of pupils, pupil care, discrimination against pupils concerning the payment of compulsory school fees, extra curricular involvement and racial relations were researched.

An empirical study showed that the management function of the principal has been drastically altered. This changed management role of principals is an extremely demanding one. This empirical study further showed that considerable differences exist between English medium and Afrikaans medium schools.

Finally, based on the research, certain recommendations were made to principals and governing bodies, who were provided with guidelines pertaining to the effective management of pupil-related matters in secondary state aided schools.

# INHOUDSOPGAWE


Dankbetuiging ........ ii
Opsomming ........ iv
Summary ........ v
Tabellelys ........ xiii

HOOFSTUK 1 : ORIëNTERING

1.1 Inleiding en oriëntering ........ 1

1.2 Terreinafbakening ........ 1

1.3 Probleemstelling ........ 1

1.4 Die doel met die navorsing ........ 4

1.5 Metode van navorsing ........ 4

1.5.1 Literatuurstudie ........ 4

1.5.2 Empiriese ondersoek ........ 5

1.5.2.1 Vraelys ........ 5

1.5.2.2 Populasie en steekproef ........ 5

1.5.2.3 Statistiese tegniek ........ 5

1.6 Uitvoerbaarheid van die navorsing ........ 5

1.7 Tentatiewe hoofstukindeling ........ 5

1.7.1 Oriëntering ........ 5

1.7.2 Die aard, inhoud en bestuursimplikasies van enkele leerlingverwante sake in sekondêre staatsondersteunde skole ........ 5

1.7.3 Empiriese ondersoek ........ 6

1.7.4 Samevatting, bevindings en aanbevelings ........ 6

1.8 Samevatting en vooruitskouing ........ 6

**HOOFSTUK 2 : DIE AARD, INHOUD EN BESTUURSIMPLIKASIES VAN ENKELE LEERLINGVERWANTE SAKE IN SEKONDêRE STAATSONDERSTEUNDE SKOLE**


2.1 **Inleiding en oriëntering** ........ 7

2.2 **Toelatingsbeleid** ........ 8

2.2.1 **Afbakening van voedingsgebiede** ........ 8

2.2.2 **Die rol van die bestuursliggaam ten opsigte van die toelatingsbeleid** ........ 9

2.2.2.1 **Riglyne vir bestuursliggame vir die samestelling van 'n toelatingsbeleid** .... 10

2.2.3 **Die bevoegdheid van skoolrade met betrekking tot toelating van leerlinge** ........ 11

2.2.4 **Toelating van persone tot 'n sekondêre staatsondersteunde skool** ........ 13

2.2.4.1 **Ouderdomsvereistes** ........ 14

2.2.4.2 **Prestasiepeil** ........ 14

2.2.4.3 **Voertaal** ........ 15

2.2.4.4 **Moedertaal** ........ 15

2.2.4.5 **Vreemde en immigrantekinders** ........ 17

2.2.4.6 **Toelating van deeltydse leerlinge** ........ 18

2.2.4.7 **Toelating van ander bevolkingsgroepe** ........ 18

2.2.4.8 **Skoolplig** ........ 20

2.2.4.9 **Weiering om 'n kind tot 'n skool toe te laat** ........ 21

2.2.5.10 **Toelatingsregister** ........ 21

2.3 **Dissiplinering van leerlinge in staatsondersteunde skole.** ........ 22

2.3.1 **Skoolreëls** ........ 23

2.3.2 **Lyfstraf** ........ 23

2.3.3 **Skorsing van leerlinge uit staatsondersteunde skole** ........ 24

2.3.4 **Uitsetting van leerlinge uit 'n staatsondersteunde skool** ........ 26

2.3.5 **Implikasies by die dissiplinering van leerlinge** ........ 27

2.4 **Kurrikulumverwante aangeleenthede** ........ 28

2.4.1 **Kernsillabus** ........ 28

2.4.2 **Bevordering van leerlinge** ........ 28

2.4.3 Roosterbeplanning en onderrigure ..... 29

2.4.4 Implikasies ten opsigte van kurrikulêre aangeleenthede ..... 29

2.4.4.1 Implikasies ten opsigte van kurrikulumvasstellling ..... 29

2.4.4.2 Implikasies ten opsigte van die professionele terrein van die onderwysprofessie. ..... 30

2.5 Versorging van leerlinge ..... 30

2.6 Finansiële bestuur ..... 31

2.6.1 Skoolgeld ..... 33

2.6.2 Borgliggaam ..... 34

2.6.3 Staatsubsidiëring ..... 34

2.6.4 Diskriminasie teenoor leerlinge ..... 35

2.7 Die opvoedkundige verantwoordbaarheid van die bemarking van skole ..... 36

2.7.1 Implikasies by die bemarking van skole ..... 37

2.8 Buitekurrikulêre betrokkenheid ..... 38

2.8.1 Die opvoedkundige waarde van buitekurrikulêre aktiwiteite ..... 38

2.8.2 Sport- en kultuurbeleid ..... 39

2.8.3 Ouerbetrokkenheid ..... 40

2.8.4 Massadeelname ..... 41

2.8.5 Differensiëring ..... 41

2.8.6 Die verhouding tussen buitekurrikulêre - en kurrikulêre aktiwiteite ..... 41

2.8.7 Benutting van deelname as opvoedingsgeleentheid ..... 42

2.9 Die bestuur van rasseverhoudinge ..... 42

2.9.1 Historiese grondslag van rasseverhoudinge ..... 44

2.9.2 Multikulturele onderwys en die voorkoms van rassisme en rassediskriminasie in skole ..... 45

2.10 Samevatting ..... 46

**HOOFSTUK 3 : EMPIRIESE ONDERSOEK**


3.1 **Inleiding** ... 48

3.2 **Navorsingsontwerp** ... 48

3.2.1 **Die vraelys** ... 48

3.2.1.1 **Redes waarom 'n vraelys as meetinstrument verkies is** ... 48

3.2.1.2 **Die struktuur van die vraelys** ... 49

3.2.2 **Loodsondersoek** ... 49

3.2.3 **Administratiewe prosedures** ... 49

3.2.4 **Die teikenpopulasie** ... 50

3.2.5 **Vraelyste uitgestuur en terugontvang** ... 50

3.2.6 **Statistiese tegnieke** ... 51

3.3 **Interpretasie van data** ... 51

3.3.1 **Biografiese besonderhede** ... 52

3.3.1.1 **Ouderdom van respondente** ... 52

3.3.1.2 **Jare ondervinding as hoof** ... 54

3.3.1.3 **Onderwysbestuurskwalifikasies** ... 54

3.3.1.4 **Geslag** ... 54

3.3.1.5 **Profiel van die skoolhoofde ten opsigte van biografiese besonderhede** ... 55

3.3.2 **Demografiese besonderhede** ... 55

3.3.2.1 **Aantal leerlinge in die skool** ... 57

3.3.2.2 **Ligging van die skool** ... 58

3.3.2.3 **Taalmedium van die skool** ... 58

3.3.2.4 **Persentasie anderkleuriges in die skool** ... 58

3.3.2.5 **Anderkleuriges in koshuise** ... 59

3.3.2.6 **Aantal leerlinge wat in 1993 toelating tot die skool geweier is** ... 59

3.3.2.7 **Aantal regsgedinge wat voortgespruit het na aanleiding van 2.6** ... 59

3.3.2.8 **Skoolgeld** ... 60

3.3.2.9 **Profiel ten opsigte van demografiese gegewens** ... 60

3.3.3 **Toelatingsbeleid** ... 63

3.3.3.1 Skool beskik oor 'n toelatingsbeleid ... 63

3.3.3.2 Vereistes van toelatingsbeleid ... 63

3.3.3.3 Weiering van toelating ... 64

3.3.3.4 Toepassing van druk deur instansies ... 65

3.3.3.5 Toelatingseksamen ... 65

3.3.3.6 Ouderdom van leerlinge in dieselfde klas ... 66

3.3.3.7 Die invloed van ouer leerlinge op jonger leerlinge ... 66

3.3.3.8 Toelating van deeltydse leerlinge ... 67

3.3.3.9 Politiek en die bestuursliggaam ... 67

3.3.3.10 Toelatingskontrak ... 68

3.3.4 Bemarking ... 70

3.3.4.1 Metodes van bemarking ... 70

3.3.5 Borgliggaam ... 70

3.3.5.1 Die besit van 'n borgliggaam ... 70

3.3.5.2 Inspraak van die borgliggaam ... 71

3.3.6 Samewerking tussen hoof en bestuursliggaam ... 73

3.3.6.1 Verwaarlosing van professionele pligte ... 73

3.3.6.2 Die sukses van staatsondersteunde skole ... 73

3.3.7 Dissiplinering van leerlinge ... 74

3.3.7.1 Toename in ongedissiplineerdheid ... 74

3.3.7.2 Voorkoms van oortredings ... 74

3.3.7.3 Skoolreëls en die bestuursliggaam ... 76

3.3.7.4 Doeltreffende gesagsuitoefening deur personeel ... 76

3.3.7.5 Tevredenheid oor dissipline ... 76

3.3.7.6 Skoolbeleid en skoolreëls ... 77

3.3.8 Kurrikulêre aangeleenthede ... 77

3.3.8.1 Inmenging van die bestuursliggaam ... 79

3.3.8.2 Tevredenheid met die kurrikulum ... 79

3.3.8.3 Beïnvloeding van onderrigtyd ... 79

3.3.9 Skoolgeld ..... 80
3.3.9.1 Toepassing van druk op leerlinge ..... 80
3.3.9.2 Bekendheid van leerlinge wat subsidies ontvang ..... 81
3.3.9.3 Fondsinsameling ..... 86
3.3.9.4 Gevolgtrekking ..... 86
3.3.10 Buitekurrikulêre aangeleenthede ..... 86
3.3.10.1 Veelrassige deelname ..... 87
3.3.10.2 Onttrekking van leerlinge deur ouers ..... 87
3.3.10.3 Inskakeling van anderkleuriges ..... 87
3.3.10.4 Blanke leerlinge aanvaar anderkleuriges ..... 90
3.3.10.5 Konflik tussen blanke leerlinge en anderkleuriges ..... 90
3.3.10.6 Etniese groepvorming ..... 90
3.3.10.7 Leerlinge wil graag deelneem maar ouers weier deelname ..... 91
3.3.10.8 Beskikbaarstelling van fasiliteite vir veelrassige deelname ..... 91
3.3.10.9 Gevolgtrekking ..... 91
3.3.11 Versorging van leerlinge ..... 94
3.4 Samevatting ..... 94

HOOFSTUK 4 : SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

4.1 Samevatting ..... 95
4.2 Bevindings ..... 96
4.2.1 Die bevindings op grond van die literatuurstudie ..... 96
4.2.1.1 Toelatingsbeleid ..... 96
4.2.1.2 Dissiplinering van leerlinge ..... 96
4.2.1.3 Kurrikulumverwante aangeleenthede ..... 97
4.2.1.4 Versorging van leerlinge ..... 97
4.2.1.5 Finansiële bestuur ..... 97
4.2.1.6 Bemarking van skole ..... 98
4.2.1.7 Buitekurrikulêre betrokkenheid ..... 98

4.2.2 **Die bevindings op grond van die empiriese ondersoek** ..... 99

4.2.2.1 **Toelatingsbeleid** ..... 99

4.2.2.2 **Dissiplinering van leerlinge** ..... 100

4.2.2.3 **Kurrikulumverwante aangeleenthede** ..... 100

4.2.2.4 **Versorging van leerlinge** ..... 100

4.2.2.5 **Finansiële bestuur** ..... 100

4.2.2.6 **Bemarking van skole** ..... 101

4.2.2.7 **Buitekurrikulêre aangeleenthede** ..... 101

4.2.2.8 **Samewerking tussen die hoof en die bestuursliggaam** ..... 102

4.3 **Aanbevelings** ..... 102

4.3.1 **Aanbevelings ten opsigte van die navorsing** ..... 102

4.3.2 **Aanbeveling vir verdere navorsing** ..... 105

4.4 **Samevatting** ..... 106

**Slotopmerking** ..... 106

**BIBLIOGRAFIE** ..... 107

**BYLAE A** ..... 114
Vraelys (Afrikaans) ..... 115

**BYLAE B** ..... 122
Vraelys (Engels) ..... 123

**BYLAE C** ..... 130
Brief aan die Uitvoerende Direkteur : Onderwys ..... 131

**BYLAE D** ..... 132
Toestemmingsbrief van die Uitvoerende Direkteur : Onderwys ..... 133

**BYLAE E** ..... 135
Brief aan hoofde van sekondêre staatsondersteunde skole ..... 136

**BYLAE F** ..... 137
Letter to principals of secondary state aided schools ..... 138

## TABELLELYS

**Tabel 3.1**
Aantal vraelyste uitgestuur . . . 51

**Tabel 3.2**
Biografiese gegewens . . . 53

**Tabel 3.3**
Demografiese besonderhede . . . 55

**Tabel 3.4**
Toelatingsbeleid . . . 61

**Tabel 3.5**
Bemarking van skole . . . 69

**Tabel 3.6**
Borgliggaam . . . 69

**Tabel 3.7**
Sukses van staatsondersteunde skole . . . 72

**Tabel 3.8**
Dissiplinering van leerlinge . . . 75

**Tabel 3.9**
Afrikaansmediumskool - kurrikulêre aangeleenthede . . . 78

**Tabel 3.10**
Engelsmediumskool - kurrikulêre aangeleenthede . . . 78

**Tabel 3.11**
Alle skole - kurrikulêre aangeleenthede . . . 78

**Tabel 3.12**
Afrikaansmediumskool - skoolgeld . . . 83

**Tabel 3.13**
Engelsmediumskool - skoolgeld . . . 84

**Tabel 3.14**
Alle skole - skoolgeld . . . 85

**Tabel 3.15**
Afrikaansmediumskool - buitekurrikulêre aangeleenthede . . . 88

**Tabel 3.16**
Engelsmediumskool - buitekurrikulêre aangeleenthede . . . 88

**Tabel 3.17**
Alle skole - buitekurrikulêre aangeleenthede . . . 89

**Tabel 3.18**
Afrikaansmediumskool - beveiliging van leerlinge . . . 92

**Tabel 3.19**
Engelsmediumskool - beveiliging van leerlinge . . . . . . . . . . 92

**Tabel 3.20**
Alle skole - beveiliging van leerlinge . . . . . . . . . . 93

# HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING

### 1.1 Inleiding en oriëntering

In hierdie hoofstuk word die terreinafbakening gedoen en die belangrikheid van die navorsing uiteengesit. Die doel met die navorsing word aangetoon en die navorsingsmetode en die uitvoerbaarheid daarvan word verduidelik. Die verloop van die navorsing word weergegee en laastens word 'n kort samevatting gegee.

### 1.2 Terreinafbakening

Met staatsondersteunde skole word vir die doeleindes van hierdie navorsing bedoel daardie openbare skole in Suid-Afrika wat kragtens artikel 29 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988)* tot staatsondersteunde skole verklaar is. Die tipe skole verskil drasties van gewone openbare en privaatskole ten opsigte van die beheer en bedryf, subsidiëring en finansiering, toelatingsvereistes, personeelaangeleenthede en fisiese fasiliteite.

In die onderhawige navorsing gaan volstaan word met enkele sake waarby leerlinge betrokke is soos die toelatingsvereistes wat vir leerlinge geld, die beheer van leerlinge, buitemuurse veelrassige deelname en die sorgsame toesig oor leerlinge. Hierdie leerlingverwante sake sal nagevors word vanuit 'n onderwysbestuursregtelike perspektief binne die staatsondersteunde skoolbedeling.

### 1.3 Probleemstelling

Wêreldwyd is daar 'n demokratiseringsproses aan die gang waarin individue groter seggenskap, betrokkenheid en inspraakgeleenthede eis in die sake waarby hulle belang het. Daar is enersyds ook 'n strewe na groter gemeenskaplikheid; andersyds 'n groter behoefte aan erkenning van diversiteit. Die behoefte aan erkenning werk ook deur na die leerlinge, want uiteindelik is hulle die leiers van die toekoms. Dit hou vir die onderwys bepaalde implikasies in, byvoorbeeld dat voorsiening gemaak moet word vir 'n verskeidenheid standpunte in 'n verskeidenheid gemeenskappe (DOK, 1992 [b]:1).

In die **Handleiding vir die hantering van staatsondersteunde skole** is die missie van die Departement van Onderwys en Kultuur die verskaffing van voortreflike kultuureie, moedertaal- en kwaliteitsonderwys met 'n Christelike en breë nasionale karakter aan sy eie teikengroep (DOK, 1992:[b]:1). Erkenning word gegee aan die geloofsvryheid van die individu, en waar moontlik lewer die Departement diens kragtens item 14 van bylae 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, (Wet 110 van 1983).* Hierdie bepaling impliseer dat leerlinge van enige bevolkingsgroep tot 'n staatsondersteunde skool toegelaat kan word.

Volgens artikel 51 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede.(Volksraad) (70/1988)* soos gewysig deur *G K R 297 van 24 Januarie 1992* mag enige leerling aansoek doen om 'n staatsondersteunde skool by te woon. By die toepassing van hierdie regulasie op 'n staatsondersteunde skool is 'n verwysing na die Onderwyshoof of die Uitvoerende Direkteur : Onderwys 'n direkte aanduiding van die betrokke bestuursliggaam (DOK, 1992[b]:25). Grense van voedingsgebiede verval dus outomaties (TOD, 1992[c]:29). Ouers het dus 'n keuse watter skool hulle kinders moet bywoon. Dit veroorsaak dat die bestuurstaak van die hoof ten opsigte van sekere leerlingverwante sake drasties verander het, aangesien toelatingsvereistes bepaal word deur die hoof en die bestuursliggaam van 'n skool. Toelatingskriteria vir leerlinge tot 'n staatsondersteunde skool moet in ooreenstemming met artikel 49 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988)* en die regulasies betreffende toelating van leerlinge tot openbare skole en staatsondersteunde skole opgestel word. Die bestuursliggaam van die staatsondersteunde skool is gemagtig om sodanige kriteria saam te stel. (Vgl. regulasie 6 van die regulasies betreffende die bestuursliggame van staatsondersteunde skole.) Ingevolge item 14 van bylae 1 van die *RSA-Grondwet (Wet 110 van 1983)* kan leerlinge van ander bevolkingsgroepe nou ook tot 'n staatsondersteunde skool toegelaat word.

Spesifieke probleme en implikasies wat ontstaan in verband met die toelatingsvereistes is onder andere die volgende:

- Aangesien die opstel van die toelatingsvereistes onderhewig is aan die bepalings van die tersaaklike wette, impliseer dit ook 'n grondige kennis van die grondwet en die onderwysreg as 'n bestuurseis van die skoolhoof. Beide die skoolhoof en die bestuursliggaam behoort hulle

self verder te vergewis van die opvoedkundige en onderwyskundige grondslae van die toelatingsvereistes, asook van gevestigde standpunte aangaande opvoeding en onderwys van die ouergemeenskappe wat hulle dien. Sou daar misgetas word oor hierdie aangeleenthede kan dit lei tot ontevredenheid en wantroue.

- Indien die beginsel van dienslewering aan enige bevolkingsgroep toegepas word, bring dit die volgende implikasies na vore:

  * Die opstel van verantwoordbare keuringsmeganismes en praktyke.

  * Die behoud van die tradisionele waardes en etos van die skool.

  * Die moontlikheid van rassekonflik moet voorsien word.

- Sou leerlinge vanweë die toelatingsvereistes weggewys word, ontstaan die moontlikheid van regsgedinge waarin die skoolhoof en bestuursliggaam betrokke kan raak. Die toelatingsvereistes behoort dus juridies getoets te word, ten einde te kan bepaal of dit in 'n geregshof gehandhaaf sal kan word. Die aard van die toelatingsvereistes sal dus ook bepaal of daar 'n stresfaktor in die bestuursituasie ingebou is.

Benewens die veranderde bestuursrol wat daar nou ten opsigte van leerlingtoelating bestaan, is daar nog leerlingverwante sake wat verandering ondergaan het. Hier word na enkeles verwys:

- Die beheer, uitsetting, skorsing en toediening van strawwe aan leerlinge by staatsondersteunde skole is soos voorgeskryf in artikel 64 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988).* Weens die feit dat die skool 'n regspersoon is, kan hy gevolglik nou aanspreeklik gehou word vir onregmatige optrede teenoor 'n leerling.

- Die leerling is ingevolge die *in loco parentis*-rol van die onderwyser, aangewese op die onderwyser vir sy fisieke en psigiese beskerming tydens die kurrikulêre en buitekurrikulêre aktiwiteite van die skool. Ook hierin is die

skool as regspersoon onder sekere omstandighede aanspreeklik vir die onregmatige optrede van sy werknemer waar sodanige optrede vanweë voorbedagtheid of nalatigheid die psigiese of fisieke skade by die leerling tot gevolg het.

Met hierdie navorsing gaan indringend gekyk word na die bestuur van enkele leerlingverwante sake in sekondêre staatsondersteunde skole. Volgens bogenoemde bespreking ontstaan sekere probleemvrae, naamlik:

- Wat is die aard en inhoud van enkele leerlingverwante sake in sekondêre staatsondersteunde skole?

- Watter bestuursimplikasies hou die bestuur van enkele leerlingverwante sake in 'n sekondêre staatsondersteunde skool vir die skoolhoof en bestuursliggaam in?

## 1.4 Die doel met die navorsing

In hierdie navorsing sal gepoog word om:

1.4.1 Vas te stel wat die aard en inhoud van enkele leerlingverwante sake in sekondêre staatsondersteunde skole is.

1.4.2 Vas te stel wat die bestuursimplikasies is in die bestuur van enkele leerlingverwante sake in 'n sekondêre staatsondersteunde skool.

## 1.5 Metode van navorsing

### 1.5.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne sal gebruik word. Gegewens wat versamel is, sal oorweeg en geëvalueer word sodat daar tot sekere gevolgtrekkings gekom kan word. 'n DIALOG-rekenaarsoektog is met die volgende trefwoorde onderneem: Model C-skool, model C school, staatsondersteunde skool, state-aided school, skoolmodel, skolemodel, school model, state school, government school. Hieruit is vasgestel dat weinig oor hierdie navorsingstema nagevors is.

### 1.5.2 Empiriese ondersoek

1.5.2.1 Vraelys

Op grond van die literatuurstudie sal 'n vraelys ontwikkel word om te bepaal watter rol die skoolhoof en bestuursliggaam speel ten opsigte van enkele leerlingverwante sake in 'n sekondêre staatsondersteunde skool.

1.5.2.2 Populasie en steekproef

Die skoolhoofde van sekondêre staatsondersteunde skole in Transvaal sal die populasie vorm (N = 251). Uit die populasie sal skoolhoofde op 'n ewekansige gestratifiseerde wyse geselekteer word (Afrikaansmediumskole N = 175 en Engelsmediumskole N = 76).

1.5.2.3 Statistiese tegniek

Die inligting wat verkry is van die vraelyste wat terug ontvang is, is met behulp van 'n SAS-rekenaarprogrampakket verwerk in oorleg met die Satistiese konsultasiediens van die P U vir C H O. Die verwerkte inligting het weer 'n bydrae gelewer tot die afleidings en aanbevelings wat in hoofstuk 4 vervat is.

## 1.6 Uitvoerbaarheid van die navorsing

1.6.1 Daar is artikels beskikbaar oor die onderwerp asook handleidings, wette, regulasies, voorskrifte en omsendbriewe van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad).

1.6.2 Die populasie is maklik bereikbaar, omdat alle adresse maklik verkry kan word.

1.6.3 Die navorsingsonderwerp is op die stadium heelwat onder bespreking by meeste van die skole wat onlangs verander het na staatsondersteunde skole. Gunstige reaksie word van die genoemde populasie verwag.

## 1.7 Tentatiewe hoofstukindeling

1.7.1 Oriëntering.

1.7.2 Die aard, inhoud en bestuursimplikasies van enkele leerlingverwante sake in

sekondêre staatsondersteunde skole.

1.7.3 Empiriese ondersoek.

1.7.4 Samevatting, bevindings en aanbevelings.

## 1.8 **Samevatting en vooruitskouing**

In hoofstuk 1 is die terrein afgebaken en die probleemstelling weergegee. Uit die literatuurstudie in hoofstuk 1 blyk dit moontlik te wees dat met die verandering van openbare skole na staatsondersteunde skole daar probleemsituasies rondom onder andere toelatingsvereistes, beheer van leerlinge, buitekurrikulêre betrokkenheid en versorging van leerlinge kan onstaan.

In hoofstuk 2 word daar met behulp van 'n literatuurstudie die aard, inhoud en bestuursimplikasies van enkele leerlingverwante sake in die sekondêre staatsondersteunde skool bespreek.

## HOOFSTUK 2

# DIE AARD, INHOUD EN BESTUURSIMPLIKASIES VAN ENKELE LEERLINGVERWANTE SAKE IN SEKONDêRE STAATSONDERSTEUNDE SKOLE

## 2.1 Inleiding en oriëntering

In die voorafgaande hoofstuk is vasgestel dat openbare skole ten opsigte van die bestuur van leerlingsake wesenlik verskil van staatsondersteunde skole. Sekere probleme en implikasies het ontstaan wat nie voorheen by openbare skole bestaan het nie.

In hierdie hoofstuk gaan bepaal word wat leerlingsake behels en watter bestuursimplikasies dit inhou vir die bestuur van leerlingsake in 'n staatsondersteunde skool. Die rede hoekom die begrip 'enkele leerlingsake' gebruik word, is omdat slegs aandag geskenk gaan word aan die sake wat problematies van aard is. Dit sal verskil van skool tot skool en van gebied tot gebied. Die relevante sake sal dus bepaal en bespreek word na aanleiding van die tersaaklike wette, departementele studiestukke en omsendbriewe van die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad). Dit is belangrik om vas te stel wat die bepalings van die toepaslike wette is alvorens die bestuursimplikasies daarvan aangedui kan word

Die relevante leerlingsake waaraan aandag gegee gaan word, is die volgende:

* Die toelatingsbeleid ten opsigte van toelating van leerlinge tot 'n sekondêre staatsondersteunde skool.
* Beheer, uitsetting en dissipline van leerlinge in sekondêre staatsondersteunde skole.
* Kurrikulêre aangeleenthede.
* Versorging en fisiese beveiliging van leerlinge.
* Diskriminasie teenoor leerlinge ten opsigte van skoolgelde en subsidies.
* Buitekurrikulêre betrokkenheid.
* Rasseverhoudinge in staatsondersteunde skole.

Bogenoemde sake is van uiterste belang aangesien leerlinge direk en indirek daarby betrokke is.

Met verwysing na die **Wet** sal vir die doeleindes van hierdie studie verwys word na die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet 70 van 1988).* Met verwysing na die **Regulasies** sal vir die doeleindes van 2.2 verwys word na die *Regulasies betreffende voorwaardes vir toelating van leerlinge tot openbare (uitgesonderd nywerheids- en verbeteringskole) en staatsondersteunde skole.*

## 2.2 Toelatingsbeleid

Die toelating van leerlinge tot openbare en staatsondersteunde skole is volgens artikel 49 van die **Wet** onderworpe aan voorgeskrewe voorwaardes. Hierdie voorwaardes word vervat in die *Regulasies betreffende voorwaardes vir toelating van leerlinge tot openbare en staatsondersteunde skole.* Hierdie voorwaardes in ag geneem kan daar 'n beleid opgestel word om toelating van leerlinge tot 'n staatsondersteunde skool te beheer. Die bestuursliggaam moet rekening hou met sy bevoegdhede en pligte by die opstel van 'n beleid vir die skool, indien nie, is die potensiaal daarin geleë dat dit tot groot ongelukkigheid by kinders, ouers, onderwysers en die hele gemeenskap kan lei (Beckmann & Van der Bank, 1992:9).

### 2.2.1 Afbakening van voedingsgebiede

Walter (1992:4) beweer dat swart leerlinge die afgelope tyd by staatsondersteunde skole aan die Rand weggewys is omdat hulle nie aan die toelatingsvereistes voldoen het nie. Swart leerlinge is weggewys omdat hulle nie toelatingseksamens kon slaag nie (Walter 1992:4). In 'n verklaring het een van die hoofde gesê dat slegs leerlinge wat buite die skool se natuurlike voedingsgebied woon, toelatingseksamens moet aflê (Walter 1992:4). In die lig van hierdie gebeurtenis is dit belangrik om te weet wat die **Wet** bepaal.

Artikel 51 van die **Wet** bepaal dat wanneer 'n skool ontwikkel gaan word in die distrik van 'n skoolraad kan die Onderwyshoof na oorleg met die skoolraad 'n voedingsgebied vir die toelating van kinders tot daardie skool bepaal.

Artikel 51 van die **Wet** handel oor voedingsgebiede vir die toelating van kinders tot skole wat in 'n skoolraadsdistrik ingestel is, maar die definisie van "skool" op bladsy 1 - 5 van die **Wet** sluit staatsondersteunde skole uit van die bepaling van artikel 51 en 52. Dit impliseer

gevolglik dat voedingsgebiede verval by toelating van leerlinge tot staatsondersteunde skole.

Volgens 'n verklaring wat deur die eertydse Minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad, mnr Piet Marais, uitgereik is op 25 Februarie 1992, sal geen leerling gedwing word om 'n privaat- of staatsondersteunde skool by te woon nie (Anon., 1992[c]:26).

'n Staatsondersteunde skool kan dus sy eie voedingsgebied bepaal omdat die soneringsbepalings in die regulasies nie op staatsondersteunde skole van toepassing is nie, en omdat elke bestuursliggaam sy eie toelatingsbeleid bepaal. Bestuursliggame kan leerlinge wat aansoek doen om toelating 'n toelatingseksamen laat aflê. Indien leerlinge dan nie kwalifiseer om toegelaat te word nie, kan toelating geweier word. Die veronderstelling is egter dat elke skool steeds sy eie gemeenskapsgekoppelde karakter sal behou en dat die skool die kinders in sy eie onmiddellike omgewing as sy eerste verantwoordelikheid sal beskou (TOD, 1992 [c] : 15). Na aanleiding van bogenoemde verduideliking kan ons dus aflei dat grense van voedingsgebiede outomaties verval. Dit bring sekere implikasies mee, naamlik:

* Ouers het 'n keuse watter staatsondersteunde skool hul kinders sal bywoon. Hulle kan 'n skool kies met dieselfde lewensopvatlike beginsels.

* Die bestuursliggaam kan binne die bepalings van die wet leerlinge tot sy skool toelaat of toelating weier.

* Indien toelating geweier word, kan ouers aandring om welke redes toelating geweier is, en

* bestuursliggame kan hulself blootstel aan vervolging indien hul keuringsmeganismes nie in ooreenstemming met die bepaling van die wet en/of regulasies is nie.

Om dit te beheer, is bestuursliggame dus verplig om kriteria vir toelating te bepaal.

#### 2.2.2 **Die rol van die bestuursliggaam ten opsigte van die toelatingsbeleid**

Die toelating van 'n leerling tot 'n staatsondersteunde skool berus by die bestuursliggaam van daardie skool. Volgens die **DOK inligtingsdokument** (1992[c]:27) stel die

bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool, binne die bepaling van die tersaaklike Wet, sy eie beleid ten opsigte van die toelating van leerlinge tot sodanige skool op.

Die rol van die bestuursliggaam ten opsigte van die toelatingsbeleid word nog verder beklemtoon deur die *Regulasies betreffende bestuursliggame van staatsondersteunde skole uitgesonderd staatsondersteunde skole vir buitengewone onderwys.* Volgens regulasie 6 (5) kan 'n bestuursliggaam, na oorleg met die ouergemeenskap en behoudens die bepalings van die *Regulasies betreffende voorwaardes vir toelating van leerlinge tot openbare skole (uitgesonderd nywerheid- en verbeteringskole) en staatsondersteunde skole*, soos bepaal in *Goewermentskennisgewing R703 van 30 Maart 1990*, en gewysig deur *Goewermentskennisgewing R297 van 24 Januarie 1992*, wat kriteria vir die toelating van leerlinge tot 'n staatsondersteunde skool bepaal.

Die bestuursliggaam kan enige leerling wat aansoek doen 'n toelatingseksamen laat aflê om sodoende te bepaal of die leerling die standaard in die skool sal kan handhaaf (Paine, 1993[b] : Kassetopname).

Hieruit kan mens aflei dat bestuursliggame wel die bevoegdheid het om 'n beleid daar te stel op grond waarvan leerlinge onder sekere omstandighede tot die spesifieke skool toegelaat of geweier kan word.

### 2.2.2.1 Riglyne vir bestuursliggame vir die samestelling van 'n toelatingsbeleid

Volgens artikel 52 van die **Wet** behoort die bestuursliggaam vereistes in die skoolbeleid neer te lê op grond waarvan 'n leerling toelating tot die skool kan verkry, byvoorbeeld:

- Ouers moet by die skoolhoof aansoek doen om toelating vir 'n kind te verkry.

- Goedkeuring vir toelating sal slegs verleen word indien die skoolhoof oortuig is dat die kind:
  - = voldoen aan die ouderdomsvereistes van die betrokke skool;
  - = van dieselfde geslag is as die leerlinge van die skool waar dit van toepassing is;
  - = oor die vereiste prestasiepeil vir toelating tot die skool beskik, en

= die voertaal dieselfde is as die van die skool.

- Bo en behalwe bogenoemde wat wetlik vasgelê is, kan bestuursliggame vereistes neerlê, soos onder andere (TOD, 1992[f]:20):

  = 'n toelatingseksamen;
  = voedingsgebied (indien 'n voedingsgebied vasgestel is, mag 'n leerling uit 'n ander voedingsgebied nie toegelaat word nie);
  = verbintenis tot die kulturele milieu van die skool;
  = die waardes en etos van die skool;
  = betaling van verpligte skoolgeld, en
  = handhawing van akademiese standaard.

Bogenoemde riglyne kan uitgebrei of verkort word na aanleiding van die behoeftes van 'n spesifieke gemeenskap waarby 'n skool betrokke is. Bestuursliggame moet waak teen enige vorm van diskriminasie ten opsigte van geslag, ras of kleur.

### 2.2.3 **Die bevoegdheid van skoolrade met betrekking tot toelating van leerlinge**

Artikel 52 van die **Wet** bepaal onder andere die volgende:

* Indien daar kragtens artikel 51 'n voedingsgebied vir toelating van kinders tot 'n skool bepaal is,

  - mag geen kind wie se ouers binne die voedingsgebied woon, behalwe met die goedkeuring van die betrokke skoolraad, 'n skool buite daardie voedingsgebied bywoon nie;

  - kan die skoolraad:

    = weier om 'n kind wie se ouer nie binne daardie voedingsgebied woonagtig is nie tot die skool toe te laat óf

= so 'n kind se bywoning van die skool beëindig, indien die betrokke skoolraad van mening is dat dit in die belang van so 'n kind is dat hy/sy 'n skool buite daardie voedingsgebied behoort by te woon.

- Indien 'n skoolraad

  = weier om sy goedkeuring te verleen dat 'n kind 'n skool bywoon;

  = weier om 'n kind tot 'n skool toe te laat óf

  = 'n kind se bywoning van 'n skool beëindig,

  moet die skoolraad die ouers van die kind skriftelik van die weiering of beëindiging en die redes daarvoor in kennis stel, en die ouers kan binne 30 dae nadat hulle/hy/sy verwittig is skriftelik teen die weiering na die onderwyshoof appelleer.

- Die onderwyshoof moet die appèl oorweeg en hy kan die besluit van die skoolraad bevestig, indien daar buitengewone omstandighede is, kan hy die besluit van die skoolraad afkeur en gelas dat die kind op die voorwaardes wat hy bepaal tot die betrokke skool toegelaat word.

- Artikel 52 is nie van toepassing ten opsigte van 'n kind wat tot 'n koshuis toegelaat is nie.

- Indien die onderwyshoof van oordeel is dat dit in die belang van die verskaffing van onderwys is dat artikel 52 van toepassing gemaak moet word ten opsigte van kinders wat in 'n bepaalde koshuis inwoon, kan hy verklaar dat hierdie artikel van toepassing is, om sodoende die belange van sekere kinders te beskerm, byvoorbeeld kinders wat swak versorg is, kan in 'n koshuis geplaas word.

Die woordomskrywing van "skool" op bladsy 1 - 5 van die **Wet** lui soos volg:
"Skool" is 'n openbare skool, private preprimêre skool, privaatkool vir buitengewone

onderwys of staatsondersteunde skool, behalwe -

- in artikels 51 en 52, waar dit preprimêre, primêre of sekondêre skool beteken.

Die bepalings van artikel 51 en 52 sluit dus staatsondersteunde skole uit.

In kort kom dit dus daarop neer dat skoolrade nie voedingsgebiede vir staatsondersteunde skole kan afdwing nie, maar wel vir gewone openbare skole.

### 2.2.4 Toelating van persone tot 'n sekondêre staatsondersteunde skool

Die toelating van leerlinge tot staatsondersteunde skole is volgens artikel 49 van die **Wet** onderworpe aan voorgeskrewe voorwaardes. Hierdie voorwaardes word vervat in die *Regulasies betreffende voorwaardes vir toelating van leerlinge tot openbare skole (uitgesonderd nywerheids- en verbeteringskole) en staatsondersteunde skole* (Goewermentskennisgewing R703 van 30 Maart 1990, soos gewysig deur GKR 297 van 24 Januarie 1992).

Aansoek om die toelating van 'n kind/kinders tot 'n skool moet deur die ouer by die skoolhoof gedoen word (RSA, 1992[a]:123).

Niks verbied 'n skool om 'n kontrak met die ouer aan te gaan nie, maar die kontrak mag nie 'n bepaling bevat wat die uitsetting van 'n kind tot gevolg mag hê indien die ouer nie die kontrak nakom nie. 'n Kind mag slegs op grond van die bepalings van die regulasies betreffende die beheer, skorsing en uitsetting van leerlinge uit 'n skool gesit word (TOD, 1992[b] : 204).

'n Bestuursliggaam mag van 'n ouer verwag om 'n kontrak te teken voordat sy kind toegelaat word, op voorwaarde dat die inhoud van die kontrak aan die ouer bekend is.

Die toelating van leerlinge is ook onderworpe aan bepaalde vereistes, naamlik:

2.2.4.1 **Ouderdomsvereistes**

Ouderdomsvereistes ten opsigte van staatsondersteunde sekondêre skole word bepaal in artikel 50 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) (Wet 70 van 1988)*:

* 'n leerling ouer as negentien jaar word nie tot 'n sekondêre skool toegelaat nie, en

* 'n leerling mag nie 'n sekondêre skool bywoon, na die einde van die jaar waarin hy die leeftyd van 20 jaar bereik het nie.

Bogenoemde mag wel geskied met die goedkeuring van die onderwyshoof.

Die bestuursliggaam moet besluit of leerlinge met 'n relatief hoë ouderdom wel toegelaat kan word in 'n lae standerd. Sekere swart leerlinge het wel 'n agterstand en dit kan gebeur dat 'n negentienjarige wat slegs standerd 5 geslaag het aansoek doen om toelating tot 'n sekondêre staatsondersteunde skool. Dit kan sekere implikasies meebring indien sulke leerlinge wel ingeskryf word, omdat leerlinge met 'n hoër ouderdom fisiek en geestelik meer volwasse is en dit kan die natuurlike ontwikkeling van ander leerlinge beïnvloed.

2.2.4.2 **Prestasiepeil**

Walter (1992 : 4) verklaar dat woordvoerders van die meeste skole met wie die koerant in aanraking was, beweer dat gekleurde leerlinge 'n probleem met wiskunde en tale het. Hierdie uitspraak impliseer dat, indien leerlinge se prestasiepeil laag is, kan dit gebeur dat die akademiese standaard in 'n skool kan daal vanweë die toelating van sulke leerlinge tot die skool.

Die skoolhoof moet oortuig wees dat:

- 'n kind wat tot 'n skool toegelaat word oor die vereiste prestasiepeil vir toelating tot die betrokke skool beskik (RSA, 1990 : 124).

Dit impliseer dat 'n leerling slegs toegelaat kan word indien hy/sy aan die vereiste akademiese standaard van die betrokke skool voldoen.

2.2.4.3 **Voertaal**

Volgens 'n verklaring van 'n skoolhoof gaan 'n leerling probleme ondervind indien hy/sy nie die voertaal van 'n skool magtig is nie (Walter, 1992:4).

Regulasie 2(1)(c) bepaal dat die skoolhoof oortuig moet wees dat:

- die voertaal van die kind wat toegelaat word, soos bedoel in artikel 57 van die **Wet**, die voertaal in sy skool is (RSA, 1992[a]:124).

Artikel 57 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (70/1988)* bepaal onder andere die volgende:

* Die amptelike taal wat ingevolge artikels 55 en 56 as die moedertaal van 'n kind bepaal is, is die voertaal vir die leerling in die skool tot en met die negende vlak, dit wil sê, tot en met standerd 7.

Indien die voertaal nog nie bepaal is volgens artikel 55 en 56 nie, is die voertaal van die leerling die taal wat deur die ouer bepaal is. Indien die ouer nie die voertaal kan bepaal nie, is dit die verantwoordelikheid van die skoolhoof.

Die ouers van 'n leerling in die tiende tot die twaalfde vlak kan kies volgens artikel 57(2) van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (70/1988)* watter amptelike taal die voertaal vir sy kind moet wees. Indien die ouer nie 'n keuse uitoefen nie, bly die voertaal dieselfde as wat dit op die negende vlak was.

2.2.4.4 **Moedertaal**

By die bepaling van moedertaal word verwys na artikel 55 en 56 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), (70/1988)*. Dit bepaal onder andere die volgende:

* Wanneer 'n leerling vir die eerste keer tot 'n skool toegelaat word, stel die skoolhoof van die skool vas watter amptelike taal die kind die beste ken, en bepaal dan dat daardie taal die moedertaal van die kind is.

* Indien die leerling na die mening van die betrokke skoolhoof ewe bekwaam in beide amptelike tale is, of geeneen van die amptelike tale kan praat of verstaan nie, kan die ouer van die kind binne die tydperk wat deur die skoolhoof vasgestel is, kies watter amptelike taal deur die skoolhoof as die moedertaal van die kind bepaal moet word.

* Indien die ouer dit nalaat om so 'n keuse uit te oefen, moet die skoolhoof besluit watter amptelike taal die moedertaal van die leerling is.

* Indien die skoolhoof nie in staat is om die moedertaal van 'n leerling te bepaal nie, verwys hy die geval na die onderwyshoof. Na 'n gepaste ondersoek word bepaal watter amptelike taal die moedertaal van die leerling is.

* Die onderwyshoof kan te eniger tyd na 'n ondersoek na die taalbekwaamheid van 'n leerling die besluit oor die taalbekwaamheid van 'n leerling terugtrek en bepaal dat die ander amptelike taal die moedertaal van die leerling is.

* Indien 'n skoolhoof van 'n skool of die onderwyshoof die moedertaal van 'n leerling ingevolge hierdie artikel bepaal het, moet daardie skoolhoof die betrokke ouer skriftelik van so 'n bepaling verwittig.

* Indien die ouer hom veronreg voel deur die bepaling van die moedertaal van sy kind kan daardie ouer binne 30 dae na die datum waarop hy van die bepaling verwittig is, skriftelik teen daardie bepaling na die onderwyshoof appelleer, wat hierdie bepaling dan kan bekragtig of afkeur en bepaal dat die ander amptelike taal die moedertaal van die kind is.

* Die onderwyshoof moet 'n ouer wat appèl teen die taalkeuse van sy kind aanteken, skriftelik van sy beslissing oor die appèl in kennis stel.

* Indien die ouer nog verder voel dat hy onregverdig behandel is deur 'n beslissing van die onderwyshoof, kan daardie ouer binne 30 dae na die datum waarop hy van daardie beslissing verwittig is, skriftelik teen daardie beslissing na die minister appelleer, wat daardie beslissing kan bekragtig of afkeur en bepaal dat die ander amptelike taal die moedertaal van die kind is, en sy beslissing is dan finaal.

*	Indien die skoolhoof rede het om te vermoed dat 'n leerling in stryd met die bepalings van die **Wet** of die regulasies tot die skool toegelaat is, en nie anders beslis is deur die onderwyshoof of die minister nie, moet die skoolhoof die ouer versoek om dokumentasie vir die voortsetting van die studie van die kind in die skool of sy toelating daartoe na gelang van die geval, voor te lê. Indien die ouer bogenoemde nie voorlê nie, of indien dokumentasie onbevredigend is, moet die skoolhoof die ouer skriftelik verwittig dat die toelating van sy kind teruggetrek word.

2.2.4.5 **Vreemde en immigrantekinders**

Vreemde en immigrantekinders word onder sekere omstandighede toegelaat tot skole. Hierdie twee kategorieë leerlinge word volgens regulasie 1 soos volg omskryf (RSA, 1992[a]:125).

'n 'Vreemde kind' is 'n kind uitgesonderd 'n immigrantekind, van wie geeneen van die ouers 'n Suid-Afrikaanse burger is nie.

'n 'Immigrantekind' is 'n kind van wie geeneen van die ouers 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, maar wie se wettige voog van voorneme is om Suid-Afrikaanse burgerskap te verkry en wat korter as vyf jaar in die Republiek van Suid-Afrika woon.

Die volgende geld vir die toelating van vreemde kinders tot skole in die Republiek van Suid-Afrika:

*	Met inagneming van regulasie 2 kan die skoolhoof 'n vreemde kind tot die skool toelaat indien -

	- die kind in besit van 'n studiepermit is;
	- akkommodasie beskikbaar is;
	- die leerlinge vir wie die skool ingestel is nie benadeel sal word nie, en
	- die vereiste skoolgelde kwartaalliks vooruit betaal word.

*	Die volgende geld vir die toelating van immigrantekinders tot skole in Suid-Afrika:

Indien dit volgens regulasie 3 uit 'n aansoek om toelating van 'n immigrantekind tot 'n skool blyk dat die kind nie aan die vereistes van regulasie 2 voldoen nie, word die aansoek na die onderwyshoof verwys vir oorweging en beslissing.

#### 2.2.4.6 **Toelating van deeltydse leerlinge**

Regulasie 9 bepaal dat in gevalle waar leerlinge op die voorwaardes wat die skoolhoof bepaal, hertoegelaat word met die doel om seniorsertifikaateksamens oor te skryf, mag geen deeltydse leerlinge tot 'n skool toegelaat word sonder die toestemming van die direkteur nie.

Die implikasie rondom bogenoemde is dat hoofde van skole leerlinge hertoelaat met die doel om matrikulasievrystelling te verkry of om punte te verbeter. Gewoonlik is hierdie leerlinge dan ook goeie sportmanne en -vroue. Leerlinge wat so toegelaat word, neem dan slegs die vakke wat hul nodig het om hul prestasie te verbeter. In sommige gevalle word prestasie nie verbeter nie. Dit kom dus in kort daarop neer dat die moontlikheid bestaan dat leerlinge in baie gevalle hertoegelaat word, ter wille van die sportprestasie van die skool. Dit impliseer verder dat 'n jonger leerling dalk van 'n kans ontneem kan word om in sy matriekjaar die boonste sport te bereik as gevolg van 'n deeltydse leerling wat hertoegelaat is. Dit kan moontlik ook 'n invloed op die buitekurrikulêre aangeleenthede hê.

#### 2.2.4.7 **Toelating van ander bevolkingsgroepe**

In 'n brief aan die **Sunday Star** skryf McKenzie (1992 : 14) dat hulle inwonende huishulp aansoek om toelating vir sy dogter by 'n aantal omliggende laerskole gedoen het, en elke keer was die reaksie dat die skole vol is. Daar is toe vir die daaropvolgende jaar aansoek gedoen en die skole was aanvanklik baie entoesiasties, maar sodra hulle verneem sy is swart het die entoesiasme gekwyn.

Kragtens item 14 van bylae 1 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (110/1983)*, mag 'n onderwysdepartement diens lewer aan lede van 'n ander bevolkingsgroep. Dit impliseer dat leerlinge van enige bevolkingsgroep tot staatsondersteunde skole toegelaat kan word.

Dit impliseer verder dat die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool geen leerling toelating mag weier op grond van ras of kleur nie (ANON., 1993[c]:1).

Dit bring die volgende implikasies mee:

* Regsgesinde bestuursliggame kan hul blootstel aan vervolging, negatiewe openbare mening asook aan buitelandse druk indien hulle anderkleurige leerlinge toegang tot hul skole weier.

* Die tradisionele waardes en etos van die skool kan skade ly indien leerlinge van enige bevolkingsgroep tot 'n skool toegelaat word.

* Kultuurgebonde onderwys kan in die slag bly.

* Rassekonflik kan ontstaan en maatreëls sal dus ingestel moet word om dit te verbeter.

* Voorsiening moet gemaak word vir 'n verskeidenheid standpunte.

* Leerlinge wat op 'n laer vlak presteer, kan verlaging in standaarde veroorsaak. Meer tyd moet aan hierdie leerlinge afgestaan word en dit veroorsaak dat ander leerlinge afgeskeep word.

Die skoolhoof en die bestuursliggaam behoort hulle te vergewis van opvoedkundige en onderwyskundige grondslae van die toelatingsvereistes, asook van gevestigde standpunte aangaande opvoeding en onderwys van die ouergemeenskap wat hulle dien.

Verantwoordbare keuringsmeganismes sal ontwerp moet word by die samestelling van 'n toelatingsbeleid.

Bestuursliggame kan volgens Turner (1991 : 25) redes soos die volgende hê om leerlinge van ander bevolkingsgroepe tot hul skool toe te laat:

* Om 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse lojaliteit te help vestig.

* Om leerlinge in swak skole van goeie (gelyke) onderwys te voorsien omdat die samelewing goeie produkte uit die skoolstelsel nodig het.

* Om leerlinge meer realisties voor te berei vir 'n toekomstige Suid-Afrikaanse samelewing.

* Om die skool meer lewensvatbaar te maak.

* Om vanweë hoër leerlinggetalle meer personeel te akkommodeer en om diskriminasie en vooroordele te probeer teëwerk.

#### 2.2.4.8 **Skoolplig**

Die bepalings van artikel 53 en 54 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (70/1988)* is van toepassing op leerlinge in staatsondersteunde skole. Dit bepaal onder andere van skoolplig die volgende:

Met inagneming van artikel 54 moet 'n kind vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin hy sewe jaar oud word gedurende skoolure 'n skool bywoon:

- tot die laaste skooldag van die jaar waarin hy die leeftyd van 16 jaar bereik het, of
- totdat hy die twaalfde vlak (St. 10) voltooi het, afhangende van wat die vroegste is.

Die onderwyshoof kan 'n kind skriftelik van skoolplig vrystel indien hy van mening is dat:

- die kind nog nie leergereed is nie;
- die kind geen voordeel uit 'n onderwysprogram kan trek nie;
- die kind toepaslike onderwys by 'n ander plek as 'n skool ontvang;
- die kind weens voortdurende swak gesondheid nie in staat is om 'n skool by te woon nie;
- die kind die leeftyd van 16 jaar bereik het en vaste werk kan bekom;
- die kind swanger is;
- die kind in die huwelik tree, en
- dit om 'n ander rede in die belang van die kind sal wees om vrygestel te word.

2.2.4.9 **Weiering om 'n kind tot 'n skool toe te laat**

Met betrekking tot die weiering om 'n kind tot 'n skool toe te laat, is die volgende bepalings geldig (RSA, 1992[a]:124):

* Tensy deur die direkteur anders gelas, kan die skoolhoof die toelating van 'n kind wat uit enige ander skool uitgesit is, weier.
* Indien die skoolhoof toelating weier, moet die volgende gegewens vir elke kind wat geweier is aangeteken word:

  - die datum van die aansoek;
  - die naam en adres van die applikant;
  - die naam van die betrokke kind, en
  - die rede vir die weiering van die aansoek.

* 'n Ouer wat ongelukkig voel oor 'n beslissing van die skoolhoof kan binne 30 dae nadat hy van die skoolhoof se beslissing in kennis gestel is skriftelik na die onderwyshoof appelleer met vermelding van redes vir die appèl, maar die uiteindelike beslissing van die onderwyshoof is finaal.

2.2.5.10 **Toelatingsregister**

Regulasie 6 bepaal dat 'n toelatingsregister nog steeds geldig bly en dat:

* alle toelatings van leerlinge tot 'n skool in 'n toelatingsregister ingeskryf moet word wat die besonderhede soos deur die direkteur bepaal, bevat;
* inskrywing in die toelatingsregister moet met 'n gesaghebbende geboortebewys van die betrokke leerling vergelyk word;
* 'n skoolhoof moet toesien dat 'n daaglikse register van skoolbesoek vir elke leerling bygehou word;
* gevalle waar ongereelde skoolbesoek voorkom, moet deur die skoolhoof aan die skoolbesoekbeampte gerapporteer word, en
* die toelatings- en skoolbesoekregisters te alle tye vir raadpleging beskikbaar is vir die skoolraadsekretaris en -besoekbeamptes.

Dit is belangrik dat die skoolhoof en bestuursliggaam kennis moet dra van bogenoemde vereistes. Kennis daarvan sal tot gevolg hê dat 'n werkbare, praktykgerigte toelatingsbeleid opgestel kan word met verantwoordbare keuringsmeganismes wat die bestuursliggaam vrywaar van vervolging.

## 2.3 Dissiplinering van leerlinge in staatsondersteunde skole.

Binne die klaskamer is die onderwyser die bestuurder wat die beplanning doen, om die opvoedkundige doelstellings te bereik en moontlike gesagsprobleme te kan antisipeer. Dit is hy/sy wat die reëls en prosedures daar stel om die leerlinge te lei om saam te werk en gemotiveerd op te tree om die beoogde doelwitte te bereik.

Geen bestuurstaak kan op 'n georganiseerde en suksesvolle wyse afgehandel word sonder doeltreffende gesagsuitoefening nie (Van der Westhuizen, 1990 : 13).

Die woord 'dissipline' word gedefinieer as 'gehoorsaamheid aan gesag; ordelike gedrag'; en 'tug; bestraffing om orde te bewaar' (HAT, 1985 : 159).

Aangesien dissiplinêre optrede dikwels gepaard gaan met negatiewe gedrag bepleit Downs et al. (1980 : 216) die feit dat dissipline beskou moet word as 'n noodsaaklike opvoedingshandeling wat dit ten doel het om ongewenste en onaanvaarde gedrag te korrigeer.

Elke samelewing word deur die reg georden. In die skoolgemeenskap is die juridiese ordening van bestuursaangeleenthede toegespits op die gesag van die bestuur, die beleid van die skool en reëls wat veral op leerlinge van toepassing is. Sonder die regsgrondslag sou dit nie moontlik gewees het om hoegenaamd 'n skool volgens basiese onderwysdoelstellings te bestuur nie.

Die dissipline van leerlinge in staatsondersteunde skole word in artikel 64 van die **Wet** voorgeskryf. Hierdie voorwaardes word vervat in die *Regulasies betreffende beheer van leerlinge by, skorsing en uitsetting van leerlinge uit, en die toediening van ander strawwe aan leerlinge in, openbare skole en staatsondersteunde skole en koshuise (RSA, 1992[a]:125).*

By die toepassing van hierdie regulasies by 'n staatsondersteunde skool word 'n verwysing na die uitvoerende direkteur : onderwys of die superintendent van onderwys geïnterpreteer as 'n verwysing na die betrokke bestuursliggaam (RSA, 1992[a]:124).

### 2.3.1 **Skoolreëls**

Die skoolhoof moet in oorleg met die bestuursliggaam huishoudelike reëls vir die beheer van die leerlinge in die betrokke skool of koshuis vir goedkeuring deur die bestuursliggaam opstel. Die reëls moet ook vir straf weens oortreding daarvan voorsiening maak.

Die skool- en koshuisreëls moet met verantwoordelikheid opgestel word, aangesien ook die ouers daardeur gebind word. Die regulasies maak daarvoor voorsiening dat enige persoon wat 'n leerling doelbewus verhinder om 'n huishoudelike reël na te kom, hom skuldig maak aan 'n misdryf en dat 'n boete of gevangenisstraf aan hom opgelê kan word.

### 2.3.2 **Lyfstraf**

Indien lyfstraf toegepas word, moet dit in ooreenstemming wees met regulasie 4, uitgevaardig volgens *Goewermentskennisgewing R298, 24 Januarie 1992*, van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (Wet 70 van 1988)*. Dit bepaal onder andere die volgende:

* Lyfstraf mag slegs:

  - ten opsigte van pligversuim of ongehoorsaamheid, weerspannigheid, opsetlike beskadiging van eiendom, diefstal, oneerlikheid, leuentaal, aanranding, afknouery, onwelvoeglikheid, stokkiesdraai of enige ander wangedrag van 'n ernstige aard;

  - nadat die skuld van die leerling deur die skoolhoof bewys is in 'n volledige ondersoek waartydens die leerling 'n geleentheid moet kry om sy saak te stel;

  - deur die skoolhoof of 'n skriftelik deur hom daartoe gemagtigde persoon óf deur 'n ander onderwyser in die teenwoordigheid van die skoolhoof óf

genoemde gemagtigde persoon;

- in die skoolhoof se kantoor óf plek deur hom aangewys óf indien die skoolhoof afwesig is, in die kantoor van die onderwyser in beheer van die skool of 'n plek deur hom aangewys;

- op die sitvlak wat met die gewone kleding bedek is, met 'n rottang of gladde lat en tot die maksimum van 5 houe, en

- met inagneming van die ouderdom en fisieke toestand van die leerling,

aan leerlinge toegedien word.

* Lyfstraf mag nie

  - aan leerlinge in vlak 3 en laer of vroulike leerlinge;

  - aan gestremde leerlinge sonder die toestemming van 'n mediese beampte, en

  - in die teenwoordigheid van ander leerlinge

toegedien word nie.

* In alle gevalle waar lyfstraf toegedien is, moet die skoolhoof die naam en ouderdom van die betrokke leerling, die rede vir die straf, die aantal houe toegedien, die datum waarop en die naam van die persoon deur wie die straf toegedien is in 'n strafregister aanteken, en hierdie register moet te alle tye vir inspeksie deur die bestuursliggaam beskikbaar wees.

### 2.3.3 **Skorsing van leerlinge uit staatsondersteunde skole**

Volgens regulasie 1 van *Goewermentskennisgewing R298* is 'skorsing - die tydelike verbod op 'n leerling om 'n bepaalde openbare skool, staatsondersteunde skool of koshuis na

gelang van die geval by te woon'.

Skorsing van leerlinge word deur die hoof, na oorleg met die bestuursliggaam, hanteer. Die toepaslike voorwaardes word vervat in die toepaslike regulasies.
Regulasie 5 bepaal onder andere die volgende:

* Met inagneming van die bepalings van subregulasie 2 en 3 kan 'n skoolhoof na oorleg met die bestuursliggaam, hangende 'n beslissing soos in regulasie 6 beoog, die skorsing van 'n leerling beveel indien daardie leerling

    - se taalgebruik of gedrag na die oordeel van die skoolhoof van so 'n aard is dat dit die handhawing van 'n behoorlike peil van sedelike gedrag, dissipline of sosiale welsyn in die skool in gevaar stel;

    - na die oordeel van die skoolhoof 'n afkeuringswaardige daad begaan het óf

        = inaggenome 'n vrystelling beoog in artikel 62(4) van die **Wet** weier om die godsdiensplegtighede of Bybelonderrig wat deur die onderwyshoof goedgekeur is by te woon óf
        = inaggenome 'n vrystelling beoog in artikel 63(1) van die **Wet** weier om aan die liggaamlike opvoedingsprogram wat deur die onderwyshoof goedgekeur is, deel te neem.

* Indien die skoolhoof die skorsing van 'n leerling oorweeg, word al die feite wat ter sake is gedurende 'n onderhoud aan die betrokke leerling en sy ouers gestel om hulle in staat te stel om vertoë te rig waarom die leerling nie geskors behoort te word nie, met dien verstande dat in dringende gevalle die skoolhoof 'n leerling summier kan skors sonder om vooraf met die leerling en sy ouer 'n onderhoud te voer.

* Indien die skoolhoof na oorweging van die vertoë nog steeds besluit om die skorsing te beveel, moet die skoolhoof daardie vertoë by sy verslag insluit.

* Indien die skoolhoof besluit om die skorsing van 'n leerling te beveel, moet hy die leerling verwittig van sy besluit en moet die ouers skriftelik in kennis gestel word;

daarna lê hy 'n volledige verslag oor die aangeleentheid aan die bestuursliggaam voor.

* Indien 'n leerling weier om aan godsdienstige plegtighede, Bybelonderrig- of liggaamlike opvoedingsprogram deel te neem, en die hoof skorsing van die leerling oorweeg, moet die skoolhoof die leerling en sy ouers die geleentheid bied om redes aan te voer waarom die leerling weier om bogenoemde by te woon.

* Indien die skoolhoof bepaal dat nie aan sy waarskuwing gehoor gegee is nie, stel hy die ouers skriftelik daarvan in kennis dat die leerling vanaf 'n bepaalde datum geskors is (RSA, 1992[b]:127).

### 2.3.4 Uitsetting van leerlinge uit 'n staatsondersteunde skool

Die bepalings met betrekking tot uitsetting van leerlinge word vervat in regulasie 6 van *Goewermentskennisgewing R298*. Dit bepaal onder andere die volgende:

* Na oorweging van die verslag van die skoolhoof beslis die bestuursliggaam of 'n leerling wat deur die skoolhoof geskors is:

    - uit die skool uitgesit moet word of toegelaat moet word om weer die skool by te woon op die voorwaardes wat die bestuursliggaam bepaal.

* Die skorsing en uitsetting van leerlinge uit koshuise is volgens die volgende bepalings van regulasies 5 en 6 van toepassing:

    - Indien 'n leerling wat in 'n koshuis inwoon, geskors of uitgesit is uit 'n skool waaraan die koshuis verbonde is, word dit aanvaar dat hy ook uit daardie koshuis geskors of uitgesit is, en

    - 'n leerling kan uit die koshuis geskors of uitgesit word, sonder dat hy uit die skool waaraan die koshuis verbonde is, geskors of uitgesit word tensy die bestuursliggaam anders beslis (RSA, 1992[b]:129).

### 2.3.5 Implikasies by die dissiplinering van leerlinge

Indien dissiplinering van leerlinge reg toegepas word soos die Wet voorskryf kan daar nie werklik probleme ontstaan nie. Die skoolhoof moet egter in oorleg met die bestuursliggaam huishoudelike reëls vir die beheer van die leerlinge in die betrokke skool of koshuis opstel vir goedkeuring deur die bestuursliggaam. By gebreke hiervan kan dit lei tot konflik tussen ouer en skool (DOK, 1992[b]:48).

As gevolg van die demokratiseringsproses wat aan die gang is, eis individue groter seggenskap, betrokkenheid en inspraakgeleenthede in sake waarby hul belang het. Dit hou sekere implikasies in vir die onderwys want daar moet voorsiening gemaak word vir 'n verskeidenheid standpunte in 'n verskeidenheid gemeenskappe (DOK, 1992[b]:1).

Sekere ouers kan moontlik daarop aanspraak maak dat hulle die skool besit omdat hulle verpligte onderriggeld betaal en omdat bestuursliggame groter seggenskap het. Ouers kan moontlik aan onderwysers voorskryf hoe daar teenoor hul kinders dissiplinêr opgetree moet word. Daarom is dit noodsaaklik dat die skoolhoof in oorleg met die bestuursliggaam huishoudelike reëls moet opstel.

'n Staatsondersteunde skool is 'n regspersoon (DOK, 1992[b]:3). Weens hierdie feit kan 'n bestuursliggaam nou aanspreeklik gehou word vir onregmatige optrede teenoor 'n leerling.

Bestuursliggame sal dus in samewerking met die skoolhoof duidelike riglyne aan opvoeders moet neerlê by die hantering en dissiplinering van leerlinge om hulle sodoende te vrywaar van vervolging, sonder om enigsins inbreuk te maak op die professionele terrein (DOK, 1992[b]:6). Hierdie riglyne sal vervat moet word in die skoolbeleid.

Die uitgangspunt van ouers : 'die ouers besit die skool' kan ook deurwerk na die leerlinge. Dit kan daartoe lei dat leerlinge die gesag van die onderwyser ondermyn, omdat hulle moontlik kan dink dat onderwysers nie werklik mag oor hulle het nie. In die meer konserwatiewe gemeenskappe sal bogenoemde in 'n mindere mate voorkom. In hoe 'n mate dit wel voorkom, sal nagevors moet word.

## 2.4 Kurrikulumverwante aangeleenthede

Die instelling van vakke en kursusse in die onderskeie onderrigfases geskied vir staatsondersteunde skole op nasionale grondslag soos bepaal deur die Minister van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) en moet dus aan die basiese vereistes voldoen.

Die bestuursliggaam het geen vryheid ten opsigte van die vasgestelde sillabusinhoud nie, maar hulle kan wel versoek dat vakke bykomend tot die bestaande vakke gevoeg word. Goedkeuring sal slegs gegee word indien dit aan die volgende vereistes voldoen (DOK, 1992[b]:22):

* Goedkeuring moet verkry word van die uitvoerende direkteur, en
* bestuursliggame is verantwoordelik vir addisionele uitgawes.

### 2.4.1 Kernsillabus

Die Netwerkkomitee vir Kurrikulering bepaal die kernsillabus. Die kernsillabus word as norm gebruik en daar word nie hiervan afgewyk nie (DOK, 1992[a] :38).

Die kurrikulum kan aangevul word, maar nie gewysig word nie. Verryking van die kurrikulum kan plaasvind ter wille van die algemene vorming van die kind. Die kind mag ook nie vir bevorderingsdoeleindes geëvalueer word op grond van verrykte dele van die kurrikulum nie (TOD, 1992[c] : 44).

### 2.4.2 Bevordering van leerlinge

Interne eksaminering, sertifisering en bevordering van leerlinge in staatsondersteunde skole moet binne die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente aan die hand van die toegepaste riglyne, ooreenkomstig die gebruike in openbare skole, geskied (DOK, 1992[b]:22).

Eksterne eksaminering van die matrikulasie-eksamen/seniorsertifikaateksamen moet volgens

die prosedure plaasvind soos op nasionale vlak neergelê is (DOK, 1992[b]:22).

### 2.4.3 Roosterbeplanning en onderrigure

Omdat bestuursliggame addisionele vakke kan instel, is dit moontlik dat dit sal lei tot langer skoolure. Die basiese vereistes ten opsigte van onderrigtyd wat gestel word deur die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) is 'n verpligte minimum van 25½ uur per vyfdagskoolweek vir die sekondêre skoolfase (uitgesonderd die tegniese studierigting wat 'n verpligte minimum van 28 uur per vyfdagskoolweek onderrigtyd moet hê). (TOD, 1993[a]:1).

Indien 'n bestuursliggaam dus addisionele vakke wil instel, sal daar besin moet word ten opsigte van die aard en inhoud van die vakke asook die onderrigtyd wat daaraan bestee moet word.

### 2.4.4 Implikasies ten opsigte van kurrikulêre aangeleenthede

#### 2.4.4.1 Implikasies ten opsigte van kurrikulumvasstellling

'n Sleutelwoord vir die nuwe onderwysmodel vir die toekoms is groter relevansie van die kurrikulum. Dit is bekend dat die bestaande kurrikulum eensydig toegespits is op voorbereiding van die leerling vir die Universiteit. Die konsepdokument, 'n Kurrikulummodel vir Onderwys in Suid-Afrika wat in 1991 verskyn het, het hieraan 'n groot verandering aangebring deur die skepping van 'n meer loopbaangeoriënteerde kurrikulum.

Die moontlikheid dat leerlinge uit verskillende gemeenskapppe met verskillende waardestrukture in 'n bepaalde skool opgeneem kan word, het baie implikasies vir die onderwyser in die klaskamer en dus vir sy opleiding.

Bo en behalwe 'n meer loopbaangeoriënteerde kurrikulum wat in die vooruitsig gestel word, mag bestuursliggame die kurrikulum aanvul maar nie wysig nie, ter wille van die algemene vorming van die kind.

Bogenoemde bring sekere moontlike implikasies mee, soos byvoorbeeld:

* langer onderrigtyd;
* vasstellling van sillabusinhoude vir bykomende vakke;
* oorbelading van leerlinge, en
* tekort aan opgeleide personeel.

#### 2.4.4.2 Implikasies ten opsigte van die professionele terrein van die onderwysprofessie.

Artikel 31 van die *Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), Wet 70 van 1988*, bepaal dat die bestuur, beheer en uitvoerende mag van die staatsondersteunde skool by die bestuursliggaam berus. Daar ontstaan dus 'n redelike mate van onsekerheid of die bestuursliggaam die professionele terrein van die onderwyser mag betree al dan nie. Die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad), mnr P G Marais, het egter op 12 Augustus 1992 'n duidelike uitspraak ten opsigte van die aangeleentheid gegee. Hy het dit onomwonde gestel dat daar nie met die professionele werksaamhede van die onderwyser ingemeng mag word nie (Anon., 1992[b]:5). (Vergelyk ook regulasie 8 van *Regulasies betreffende bestuursliggame van staatsondersteunde skole vir buitengewone onderwys).*

Die teenkant van die saak is egter dat die bestuursliggaam nie sy funksie ingevolge artikel 31 van die Wet kan verrig indien daar nie beheer oor die professionele aangeleenthede uitgeoefen kan word nie. Daar rus dus in die verband 'n besondere plig op veral die skoolhoof om die bestuursliggaam ten volle op hoogte te hou van alle werksaamhede, met die insluiting van die professionele aangeleenthede van die skool. Die metodes hoe dit moet plaasvind, sal verskil van skool tot skool.

## 2.5 Versorging van leerlinge

'n Staatsondersteunde skool is 'n regspersoon en daarom kan die skool aanspreeklik gehou word vir die beserings van leerlinge as gevolg van gevaarlike toestande by die skool. Die skool sal aanspreeklik gehou word, indien bewys kan word dat hy versuim het om behoorlike beheer oor die gevaarlike toestande uit te oefen en/of redelik kon voorsien het dat die gevaarlike toestande wel bestaan (ANON., 1992[a]:6).

Die skool is nie vir elke besering aanspreeklik nie, mits daar geen nalatigheid was nie, en regtens word daar nie van onderwysers verwag om leerlinge teen alle vorms van beserings te beskerm nie. Redelike voorsorgmaatreëls word verwag (TOD, 1993[a]:1). Toestemming deur ouers dat hulle kinders aan bepaalde aktiwiteite mag deelneem, moet as 'n vereiste gestel word en dit behoort in die skoolbeleid opgeneem te word.

Van die onderwysers as in loco parentis - persone word verwag om dieselfde sorg vir kinders se veiligheid aan die dag te lê as wat 'n sorgsame vader teenoor sy eie kind sou betoon.

Daar is wel 'n regsplig op die bestuursliggaam, die hoof, onderwysers en afrigters in diens van die bestuursliggaam om redelike sorg toe te pas om beserings te voorkom.

Volgens mnr Keith Anderson, die Besturende direkteur van die Nasionale Beroepsveiligheidsvereniging (NOSA), kan hoofde van staatsondersteunde skole met R20 000,00 beboet word óf aan hulle 'n gevangenisstraf van tot 2 jaar opgelê word as hul skole nie aan beroepsveiligheidstandaarde in die werkswinkel voldoen nie. Dit beteken dat veiligheidsbeamptes in skole aangestel sal moet word en dat gereëlde inspeksies by skole gehou sal moet word om foute uit te skakel (Anderson, 1993:4).

Die skool sal nie aanspreeklikheid vryspring deur te argumenteer dat die toestande wat nie aan beroepsveiligheidstandaarde voldoen het nie reeds bestaan het, toe die skool nog as openbare staatskool geag was en dat die onderwysbeheerowerhede aanspreeklik gehou sal moet word (Klopper, 1992:11).

Die sekuriteit van 'n staatsondersteunde skool is die verantwoordelikheid van die skool se bestuursliggaam. Die departement kan wel genader word om advies (TOD, 1992[e]:1).

Die dokument **Noodplan vir alle onderwysinrigtings en kantore van die TOD**, algemeen bekend as die 'Rooiboek', moet deur bestuursliggame gebruik word om te help met die beplanning vir die beveiliging van hul skool in 'n noodsituasie (TOD, 1992[e] :1).

## 2.6 Finansiële bestuur

Navorsing het aan die lig gebring dat die implementering van staatsondersteunde skole

besonder goed verloop het. Aan die einde van 1992 het 94,2% ouergemeenskappe en 95,4% onderwyspersoneel die staatsondersteunde model goed tot redelik ervaar. Slegs 7,2% ouers het op daardie stadium nog nie skoolgelde betaal nie. Hieruit lei mens af dat verreweg die meeste ouers hul finansiële verpligtinge nagekom het. Dit weerspreek aantygings dat daar ernstige probleme in die stelsel as geheel bestaan (ANON., 1993[a]:5).

Skole se bedryfsuitgawes sal verskil na gelang van die ideale wat 'n skoolgemeenskap vir hul kinders koester. Sekere skoolgemeenskappe sal meer fisiese geriewe wil bekom, byvoorbeeld 'n gimnasium, terwyl ander gemeenskappe dit nie as belangrik sal beskou nie.

Die feit dat die bestuursliggaam self verantwoordelik is vir die generering van 17% van die bedryfskoste van die skool, impliseer 'n bestuursmatige finansiële verpligting wat die skoolhoof ook direk betrek.

Volgens (Basson 1991 : 17) sal dit ook besondere finansiële bestuurskundigheid van die skoolhoof as uitvoerende en rekenpligtige beampte stel, ten einde die skool finansieel gesond te hou. Vanweë die groter klem op die finansiële bestuurskundigheid van die skoolhoof, kan moontlike botsings verder tussen sake- en onderwyskundige beginsels ontstaan. In hierdie verband kan daar twee verdere eise aan die skoolhoof gestel word:

* onderhandelingsvaardighede ten einde fondse beskikbaar te kry om die skool as organisasie optimaal te laat funksioneer, en

* finansiële bestuurskundigheid om te verseker dat fondse op finansieel verantwoordbare wyse aangewend sal word.

Basson (1991 : 18) voer voorts aan dat finansiële oorlewing die eis van 'n goeie openbare beeld sal stel waardeur leerlinge na die skool getrek kan word. Dit sal veral eise stel aan die bestuurstyl van die skoolhoof wat uitnodigend, akkommoderend en versorgend van aard sal moet wees. As gevolg van die groter medeseggenskap in die onderwys sal die outokratiese of oordrewe burokratiese bestuurstyl van die skoolhoof die voortbestaan van die skool ernstig bedreig. Groter verantwoordelikheid ten opsigte van die finansiëring van die bedryfskoste van staatsondersteunde skole berus by die ouers (DOK, 1992[b]:6).

Aangesien ouers verpligte skoolgeld moet betaal, kan hulle meer seggenskap eis. Die persepsie kan by ouers ontstaan dat hulle 'waarde vir hulle geld moet kry' wat die opvoeding van hulle kinders betref.

### 2.6.1 **Skoolgeld**

Onder skoolgeld word verstaan daardie fondse wat bestuursliggame self genereer om, benewens die subsidie wat ten opsigte van die vergoeding van personeel van die staat ontvang word, die balans van die bedryfsuitgawes te delg.

Vroeg in 1993 het 'n Kaapse skool die moeder van 'n 17jarige dogter gedagvaar weens wanbetaling van skoolgeld (ANON., 1993[b]:4). Die hooggeregshof het egter beslis dat, aangesien die moeder werkloos was, sy nie in staat was om haar verpligtinge na te kom nie, en die skool mag nie die dogter toelating weier nie (ANON., 1993[b]:4). Die skool is ook gelas om die regskoste te betaal. Die owerheid het ook die hofuitspraak ten volle gesteun. Die Minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad het in reaksie daarop gesê dat die uitspraak glad nie indruis met die voorskrifte met betrekking tot staatsondersteunde skole nie. Ouers wat wel kan bekostig om te betaal, kan nie onthef word van betaling van skoolgeld nie (ANON., 1993[b]:4). Bogenoemde hofsaak het sekerlik druk toegepas op die 17jarige dogter en dit moes 'n negatiewe invloed gehad het op haar geestelike ontwikkeling.

Volgens dr H J S Stone, Superintendent-Generaal van Onderwys, kan staatsondersteunde skole steeds volgens wet die betaling van verpligte skoolgeld wat hulself hef, afdwing (ANON., 1993[c]:1). (Vergelyk ook regulasie 6 van *Regulasies betreffende bestuursliggame van staatsondersteunde skole)*.

Volgens 'n verklaring wat op 7 Januarie 1993 deur die Minister van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad), mnr P G Marais uitgereik is, is dat navorsing wat aan die einde van 1992 gedoen is, getoon het dat daar uit 'n totaal van 820 638 leerlinge, ten opsigte van skoolgelde verskuldig slegs 0,77% regsgedinge vir versuim van betaling was. Die meeste ouers het hul verpligtinge nagekom. Ten opsigte van ander wat nie aanvanklik betaal het nie, het bestuursliggame besondere sukses behaal om sonder 'n regsproses mense te oorreed om hulle verpligtinge na te kom. Daar was 75 863 aansoeke om staatshulp in die vorm van beurse waarvan 82,3% ingevolge die skema gekwalifiseer het (ANON., 1993[a]:5).

### 2.6.2 **Borgliggaam**

"'n Borgliggaam word omskryf as 'n instansie of groep persone deur die Minister goedgekeur wat vanweë hulle betrokkenheid by die staatsondersteunde skool bereid is om dit finansieel te steun." (DOK, 1992[c] : 4.) Dit blyk dus dat die hooffunksie van die borgliggaam is om fondse beskikbaar te stel/in te samel wat vir die bedryf van die betrokke staatsondersteunde skool aangewend sal word.

Indien 'n skool met verloop van tyd 'n sterk borgliggaam sou ontwikkel, sal die mate van geldelike ondersteuning wat die borg bied ook 'n uitwerking op die kostestruktuur van 'n skool hê. 'n Belangrike funksie van die borgliggaam sal ook wees om voorsiening te maak vir die leerlinge wat nie al die uitgawes verbonde aan skoolbywoning kan bekostig nie.

'n Borgliggaam sal 'n belangrike bydrae tot die bestuur van 'n staatsondersteunde skool maak deur te help met die gedeeltelike of totale befondsing van 'n staatsondersteunde skool se bedryfsuitgawes. Dit impliseer dat die skoolgeld van leerlinge verminder of selfs uitgeskakel kan word.

Aangesien lede van die borgliggaam deel kan wees van die bestuursliggaam, kan hulle 'n belangrike komponent van die bestuursliggaam van die betrokke skool vorm. Die kundigheid van 'n borgliggaam kan help dat skole ekonomies bedryf word (DOK, 1992[b]:8).

Deurdat borgliggame deel kan vorm van 'n bestuursliggaam en deurdat hulle 'n skool finansieel ondersteun, kan hulle sekere vereistes stel waaraan 'n skool moet voldoen. Dit kan daartoe lei dat konflik ontstaan tussen 'n bestuurs- en 'n borgliggaam. 'n Borgliggaam kan byvoorbeeld sekere toelatingsvereistes van leerlinge voorstaan wat indruis teen die waardes en norme van die spesifieke gemeenskap.

### 2.6.3 **Staatsubsidiëring**

Wat subsidies betref, bepaal artikel 32 van die **Wet**, dat die minister uit geld wat die Volksraad vir die doel bewillig 'n subsidie aan 'n staatsondersteunde skool kan toeken op die grondslag en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal.

Die voorwaardes vir die verkryging van staatsubsidie is soos volg (TOD, 1993[b]:3):

* Die skoolhoof moet die rekenpligtige beampte van die skool wees.

* Skoolpligtige leerlinge moet, ingevolge artikel 53 van die **Wet** met inagneming van die skolastiese behoeftes/vermoëns van die leerlinge, toegelaat word om die naaste skool aan die ouerhuis by te woon indien hy/sy dit verlang.

* Skole mag nie buitensporige hoë verpligte skoolgeld hef en van ouers wat dit nie kan bekostig, verwag om dit te betaal nie.

* By toelating moet 'n leerling se ouers ingelig word oor die bedrag wat verpligte skoolgeld beloop.

* Leerlinge wie se ouers nie die verpligte skoolgeld betaal nie, mag nie om die rede uit die skool gesit word nie en daar mag ook nie teen sodanige leerlinge gediskrimineer word nie.

* Indien enige van bovermelde voorwaardes nie deur 'n staatsondersteunde skool nagekom word nie, kan die minister die subsidie van sodanige skool staak.

### 2.6.4 Diskriminasie teenoor leerlinge

Tydens 'n telefoniese onderhoud wat met dr KR Paine, uitvoerende direkteur van Onderwys, op Radio 702 gevoer is, het 'n sekere dame beweer dat daar in sekere skole teen leerlinge gediskrimineer word. Sulke leerlinge word geviktimiseer deur personeel en ander leerlinge. In antwoord daarop het dr Paine gesê dat dit onder geen omstandighede mag gebeur nie. Die bestuursliggame moet die saak baie vertroulik hanteer en diskriminasie mag nie plaasvind nie (Paine, 1993[a] : Kassetopname).

Leerlinge wie se ouers nie skoolgeld betaal nie, mag nie om die rede uit die skool gesit word nie en daar mag ook nie teen die leerlinge gediskrimineer word nie (TOD, 1993[b]:3).

Die saak behoort streng vertroulik hanteer te word. Leerlinge is nie veronderstel om te weet watter leerlinge subsidie ontvang nie. Dit is streng gesproke 'n saak tussen die bestuursliggaam en die ouers.

Personeel wat optree as voogde van klasse, moet die saak versigtig hanteer. Dit kan gebeur dat skoolgelde op kompetisiebasis bekom word om sodoende die betaling daarvan te bespoedig, maar in die proses kan daar dalk gediskrimineer word.

## 2.7 Die opvoedkundige verantwoordbaarheid van die bemarking van skole

Vir 'n staatsondersteunde skool kan bemarking nie 'n bysaak wees nie. Dit behoort 'n integrale deel van die breë strategiese beplanning, maar ook van elke detailplan en aksie van 'n staatsondersteunde skool te wees.

Walter (1992 : 4) verklaar dat 'n woordvoerder van die Departement van Onderwys sê dat skole algaande meer op grond van hul bepaalde opvoedingsaard en -peil leerlinge sal lok, in plaas van die natuurlike voedingsgebiede.

Pyper (1992 : 4) verklaar voorts dat twee skole wat presies dieselfde prestasie en gehalte werk lewer, dikwels nie dieselfde reputasie het nie. Die rede is dat die een die beeld van 'n suksesvolle skool aan die publiek oordra en die ander nie.

Die huidige eise vir relevante onderwys, vereis eenvoudig effektiewe bemarking van onderwys deur staatsondersteunde skole. Bemarking van skole kan die volgende insluit:

* 'n bemarkingsbewustheid /-georiënteerdheid by 'n skool se bestuursliggaam en personeel;

* opgeleide bemarkingsorganiseerders by skole;

* 'n aantreklike brosjure vir die skool;

* 'n stel pers-, radio- en televisieadvertensies vir gebruik in die verskillende media om die skool en sy onderwys te bevorder;

* die vestiging van 'n dinamiese beeld van die skool;

* 'n beursskema vir verdienstelike gevalle, en

* die vestiging van 'n erkende plek vir 'n staatsondersteunde skool en sy onderrigstandaard in die ry van opvoedkundige inrigtings in sy gemeenskap (TOD, 1992[b]:26).

### 2.7.1 Implikasies by die bemarking van skole

Indien bogenoemde bemarkingstrategië in aanmerking geneem word, kan dit daartoe lei dat skole van die volgende strategië gebruik kan maak:

* die werwing van talentvolle laerskoolleerlinge by Cravenweek vir laerskole (veral as koshuisakkommodasie beskikbaar is);

* die beskikbaarstelling van sportbeurse;

* individuele kontak met talentvolle laerskoolleerlinge buite hul voedingsgebied, en

* die aanbieding van finansiële hulp in die vorm van gratis onderwys of selfs die aankoop van skooldrag.

Omdat die **Wet** daarvoor voorsiening maak dat voedingsgebiede verval, is bogenoemde wel moontlik. Dit is veral 'n probleem in dorpe en stede waar daar meer as een hoërskool in dieselfde gebied voorkom. Leerlinge kan dus 'gekoop' word en dit moet 'n uitwerking hê op die steeds ontwikkelende kind. 'n Kind tussen die ouderdom van 13 en 17 jaar is nog nie emosioneel volwasse nie en kan dalk hierdie oordrewe belangstelling in hom/haar nie verwerk nie.

Die werwing van leerlinge kan daartoe lei dat daar konflik ontstaan tussen skole en dit lei tot swak verhoudinge tussen personeel en ouers van die verskillende skole.

## 2.8 Buitekurrikulêre betrokkenheid

Die belangrikheid van die deelname aan buitemuurse aktiwiteite kan nie lig geskat word nie. Dit vorm 'n integrale deel van die kind se ontwikkeling tot volwassewording. Indien 'n skool se buitemuurse program afgeskeep word, kan dit lei tot die ondergang van die skool se opvoedingsprogram.

Buitekurrikulêre betrokkenheid bied soveel persoonlike uitdrukkings- en verheffingsmoontlikhede, asook sosiale- en opvoedingsgeleenthede. Massadeelname moet dus aangemoedig word. Sodoende hoef niemand die baie voordele daarvan te ontbeer nie.

### 2.8.1 Die opvoedkundige waarde van buitekurrikulêre aktiwiteite

Alle skole maak baie staat op 'n buitekurrikulêre program omdat daar baie voordele aan verbonde is. Van die belangrikste voordele is dat personeel en leerlinge mekaar beter leer ken en ook die verkryging van ouerbetrokkenheid (TOD, 1990:1).

Dit is belangrik dat leerlinge aan 'n buitekurrikulêre program moet deelneem, maar omdat veelrassige skole bestaan is sommige ouers geneig om hul kinders aan die buitemuurse aktiwiteite te onttrek. Dit kan sekere gevolge vir die kind inhou. Voorts word dus die belangrikheid van die buitekurrikulêre bespreek (Theron & Bothma, 1987:207; Schutte, 1988:72; Du Toit, 1978:58; du Preez, 1991:17):

* Alle leerlinge beskik nie oor die vermoë om in hul gewone skoolwerk te presteer nie. Indien hy/sy aan die buitemuurse program deelneem en presteer, kan hy/sy tot selfuiting kom. Selfuiting is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n gesonde emosionele lewe en 'n ewewigtige persoonlikheid.

* Die buitemuurse aktiwiteite bied ook aan die leerlinge die geleentheid om hulle persoonlikhede en karakter te ontwikkel. Hierdie aktiwiteite lewer eweneens 'n bydrae tot:
  - die bevordering van inisiatief, deursettingsvermoë, analitiese vermoë, oordeel, beslistheid, kommunikasie;
  - die ontwikkelinge van selfvertrou en selfbeeld;

- die aanleer van die lewensles van wen en verloor.

* 'n Leerling leer ook om sy vrye tyd voordelig en verstandig te bestee.

* Dit bied ook ontspanning aan leerlinge. Ontspanning is noodsaaklik vir gesonde emosionele ontwikkeling.

* Dit skep ook die geleentheid vir die ontwikkeling van goeie menseverhoudinge, 'n teelaarde vir gesindheidsvorming veral dalk in meerrassige skole.

* Dit bevorder leerlingleierskap.

* Dit kan ook sosiale aanpassing en vriendskappe bevorder. Daar kan 'n samehorigheidsgevoel ontstaan wat die skool tot 'n eenheid kan bind. Die skoolgees kan dus versterk en positief uitgebou word.

* Goeie verhoudinge, kommunikasie en samewerking tussen personeel en ouers is moontlik.

Na aanleiding van bogenoemde bespreking is dit van essensiële belang dat leerlinge aan die buitemuurse program blootgestel moet word. Die onderwyser as opvoeder het dus 'n taak om leerlinge aan te moedig om deel te neem. Ouers sal dus hiervolgens georiënteer moet word, veral diegene wat weier dat leerlinge aan buitemuurse aktiwiteite mag deelneem. Die standpunt van die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) word vervolgens bespreek.

### 2.8.2 **Sport- en kultuurbeleid**

Die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool besluit, ooreenkomstig met die beleid van die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) self oor deelname aan skoolsport en kultuurbedrywighede van die skool (TOD, 1992[d]:2).

Deelname vind plaas onder die gesagsdekking van die bestuursliggaam. Die bestuursliggaam bepaal in samewerking met die skoolhoof die tipe buitemuurse

bedrywighede van die skool. Hierdie aktiwiteite vind volgens die regering se beleid van niediskriminasie plaas. Leerlinge neem deel met die toestemming van hulle ouers (TOD, 1992[d]:2).

Behoudens die bepaling van artikel 30(2) van die **Wet**, mag die bestuursliggaam van die staatsondersteunde skool fisiese geriewe wat deel uitmaak van die onroerende eiendom van die skool, soos byvoorbeeld die skoolsaal, sportvelde ensovoorts, gratis of teen vergoeding aan buite-instansies beskikbaar stel (DOK, 1992[c] : 8).

Versekering teen publieke en gemeenregtelike aanspreeklikheid op geboue, terrein en voertuie vrywaar die bestuursliggaam teen eise wat mag voortvloei uit ongelukke waarin personeel, leerlinge en die publiek betrokke mag wees. Hierdie aangeleentheid is van groot belang en versekeringsmaatskappye kan genader word om die beste pakket vir 'n bepaalde skool te verkry volgens behoefte (DOK, 1992[b] : 12).

In die huidige grondwet word daar voorsiening gemaak vir dienslewering aan ander bevolkingsgroepe. 'n Bestuursliggaam kan egter nie gedwing word om aan buitekurrikulêre aktiwiteite waarby ander bevolkingsgroepe betrokke is, deel te neem nie (TOD, 1992[b] : 142).

### 2.8.3 **Ouerbetrokkenheid**

Die ouer behoort gedurende sy kind se skooljare volledig betrokke te wees by die formele onderwys wat sy kind by die skool ontvang, meelewing daarmee te hê, dit te ondersteun, te verryk, saam daaroor besluite te neem, diens aan die skool te lewer en die kind so goed as moontlik te bly versorg TOD, 1992[c]:49).

Gebalanseerde ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid by 'n verskeidenheid buitekurrikulêre aktiwiteite moet aangemoedig word (TOD, 1990:5).

Daar is 'n definitiewe plek vir deelname van ouers wat oor besondere gawes of talente beskik en wat in belang van die skoolgemeenskap benut kan word. Ouers kan, byvoorbeeld by kultuuraktiwiteite en as sportafrigters op 'n vrywillige grondslag hulp verleen. So neem ouerbetrokkenheid toe en skep die uiteenlopende aard van die ouers se moontlike bydraes

meer geleenthede om kinders met 'n verskeidenheid belangstellings by buitekurrikulêre aktiwiteite te betrek (TOD, 1990 : 1).

### 2.8.4 **Massadeelname**

Skole behoort 'n balans te handhaaf tussen geleenthede vir algemene deelname en gespesialiseerde items (TOD, 1990 : 9).

Om in sy doel te slaag, bied die skool aan soveel as moontlik leerlinge die geleentheid om deel te neem aan die aktiwiteit(e) van hulle keuse. Dit is die taak van die skool om 'n breë opvoedingsgeleentheid aan die leerlinge in die algemeen te verskaf. Oordrewe intensiewe afrigting waarby slegs 'n klein groepie leerlinge ten koste van die ander betrek word, is dus nie verantwoordbaar nie (TOD, 1990 : 13).

Skole behoort daadwerklike pogings aan te wend om leerlinge in groter getalle by kultuuraktiwiteite te betrek, byvoorbeeld deur die gebruikmaking van skoolkonserte/-operettes, musiek- en toneelopvoerings en die beoefening van sinvolle stokperdjies in groepverband (TOD, 1990 : 14).

Die ontwikkeling van 'n groepsgees en -betrokkenheid kan bevorder word deur massadeelname (TOD, 1990 : 10).

### 2.8.5 **Differensiëring**

Wanneer 'n opvoeder die kind tot spontane gebalanseerde deelname aktiveer, word 'n klimaat geskep waarbinne opvoedingsmomente realiseer; waaruit volg dat daar vir differensiasie voorsiening gemaak sal word, sodat leerlinge die geleentheid gegee word om hulle vermoëns en aanleg tot volle ontwikkeling te laat kom (TOD, 1990 : 3 en 4).

### 2.8.6 **Die verhouding tussen buitekurrikulêre - en kurrikulêre aktiwiteite**

Trofeekompetisies en uitgerekte seisoene verg buitengewone hoë tydinsette, inspanning en gespesialiseerde afrigting en is medeverantwoordelik vir die afname in algemene deelname. Leerlinge sien nie hulle weg oop om soveel tyd aan sekere aktiwiteite te bestee nie (TOD,

1990 : 9).

'n Gesonde balans tussen sport- en kultuuraktiwiteite en kurrikulêre aangeleenthede is 'n vereiste. Onderwysers en leerlinge behoort nie meer as twee middae per week (d.w.s. ongeveer vier ure per week) by buitekurrikulêre aktiwiteite betrek te word nie (TOD, 1989 : 19).

As leerlinge die sin en doel van aktiwiteite insien, sal hulle moontlik meer gemotiveerd wees om betrokke te raak (TOD, 1990 : 14).

### 2.8.7 **Benutting van deelname as opvoedingsgeleentheid**

Omdat die onderwys hom verbind tot die totale opvoeding van elke kind, vorm deelname aan buitekurrikulêre aktiwiteite 'n integrale deel van die opvoedingspoging (TOD, 1990 : 1).

Buitekurrikulêre aktiwiteite bied ook besondere aanknopingspunte vir die onderwyser se opvoedingsbemoeienis met die kind. Op informele wyse word geleenthede vir die oordrag van waardes geskep. Waardes soos naasteliefde, kuisheid, regverdigheid, verdraagsaamheid, vredeliewendheid, eerlikheid, nederigheid, eensgesindheid en dankbaarheid kan tydens die beoefening van 'n buitekurrikulêre aktiwiteit deur die kind geleer word (TOD, 1990 : 3).

Buitekurrikulêre aktiwiteite bied aan leerlinge gesonde moontlikhede vir vryetydsbesteding. Dit leer hulle om deelnemers te wees en voed hulle ook op tot 'n waarderende gehoor vir die kunste en ondersteunders van sport en ander kulturele bedrywighede (TOD, 1990 : 3).

## 2.9 **Die bestuur van rasseverhoudinge**

'n Organisasie wat bekendstaan as 'Aksie volkseie skolesport' in Noord-Transvaal het verklaar dat sport die hakskeensening van 'n volk is en dat die implementering van gemengde sport die begin is van volle integrasie op die laagste moontlike vlak. Die organisasie verklaar voorts dat hulle nie teen skole sal meeding wat meerrassig is nie (Anon., 1991:4).

Na aanleiding van verklarings soos dié en die standpunt van die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) ontstaan daar sekere implikasies, naamlik:

* Blanke staatsondersteunde skole weier deelname teen veelrassige skole.

* Blanke staatsondersteunde skole weier om hul fisiese fasiliteite tot die gerief van veelrassige skole beskikbaar te stel.

* Individue in veelrassige skole onttrek van die buitemuurse aktiwiteite as gevolg van rassediskriminasie.

* Sosiale wanaanpassings in veelrassige skole.

* Leerlinge wil graag deelneem, maar hul ouers weier deelname teen veelrassige skole.

Uit voorafgaande bespreking het dit aan die lig gekom dat die kwessie rondom rasseverhoudinge sterk op die voorgrond tree in die bestuur van 'n staatsondersteunde skool. Die Wet maak voorsiening daarvoor dat enige persoon aansoek mag doen om 'n staatsondersteunde skool by te woon.

Van der Merwe (1993 :4) toon aan dat staatsondersteunde skole net op grond van opvoedkundige kriteria leerlinge vir hul skole mag keur, maar van rasgegronde keuring sal daar geen sprake meer wees nie.

John Rex omskryf rasseverhoudinge as 'n toestand van differensiasie, ongelykheid en pluralisme tussen groepe en daar is 'n moontlikheid dat daar duidelik tussen sulke groepe onderskei kan word op grond van hul fisieke afkoms, hul kultuur of soms slegs hul afkoms (Rex, 1959 : 30).

Die eise wat binne 'n sekere kultuurgroep/gemeenskap aan 'n volwassene in daardie gemeenskap gestel word, verskil by die onderskeie kultuurgemeenskappe. So byvoorbeeld sal 'n blanke Suid-Afrikaner in die twintigste eeu ander eise aan sy kinders stel as wat 'n Zoeloe aan sy kinders stel voordat hy tot die volwassene se wêreld kan toetree (Mattheus, 1991 : 173).

Dit is dus nodig om na aanleiding van bogenoemde sieninge enkele sake rakende rasseverhoudinge te bespreek.

### 2.9.1 **Historiese grondslag van rasseverhoudinge**

Ryan (1992 : 1) wys daarop dat ondervinding bewys het dat multi-etniese gemeenskappe nie op die lang termyn gebalanseerd en demokraties kan funksioneer nie.

Russell (1972 : 172) beweer dat die natuurlike oorsprong en spesifieke karaktertrekke van verskillende rasse gerespekteer moet word omdat taal, wette en temperament drasties verskil.

Booyens (1978 : 261) het in 'n studie oor etnisiteit in Zambië tot die gevolgtrekking gekom dat daar in Zambië op daardie tydstip geen sprake was van nasieskap nie. Volkere het te veel van mekaar verskil en daar was interetniese kompetisie.

Opvoedkundiges dwarsoor die wêreld is van oordeel dat kultuur die onderwys van 'n bepaalde kultuurgroep bepaal. So skryf Zintz (1969 : 50) : 'Education deals with children in culture, and serves the ends of a culture.' Klassen & Golnick (1977 : 3) beweer dat dit die ideaal is om in die onderwys met die verskillende kulture van leerlinge rekening te hou en dat die onderwys die kind moet help om in sy eie groep te ontwikkel.

Navorsing wat gedoen is deur Goody (1977 : 228) het ook aan die lig gebring dat multikulturele onderrig en onderwys wel moontlik is, maar 'n vereiste is dat die verskeidenheid kulture erken moet word en elkeen se lewensuitkyk gerespekteer moet word.

Dit is dus noodsaaklik volgens bogenoemde dat kultuurdifferensie in die onderwys moet plaasvind. Maar hieroor sê Steyn (1984 : 17) dat in lande met multikulturele samestellings, soos die VSA, RSA en Australië is die effektiewe toepassing van kulturele differensiasie egter 'n probleem waarmee daar nog geworstel word.

Uit bogenoemde navorsing en studies is dit duidelik dat multikulturele onderwys 'n probleem is waarmee rekening gehou sal moet word. Met die instelling van staatsondersteunde skole het dit 'n werklikheid geword in Suid-Afrika.

### 2.9.2 Multikulturele onderwys en die voorkoms van rassisme en rassediskriminasie in skole

Kruger en Van Schalkwyk (1992 : 153) verklaar onder andere dat in 'n multikulturele groep daar 'n neiging is tot:

* kulturele groepvorming;
* beklemtoning van verskille;
* vervreemding van verskillende kultuurgroepe;
* groepkonflik en -wrywing, en
* diskriminasie teen die ander en bevoordeling van kultuurgroepe.

Studies sedert 1980 wat in Amerika gemaak is, het bevind dat die meeste gekleurde leerlinge gevind word in sogenaamde 'minority schools'. Daar is ook bevind dat skole wat diens lewer aan gekleurde leerlinge 'n afgewaterde kurrikulum het (Nieto, 1992 : 24).

Onlangse navorsing het getoon dat rassisme 'n invloed het op akademiese sukses, deels omdat emosionele stres bevorder word, wat weer leergemotiveerdheid verminder. Dit is ook bevind dat rasdiskriminasie oor 'n lang tydperk jonger leerlinge meer beïnvloed (Nieto, 1992 : 25).

Verdere navorsing het ook aan die lig gebring dat blanke onderwysers meer aandag gee aan wit leerlinge as aan swart leerlinge. Dit is bevind dat onderwysers blanke leerlinge meer prys, meer vrae aan hulle vra en meer kognitiewe verwagtinge van hulle koester (Nieto, 1992 : 25).

Hobbs (1976 : 80) beskryf die verhouding tussen intelligensie en opvoedbaarheid soos volg: 'Intelligence and educability (all the factors of character, motivation, language skill, etc, which make for success in learning and education) are socially developed or retarded, rather than genetically determined'.

Navorsing wat gedoen is deur Cecile Wright tussen 1982 en 1984 in Engeland het ook getoon dat etniese groepe wat in die minderheid is 'n agterstand het teenoor meerderheidsgroepe in skole. Onderwysers is geneig om teenoor diesulkes te diskrimineer

(Troyna, 1987 : 109).

Bogenoemde studies en navorsing wat gedoen is, toon dat rassisme en rasdiskriminasie wel voorkom in multikulturele skole. Die intensiteit waarmee dit in staatsondersteunde skole voorkom, sal ondersoek moet word.

**2.10 Samevatting**

Die kompleksiteit van die bestuursposisie van die hoof neem dus toe en die vryheidsruimte van die skoolhoof kan verder ingekort word. Die bestuursposisie van die skoolhoof raak ook meer gekompliseerd vanweë die meerdere verantwoordelikheid wat geëis word.

Die skoolhoof van 'n staatsondersteunde skool het nie net een 'baas' soos 'n gewone staatskool nie, maar hy moet verantwoording doen aan :

* die bepaalde onderwysdepartement;
* die bestuursliggaam, en
* die borgliggaam.

Potensiaal vir konflik is geleë in die verwagtinge van die bestuursliggaam en die gepaardgaande druk op die skoolhoof. Dit sal dus 'n groot mate van bestuursvernuf vereis om sulke konflik te hanteer. Hier word dus 'n bykomende stresfaktor vir die skoolhoof ingebou aangesien hy voorheen hoofsaaklik net aan sy werkgewer (die onderwysdepartement) moes verantwoording doen en nou ook te make het met toenemende eise van die bestuursliggaam en bes moontlik ook met die eise van die borgliggaam.

Omdat beide onderwyser en ouer regte en verpligtinge het teenoor die opvoeding van die kind, is samewerking tussen die twee partye van die uiterste belang, want dit veroorsaak 'n besondere verhouding tussen ouer en onderwyser. Die regte en pligte van ouers en onderwysers word omskryf in Wet 70 van 1988 en die regulasies wat vervat is in *Goewermentskennisgewing R2932 van 6 Desember 1991* (Beckman en van der Bank, 1992 : 4).

Dit is duidelik dat afwenteling van gesag na plaaslike gemeenskappe baie sterk figureer. Afgesien van die implisiete positiewe waarde daarvan, kan konflik onstaan vanweë die feit dat die verskillende gesagsterreine wat voorheen duidelik omlyn was, nou moontlik oortree kan word.

Een van die redes wat stres veroorsaak, is verandering. Die mate van stres wat die verandering van openbare skole na staatsondersteunde skole veroorsaak het, sal empiries ondersoek moet word.

Potensiaal vir konflik is ook geleë in staatsondersteunde skole met 'n multikulturele ouergemeenskap. Soos navorsing getoon het, kom rasdiskriminasie en rassekonflik wel voor in meerrassige skole. Die skoolhoof moet die gawe hê om dit te kan beheer. Die bestuurstaak van die hoof het dus uiters gekompliseerd geraak. Die vereistes waaraan skoolhoofde moet voldoen het drasties verander. Die klem het vroeër geval op die hoof se bekwaamheid as onderwyser, maar nou word daar van hom verwag om 'n bekwame bestuurder ook te wees. Hy moet oor die nodige tegniese-, konseptuele- en mensekennis beskik om sy skool doeltreffend te bestuur (DOK, 1992[b]:24).

In hoofstuk 3 gaan die problematiek wat ontstaan het rondom die bestuur van leerlingverwante sake in staatsondersteunde skole empiries ondersoek word om sodoende te bepaal watter bestuursimpliksies die bestuur van leerlingverwante sake in 'n sekondêre staatsondersteunde skool vir die skoolhoof en bestuursliggaam inhou.

# HOOFSTUK 3

## Empiriese ondersoek

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n empiriese ondersoek gedoen om te bepaal wat die bestuursimplikasies van enkele leerlingverwante sake in 'n sekondêre staatsondersteunde skool vir die hoof en bestuursliggaam inhou. Die klem word gelê op daardie leerlingsake wat met die oorskakeling na staatsondersteunde skole problematies van aard is. Aandag word gegee aan die metode van ondersoek sowel as die teikengroep. 'n Empiriese ondersoek word onderneem waarin gebruik gemaak word van 'n gestruktureerde vraelys wat aan hoofde van staatsondersteunde sekondêre skole gestuur is. 'n Empiriese ondersoek word onderneem omdat dit die aangewese navorsingsmetode is om data, ten opsigte van die praktyk in staatsondersteunde sekondêre skole te bekom.

### 3.2 Navorsingsontwerp

### 3.2.1 Die vraelys

### 3.2.1.1 Redes waarom 'n vraelys as meetinstrument verkies is

Daar is om die volgende redes besluit om van vraelyste gebruik te maak (De Wet et al., 1981 : 163; Pietersen, 1988 : 95; Borg & Gall, 1989 : 432 - 433):

* Meer data kan makliker en vinniger ingesamel word.
* Die resultate verkry van vraelyste in meer betroubaar as dié van persoonlike onderhoude, omdat die respondente die geleentheid gegun word om objektiewe response op vrae te bied.
* Persoonlike beïnvloeding word deur die gebruik van vraelyste uitgeskakel.
* Omdat die respondente anoniem bly, bied dit die geleentheid aan die respondent om eerlik te reageer.
* Dit is meer ekonomies om vraelyste te gebruik, omdat reaksie binne 'n relatiewe kort tydperk en redelik goedkoop van respondente verkry word.
* Vraelyste is gestandaardiseer.
* Tabellering van die response vergemaklik die ontleding van die respondente se reaksie.

* 'n Groot aantal respondente kan by die ondersoek betrek word.

Gestruktureerde (geslote) items bied aan die respondente die keuse om te kies uit die antwoorde wat die navorser aan hulle bied (De Wet et al., 1981 : 163). Soms het hierdie vrae slegs aan die respondente die keuse van "ja" of "nee" gebied, terwyl ander alternatiewe, soos "ander (spesifiseer)" ook bygevoeg is. Daar is oor die algemeen van geslote items gebruik gemaak, omdat die eenvormigheid daarvan groter betroubaarheid en makliker tabellering met die oog op die rekenaarkodering bied.

3.2.1.2 **Die struktuur van die vraelys**

Die vraelys (vgl. bylae A) bestaan uit die volgende sewe afdelings:

* Afdeling A : Biografiese inligting (vraag 1.1 - 1.4).
* Afdeling B : Demografiese inligting (vraag 2.1 - 2.8).
* Afdeling C : Toelatingsbeleid (vraag 3.1 - 3.16).
* Afdeling D : Dissiplinering van leerlinge (vraag 4.1 - 4.6).
* Afdeling E : Kurrikulêre aangeleenthede (vraag 5.1 - 5.4).
* Afdeling F : Skoolgelde (vraag 6.1 - 6.3).
* Afdeling G : Buitekurrikulêre aangeleenthede (vraag 7.1 - 7.9).

3.2.2 **Loodsondersoek**

'n Loodsondersoek is gedoen deur voorlopige vraelyste aan die skoolhoofde (n=3) voor te lê. Die doel daarmee was om te bepaal of al die vrae vir al die respondente verstaanbaar en duidelik is. Nadat dit geblyk het dat nie een van die drie skoolhoofde in die loodsondersoek probleme met die vraelyste ondervind het nie, is die vraelys gefinaliseer. Hierdie skoolhoofde is nie as respondente in die finale ondersoek betrek nie.

3.2.3 **Administratiewe prosedures**

Toestemming om vraelyste aan hoofde van skole te stuur, is van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys gevra. (Vgl. bylae C.) Nadat die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in Transvaal toestemming tot die uitstuur van die vraelyste verleen het, is die vraelyste aan die hoofde van sekondêre staatsondersteunde skole wat as teikengroep gedien het, gestuur.

'n Begeleidende brief en gefrankeerde koevert het elke vraelys vergesel. (Vgl. bylae D en bylae E.)

### 3.2.4 **Die teikenpopulasie**

Die teikenpopulasie vir die ondersoek was al die hoofde van sekondêre staatsondersteunde skole in Transvaal. Volgens die statistiekafdeling van die Transvaalse Onderwysdepartement bestaan daar 175 staatsondersteunde Afrikaansmediumskole (dubbelmediumskole is hierby ingesluit), en 76 Engelsmediumskole in Transvaal.

Omdat Afrikaansmedium- en Engelsmediumskole hoofsaaklik verskil ten opsigte van leerlingsamestelling is skoolhoofde op 'n ewekansige gestratifiseerde wyse geselekteer.

Die volgende formule is gebruik om die grootte van die steekproef vir elke stratum te bepaal (Mentz, 1994):

$$n > \frac{N}{1 + \frac{Nd^{2}}{10\ 000}}$$

. n = grootte van steekproef

. N = die populasie

. d = binne 5% - akkuraatheid

Die resultaat soos uit die verwerking van die formule verkry, toon die volgende:

- Afrikaansmediumskole - 122 uit 175 skole.
- Engelsmediumskole - 64 uit 76 skole.
- Alle sekondêre staatsondersteunde skole - 154 uit 251 skole.

'n Ewekansige steekproef van sekondêre skole in Transvaal is vervolgens gedoen. (Vgl. par. 3.2.4.)

### 3.2.5 **Vraelyste uitgestuur en terugontvang**

Die volgende getal vraelyste wat uitgestuur is, is terugontvang:

**Tabel 3.1 : Vraelyste uitgestuur en terugontvang**

| | Uitgestuur | Ontvang | Persentasierespons |
|---|---|---|---|
| Afrikaansmediumskole | 122 | 89 | 72,9 |
| Engelsmediumskole | 64 | 42 | 65,6 |
| Alle skole | 186 | 131 | 70,4 |

Daar is 134 van die 186 vraelyste wat uitgestuur is terugontvang. (Vgl. tabel 3.1.) Drie vraelyste van Engelsmediumskole is onbeantwoord terugontvang. Redes hiervoor kan toegeskryf word aan die sensitiwiteit rondom die politieke situasie in die land tydens die verkiesing.

Die aantal vraelyste wat terugontvang is, verteenwoordig dus 70,4% van dié wat uitgestuur is. Landman (1980 : 112) is van mening dat geldige en betroubare afleidings gemaak kan word as daar minstens 'n respons van 70% is.

### 3.2.6 **Statistiese tegnieke**

Inligting wat verkry is uit die vraelyste is op die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO met behulp van 'n SAS (Statistical Analysis System) rekenaarprogrampakket (SAS Institute Inc., 1985) verwerk. By elke vraag is die frekwensie en persentasie volgens PROC FREC (Frequency procedure) verkry.

## 3.3 **Interpretasie van data**

Alle afleidings wat uit hierdie navorsing gemaak is, geld vir alle staatsondersteunde sekondêre skole in die Transvaalse onderwysdepartement. Ten einde 'n sinvolle ontleding van data te maak, is die biografiese en demografiese gegewens van die respondente ontleed.

### 3.3.1 **Biografiese besonderhede**

Die doel waarvoor biografiese inligting (Vgl. bylae A, vraag 1.1 - 1.4) ingewin is, was om vas te stel of die ouderdom, jare ondervinding, geslag en kwalifikasies van die hoof enige invloed op die bestuur van enkele leerlingsake uitoefen. (Vgl. tabel 3.2.) Die verskillende biografiese indelings word nou kortliks bespreek.

#### 3.3.1.1 **Ouderdom van respondente**

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 1.1) is om te bepaal onder watter ouderdomskategorie skoolhoofde ressorteer. (Vgl. tabel 3.2.)

Dit blyk uit tabel 3.2 dat die meeste hoofde by Afrikaans- sowel as Engelsmediumskole ouer is as 40 jaar (Afrikaansmedium 87,7% en Engelsmediumskole 83,3%). Daar is geen noemenswaardige verskil tussen ouderdomme van hoofde by Engelsmedium- en Afrikaansmediumskole te bespeur nie.

Tabel 3.2 : **Biografiese besonderhede** (f = frekwensie)

| Biografiese besonderhede | | Afrikaans mediumskole | | Engels mediumskole | | Alle skole | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **1.1** | **Ouderdom** | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** |
| | Onder 30 jaar | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| | 31 - 40 | 10 | 11,2 | 7 | 16,7 | 17 | 13,0 |
| | 41 - 49 | 37 | 41,6 | 20 | 47,6 | 57 | 43,5 |
| | 50 - 59 | 41 | 46,2 | 15 | 35,7 | 56 | 42,7 |
| | Ouer as 60 jaar | 1 | 1,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,8 |
| | TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **1.2** | **Jare ondervinding as hoof** | | | | | | |
| | 0 - 1 jaar | 21 | 23,6 | 11 | 26,2 | 32 | 24,4 |
| | 2 - 3 jaar | 11 | 12,4 | 8 | 19,0 | 19 | 14,5 |
| | 4 - 5 jaar | 7 | 7,9 | 5 | 11,9 | 12 | 9,2 |
| | 6 - 7 jaar | 17 | 19,1 | 4 | 9,5 | 21 | 16,0 |
| | Langer as 8 jaar | 33 | 37,0 | 14 | 33,4 | 47 | 35,9 |
| | TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **1.3** | **Onderwysbestuurskwalifikasies** | | | | | | |
| | Geen respons | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 1 | 0,8 |
| | Kursus | 0 | 0,0 | 2 | 4,8 | 2 | 1,5 |
| | Simposium | 6 | 6,7 | 3 | 7,1 | 9 | 6,9 |
| | Onderwysdiploma | 21 | 23,6 | 14 | 33,3 | 35 | 26,7 |
| | B.Ed. | 29 | 32,6 | 11 | 26,2 | 40 | 30,5 |
| | M.Ed. | 16 | 18,0 | 5 | 11,9 | 21 | 16,0 |
| | D.Ed. | 5 | 5,6 | 0 | 0,0 | 5 | 3,8 |
| | Geen | 2 | 2,2 | 1 | 2,4 | 3 | 2,3 |
| | Ander | 10 | 11,3 | 5 | 11,9 | 15 | 11,5 |
| | TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **1.4** | **Geslag** | | | | | | |
| | Manlik | 86 | 96,6 | 34 | 81,0 | 120 | 91,6 |
| | Vroulik | 3 | 3,4 | 8 | 19,0 | 11 | 8,4 |
| | TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |

#### 3.3.1.2 Jare ondervinding as hoof

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 1.2) is om te bepaal hoe ervare die skoolhoof is ten opsigte van hoofskap in die pos wat hy/sy tans beklee. (Vgl. tabel 3.2.)

Dit blyk uit die data (tabel 3.2) dat 51,9% hoofde meer as 5 jaar ervaring as hoof het. Daar is egter 'n redelike persentasie (38,9%) beginnerhoofde (0 - 3 jaar).

Die meeste respondente is dus redelik ervare in die pos as skoolhoof. Omdat daar so baie nuut aangestelde hoofde is (24,4%), sal daar 'n goeie balans wees uit die response wat verkry is.

#### 3.3.1.3 Onderwysbestuurskwalifikasies

Die doel van die vraag is om te bepaal hoeveel van die hoofde 'n onderwysbestuurskwalifikasie besit, en watter spesifieke kwalifikasie verwerf is.

Dit blyk uit die response wat verkry is dat 'n groot persentasie (30,5%) reeds 'n B.Ed.-graad verwerf het. (Vgl. tabel 3.2.) Slegs 2,3% het geen onderwysbestuurskwalifikasies nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat skoolhoofde in die algemeen goed gekwalifiseerd is op die terrein van die onderwysbestuur.

#### 3.3.1.4 Geslag

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 1.4) is om te bepaal wat die verhouding vroulike tot manlike skoolhoofde is.

Volgens tabel 3.2 is 91,6% van die skoolhoofde manlik en 8,4% vroulik.

3.3.1.5 **Profiel van die skoolhoofde ten opsigte van biografiese besonderhede**

Die meeste skoolhoofde is ouer as 40 jaar. (Vgl. 3.3.1.1.) Respondente is oor die algemeen redelik ervare in hul poste. Daar is ook heelwat van die respondente wat nuut in hul poste aangestel is. Die meeste respondente beskik ook oor onderwysbestuurskwalifikasies.

### 3.3.2 Demografiese besonderhede

**Tabel 3.3 : Demografiese besonderhede**

| Demografiese besonderhede | Afrikaans mediumskole | | Engels mediumskole | | Alle skole | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vraag 2** | f | % | f | % | f | % |
| **2.1 Aantal leerlinge in die skool** | | | | | | |
| Minder as 200 leerlinge | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| 201 - 400 | 10 | 11,2 | 4 | 9,5 | 14 | 10,7 |
| 401 - 600 | 20 | 22,5 | 10 | 23,8 | 30 | 22,9 |
| 601 - 800 | 21 | 23,6 | 9 | 21,4 | 30 | 22,9 |
| 801 - 1000 | 28 | 31,5 | 14 | 33,4 | 42 | 32,0 |
| Meer as 1000 leerlinge | 10 | 11,2 | 5 | 11,9 | 15 | 11,5 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **2.2 Ligging van die skool** | | | | | | |
| Nulrespons | 1 | 1,1 | 1 | 2,4 | 2 | 1,5 |
| Stedelik | 37 | 41,6 | 26 | 61,9 | 63 | 48,1 |
| Semistedelik | 23 | 25,8 | 13 | 31,0 | 36 | 27,5 |
| Plattelands | 28 | 31,5 | 2 | 4,7 | 30 | 22,9 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **2.3 Taalmedium van die skool** | | | | | | |
| Nulrespons | 2 | 2,2 | 1 | 2,4 | 3 | 2,3 |
| Engels | 0 | 0,0 | 41 | 97,6 | 41 | 31,3 |
| Afrikaans | 81 | 91,0 | 0 | 0,0 | 81 | 61,8 |
| Dubbelmedium | 6 | 6,8 | 0 | 0,0 | 6 | 4,6 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |

| Demografiese besonderhede | Afrikaans mediumskole | | Engels mediumskole | | Alle skole | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vraag 2** | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** |
| **Tabel 3.3 vervolg**<br>**2.4 Persentasie anderkleuriges in die skool** | | | | | | |
| Geen | 69 | 77,5 | 0 | 0,0 | 69 | 52,7 |
| Minder as 5% | 18 | 20,3 | 3 | 7,0 | 21 | 16,0 |
| 6 - 10% | 1 | 1,1 | 13 | 31,0 | 14 | 10,7 |
| 11 - 20% | 0 | 0,0 | 13 | 31,0 | 13 | 9,9 |
| 21 - 30% | 0 | 0,0 | 9 | 21,4 | 9 | 6,9 |
| 31 - 40% | 1 | 1,1 | 2 | 4,8 | 3 | 2,3 |
| 41 - 50% | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Meer as 50% | 0 | 0,0 | 2 | 4,8 | 2 | 1,5 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **2.5 Persentasie anderkleuriges in koshuise** | | | | | | |
| Nulrespons | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 1 | 0,8 |
| Nie van toepassing nie | 57 | 64 | 26 | 61,8 | 83 | 63,3 |
| Geen | 27 | 30,4 | 2 | 4,8 | 29 | 22,0 |
| Minder as 5% | 3 | 3,4 | 6 | 14,3 | 9 | 6,9 |
| 6 - 10% | 2 | 2,2 | 2 | 4,8 | 4 | 3,1 |
| 11 - 20% | 0 | 0,0 | 3 | 7,1 | 3 | 2,3 |
| 21 - 30% | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 1 | 0,8 |
| 31 - 40% | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| 41 - 50% | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Meer as 50% | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 1 | 0,8 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |

| Demografiese besonderhede | Afrikaans mediumskole | | Engels mediumskole | | Alle skole | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vraag 2** | **f** | **%** | **f** | **%** | **f** | **%** |
| **Tabel 3.3 vervolg**<br>**2.6 Aantal leerlinge wat in 1993 toelating tot die skool geweier is** | | | | | | |
| Nulrespons | 1 | 1,1 | 2 | 4,8 | 3 | 2,3 |
| Geen | 75 | 84,4 | 20 | 47,6 | 95 | 72,5 |
| 1 - 5 | 5 | 5,6 | 10 | 23,6 | 15 | 11,5 |
| 6 - 10 | 6 | 6,7 | 3 | 7,2 | 9 | 6,9 |
| 11 - 20 | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 1 | 0,8 |
| Meer as 20 | 1 | 1,1 | 7 | 16,8 | 8 | 6,0 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **2.7 Aantal regsgedinge wat voortgespruit het na aanleiding van 2.6** | | | | | | |
| Nulrespons | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 1 | 0,8 |
| Nie van toepassing nie | 59 | 66,3 | 16 | 38,1 | 75 | 57,2 |
| Geen | 29 | 32,6 | 26 | 61,9 | 55 | 42,0 |
| 1 - 5 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| 6 - 10 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Meer as 10 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |
| **2.8 Skoolgeld : bydrae per kind per jaar** | | | | | | |
| Minder as 500 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| R501 - R700 | 22 | 24,7 | 0 | 0,0 | 22 | 16,8 |
| R701 - R900 | 44 | 49,5 | 2 | 4,8 | 46 | 35,1 |
| Meer as R900 | 23 | 25,8 | 40 | 95,2 | 63 | 48,1 |
| TOTAAL | 89 | 100 | 42 | 100 | 131 | 100 |

3.3.2.1 **Aantal leerlinge in die skool**

Hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.1) het ten doel om die grootte van die gemiddelde

Afrikaansmedium- en Engelsmediumskole vas te stel. (Vgl. tabel 3.3.)
Slegs 33,6% skole van die teikenpopulasie het minder as 600 leerlinge. Die meeste skole het meer as 600 leerlinge (66,4%).

#### 3.3.2.2 Ligging van die skool

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.2) is om te bepaal in watter gebied die skole geleë is.

Uit tabel 3.3 word die volgende inligting verkry:

In verhouding is daar meer Engelsmediumskole (61,9%) in die stede as Afrikaansmediumskole (41,4%). Die omgekeerde is ook van toepassing. Op die platteland is daar 31,5% Afrikaans- en 4,7% Engelsmediumskole. Indien mens die totale steekproef ontleed, is daar 48,1% skole in stede en 22,9% skole op die platteland. Daar is 27,5% skole in semistedelike gebiede.

Die mees verteenwoordigende skole soos uit die terugvoering blyk, is dus stedelike skole (48,1%).

#### 3.3.2.3 Taalmedium van die skool

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.3) is om vas te stel wat die hoeveelheid Afrikaans- en Engelsmediumskole in die studiepopulasie is.

Volgens tabel 3.3 is daar 31,3% Engelsmediumskole en 61,8% Afrikaansmediumskole in die steekproef betrek. Slegs 4,6% skole is dubbelmediumskole. Bogenoemde syfers stem ooreen met die syfers van die totale studiepopulasie. Die betroubaarheid van die steekproef word hierdeur beklemtoon.

#### 3.3.2.4 Persentasie anderkleuriges in die skool

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.4) is om vas te stel wat die persentasie anderkleuriges in die verskillende skole is. Indien dit bepaal is, kan mens afleidings maak ten opsigte van skoolhoofde se standpunte oor sekere leerlingverwante sake.

Volgens tabel 3.3 is daar 77,5% Afrikaansmediumskole wat geen anderkleurige leerlinge in hul skole het nie. Slegs 20,3% van die skole het 5% en minder anderkleuriges. Daarteenoor het alle Engelsmediumskole anderkleuriges in hul skole. Die meeste Engelsmediumskole het tussen 6 en 30% anderkleuriges. Indien mens alle skole se response evalueer, is daar 52,7% van die skole wat geen anderkleuriges het nie.

Uit bogenoemde kan mens aflei dat anderkleuriges in Transvaal merendeels Engelsmediumskole verkies. Die rede kan moontlik wees dat anderkleuriges in Transvaal merendeels Engels as voertaal verkies.

#### 3.3.2.5 **Anderkleuriges in koshuise**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.5) is om vas te stel wat die persentasie anderkleuriges in koshuise is.

Uit tabel 3.3 word afgelei dat daar slegs 5,6% Afrikaansmediumskole is wat anderkleuriges in hul skole het. Daarteenoor is daar 26,2% Engelsmediumskole wat wel oor anderkleuriges beskik. Slegs 13,9% van alle skole het wel anderkleuriges wat in koshuise inwoon. (Vgl. tabel 3.3.)

#### 3.3.2.6 **Aantal leerlinge wat in 1993 toelating tot die skool geweier is**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.6) is om vas te stel of leerlinge toelating tot skole geweier word.

Volgens tabel 3.3 is daar 14,5% Afrikaansmediumskole wat tussen 1 en 20 leerlinge toelating geweier het. Daarteenoor het 47,6% Engelsmediumskole tussen 1 en 20 leerlinge toelating geweier.

Hieruit kan ons aflei dat Engelsmediumskole heelwat meer leerlinge toelating weier as wat die geval by Afrikaansmediumskole is. Die rede hiervoor kan moonlik toegeskryf word daaraan dat Engelsmediumskole persentasiegewys meer aansoeke van anderkleuriges ontvang.

#### 3.3.2.7 **Aantal regsgedinge wat voortgespruit het na aanleiding van 3.3.2.6**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.7) word gepoog om vas te stel of ouers skole

gedagvaar het indien leerlinge toelating geweier word.

Uit tabel 3.3 kan ons aflei dat geen skool in 'n regsgeding betrokke geraak het omdat toelating van leerlinge geweier is nie.

#### 3.3.2.8 Skoolgeld

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 2.8) is om vas te stel wat die gemiddelde verpligte bydraes is wat ouers per kind moet bydra aan skole.

Tabel 3.3 toon aan dat die meeste Afrikaansmediumskole se verpligte onderriggeld minder as R900 (74,2%) beloop. Slegs 25,8% van die skole se onderriggeld beloop meer as R900. Slegs 4,8% Engelsmediumskole se verpligte onderriggeld is minder as R900, terwyl 95,2% skole meer as R900 verpligte onderriggeld vereis. Indien al die skole in ag geneem word, is daar 48,1% skole wat meer as R900 verpligte skoolgeld vereis.

Uit bogenoemde kan ons aflei dat Engelsmediumskole oor die algemeen heelwat meer verpligte onderriggeld vereis van ouers as wat die geval is by Afrikaansmediumskole.

#### 3.3.2.9 Profiel ten opsigte van demografiese gegewens

Samevattend kan dus wat demografiese gegewens betref, afgelei word dat Engelsmediumskole meer in die stede voorkom as op die platteland. Die neiging bestaan dat anderkleuriges eerder aansoek doen om toelating by Engelsmediumskole as wat dit by Afrikaansmediumskole die geval is. Engelsmediumskole wys meer leerlinge weg wat aansoek doen om toelating, en laastens dat onderriggeld oor die algemeen hoër is by Engelsmediumskole.

Tabel 3.4 : Toelatingsbeleid

| Toelatingsbeleid | Afrikaansmediumskole | | | | | | | | Engelsmediumskole | | | | | | | | Alle skole | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vraag 3 | Nulrespons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nulrespons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nulrespons | | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.1 Skool besit 'n toelatingsbeleid | 1 | 1,1 | 87 | 97,8 | 1 | 1,1 | 89 | 100 | 1 | 0,0 | 42 | 100 | 0 | 0,0 | 42 | 100 | 1 | 0,8 | 129 | 98,4 | 1 | 0,8 | 131 | 100 |
| 3.2 Vereistes van toelatingsbeleid | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ouderdomsvereistes | 4 | 4,5 | 84 | 94,4 | 1 | 1,1 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 42 | 100 | 0 | 0,0 | 42 | 100 | 4 | 3,0 | 126 | 96,2 | 1 | 0,8 | 131 | 100 |
| Minimum Skolastiese peil | 5 | 5,6 | 79 | 88,8 | 5 | 5,6 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 38 | 90,5 | 3 | 7,1 | 42 | 100 | 6 | 4,6 | 117 | 89,3 | 8 | 6,1 | 131 | 100 |
| Taalvereistes | 4 | 4,5 | 84 | 94,4 | 1 | 1,1 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 40 | 95,2 | 1 | 2,4 | 42 | 100 | 5 | 3,8 | 124 | 94,7 | 2 | 1,5 | 131 | 100 |
| Voedingsarea | 13 | 14,6 | 29 | 32,6 | 47 | 52,8 | 89 | 100 | 2 | 4,8 | 19 | 45,2 | 21 | 50,0 | 42 | 100 | 15 | 11,5 | 48 | 36,6 | 68 | 51,9 | 131 | 100 |
| Toelatingseksamen | 8 | 9,0 | 65 | 73,0 | 16 | 18,0 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 39 | 92,8 | 2 | 4,8 | 42 | 100 | 9 | 6,9 | 104 | 79,4 | 18 | 13,7 | 131 | 100 |
| Christelike Nasionale karakter | 6 | 6,7 | 82 | 92,2 | 1 | 1,1 | 89 | 100 | 5 | 11,9 | 21 | 50,0 | 16 | 38,1 | 42 | 100 | 11 | 8,4 | 103 | 78,6 | 17 | 13,0 | 131 | 100 |
| Verbinding tot die etos en reëls | 5 | 5,6 | 84 | 94,4 | 0 | 0,0 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 41 | 97,6 | 1 | 2,4 | 42 | 100 | 5 | 3,8 | 125 | 95,4 | 1 | 0,8 | 131 | 100 |
| Verpligte skoolgeld | 5 | 5,6 | 75 | 84,3 | 9 | 10,1 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 38 | 90,5 | 3 | 7,1 | 42 | 100 | 6 | 4,6 | 113 | 86,2 | 12 | 9,2 | 131 | 100 |
| Handhawing van akademiese standaard | 5 | 5,6 | 78 | 87,6 | 6 | 6,8 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 39 | 92,8 | 2 | 4,8 | 42 | 100 | 6 | 4,6 | 117 | 89,3 | 8 | 6,1 | 131 | 100 |
| 3.3 Weiering van toelating | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Nie van toepassing nie | 58 | 65,2 | 23 | 25,8 | 8 | 9,0 | 89 | 100 | 33 | 78,6 | 3 | 7,1 | 6 | 14,3 | 42 | 100 | 91 | 69,5 | 26 | 19,8 | 14 | 10,7 | 131 | 100 |
| Ouderdom | 20 | 22,5 | 67 | 75,3 | 2 | 2,2 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 39 | 92,8 | 2 | 4,8 | 42 | 100 | 21 | 16,0 | 106 | 80,9 | 4 | 3,1 | 131 | 100 |
| Prestasiepeil | 30 | 33,7 | 48 | 53,9 | 11 | 12,4 | 89 | 100 | 2 | 4,8 | 35 | 83,3 | 5 | 11,9 | 42 | 100 | 32 | 24,4 | 83 | 63,4 | 16 | 12,2 | 131 | 100 |
| Voertaal | 23 | 25,8 | 63 | 70,8 | 3 | 3,4 | 89 | 100 | 4 | 9,5 | 24 | 57,2 | 14 | 33,3 | 42 | 100 | 27 | 20,6 | 87 | 66,4 | 17 | 13,0 | 131 | 100 |
| Ras | 37 | 41,6 | 1 | 1,1 | 51 | 57,3 | 89 | 100 | 7 | 16,7 | 0 | 0,0 | 35 | 83,3 | 42 | 100 | 44 | 33,6 | 1 | 0,8 | 86 | 65,6 | 131 | 100 |
| Voedingsarea | 36 | 40,5 | 13 | 14,6 | 40 | 44,9 | 89 | 100 | 5 | 11,9 | 11 | 26,2 | 26 | 61,9 | 42 | 100 | 41 | 31,3 | 24 | 18,3 | 66 | 50,4 | 131 | 100 |
| Druipelinge van ander skole | 36 | 40,5 | 12 | 13,5 | 41 | 46,0 | 89 | 100 | 6 | 14,3 | 9 | 21,4 | 27 | 64,3 | 42 | 100 | 42 | 32,1 | 21 | 16,0 | 68 | 51,9 | 131 | 100 |

Tabel 3.4 vervolg

| Toelatingsbeleid | | Afrikaansmediumskole | | | | | | | | Engelsmediumskole | | | | | | | | Alle skole | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vraag 3 | | Nulrespons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nulrespons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nulrespons | | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.4 | Toepassing van druk deur instansies | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Nie van toepassing | 9 | 10,1 | 69 | 77,5 | 11 | 12,4 | 89 | 100 | 15 | 35,8 | 19 | 45,2 | 8 | 19,0 | 42 | 100 | 24 | 18,3 | 88 | 67,2 | 19 | 14,5 | 131 | 100 |
| | Borgliggaam | 84 | 94,4 | 0 | 0,0 | 5 | 5,6 | 89 | 100 | 25 | 59,5 | 3 | 7,2 | 14 | 33,3 | 42 | 100 | 109 | 83,2 | 3 | 2,3 | 19 | 14,5 | 131 | 100 |
| | Ouergemeenskap | 82 | 92,2 | 1 | 1,1 | 6 | 6,7 | 89 | 100 | 25 | 59,5 | 6 | 14,3 | 11 | 26,2 | 42 | 100 | 107 | 81,7 | 7 | 5,3 | 17 | 13,0 | 131 | 100 |
| | Politieke party | 84 | 94,4 | 0 | 0,0 | 5 | 5,6 | 89 | 100 | 26 | 61,9 | 0 | 0,0 | 16 | 38,1 | 42 | 100 | 110 | 84,0 | 0 | 0,0 | 21 | 16,0 | 131 | 100 |
| 3.5 | Toelatingseksamen | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Alle nuwe leerlinge | 48 | 53,9 | 19 | 21,3 | 22 | 24,8 | 89 | 100 | 9 | 21,4 | 12 | 28,6 | 21 | 50,0 | 42 | 100 | 57 | 43,5 | 31 | 23,7 | 43 | 32,8 | 131 | 100 |
| | Anderkleuriges | 44 | 49,3 | 33 | 37,2 | 12 | 13,5 | 89 | 100 | 14 | 33,3 | 17 | 40,5 | 11 | 26,2 | 42 | 100 | 58 | 44,3 | 50 | 38,2 | 23 | 17,6 | 131 | 100 |
| | Immigrante | 52 | 58,4 | 28 | 31,5 | 9 | 10,1 | 89 | 100 | 16 | 38,1 | 2 | 4,8 | 24 | 57,1 | 42 | 100 | 68 | 51,9 | 30 | 22,9 | 33 | 25,2 | 131 | 100 |
| | Leerlinge met vreemde voertaal | 46 | 51,7 | 37 | 41,6 | 6 | 6,7 | 89 | 100 | 16 | 38,1 | 2 | 4,8 | 24 | 57,1 | 42 | 100 | 62 | 47,3 | 39 | 29,8 | 30 | 22,9 | 131 | 100 |
| | Leerlinge met swak vorige prestasie | 57 | 64,0 | 16 | 18,0 | 16 | 18,0 | 89 | 100 | 16 | 38,1 | 8 | 19,0 | 18 | 42,9 | 42 | 100 | 73 | 55,7 | 24 | 18,3 | 34 | 26,0 | 131 | 100 |
| 3.6 | Ouderdom van leerlinge in dieselfde klas | 3 | 3,4 | 31 | 34,8 | 55 | 61,8 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 12 | 28,6 | 29 | 69,0 | 42 | 100 | 4 | 3,1 | 43 | 32,8 | 84 | 64,1 | 131 | 100 |
| 3.7 | Ouer leerlinge beïnvloed jonger leerlinge in dieselfde klas | 4 | 4,5 | 69 | 77,5 | 16 | 18,0 | 89 | 100 | 2 | 4,8 | 37 | 88,1 | 3 | 7,1 | 42 | 100 | 6 | 4,6 | 106 | 80,9 | 19 | 14,5 | 131 | 100 |
| 3.8 | Toelating van deeltydse leerlinge | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | Verbetering van akademiese prestasie | 63 | 70,8 | 10 | 11,2 | 16 | 18,0 | 89 | 100 | 27 | 64,2 | 2 | 4,8 | 13 | 31,0 | 42 | 100 | 90 | 68,7 | 12 | 9,2 | 29 | 22,1 | 131 | 100 |
| | Universiteitstoe-lating te verkry | 59 | 66,3 | 14 | 15,7 | 16 | 18,0 | 89 | 100 | 28 | 66,6 | 2 | 4,8 | 12 | 28,6 | 42 | 100 | 87 | 66,4 | 16 | 12,2 | 28 | 21,4 | 131 | 100 |
| | Sportprestasies te verbeter | 66 | 74,2 | 1 | 1,1 | 22 | 24,7 | 89 | 100 | 28 | 66,6 | 1 | 2,4 | 13 | 31,0 | 42 | 100 | 94 | 71,8 | 2 | 1,5 | 35 | 26,7 | 131 | 100 |
| 3.9 | Politiek en bestuursliggaam | 0 | 0,0 | 13 | 14,6 | 76 | 85,4 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 2 | 4,8 | 40 | 95,2 | 42 | 100 | 0 | 0,0 | 15 | 11,5 | 116 | 88,5 | 131 | 100 |
| 3.10 | Toelatingskontrak | 1 | 1,1 | 52 | 58,4 | 36 | 40,5 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 31 | 73,8 | 11 | 26,2 | 42 | 100 | 1 | 0,8 | 83 | 63,4 | 47 | 35,8 | 131 | 100 |

### 3.3.3 Toelatingsbeleid

By die verskillende afdelings van punt 3.3.3 is daar van die respondente verwag om aan te dui wat die toelatingsbeleid by hul skool bepaal. Hiervolgens kan die navorser dan aflei of daar enigsins teen leerlinge ten opsigte van toelatingsbeleid gediskrimineer word.

#### 3.3.3.1 Skool beskik oor 'n toelatingsbeleid

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.1) is om te bepaal of skole wel voorsiening maak vir 'n beleid om toelating van leerlinge te beheer.

Tabel 3.4 toon aan dat:

* 100% Engelsmediumskole in besit is van 'n toelatingsbeleid, terwyl
* 97,8% Afrikaansmediumskole oor so 'n beleid beskik

Hieruit word afgelei dat skole toelating van leerlinge streng beheer en dat skole voldoen aan die vereistes van die wet.

#### 3.3.3.2 Vereistes van toelatingsbeleid

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.2) word gepoog om te bepaal watter toelatingsvereistes skoolhoofde as belangrik beskou by die samestelling van 'n toelatingsbeleid by 'n staatsondersteunde skool.

Die gegewens wat verkry is uit die respons (Vgl. tabel 3.4) toon dat die respondente van die Afrikaansmediumskole die volgende vereistes vir toelating as belangrik beskou:

* Ouderdom (94,4%).
* Taal (94,4%).
* Verbinding tot etos en reëls (94,3%).
* Christelike nasionale karakter (92,2%).
* Minimum skolastiese peil (88,8%).
* Handhawing van akademiese standaard (87,6%).

Die volgende vereistes word as minder belangrik beskou:

* Toelatingseksamen (73%).
* Voedingsarea (32,6%).

Die Engelsmediumskole het soos volg gerespondeer:

* Ouderdom (100%).
* Verbinding tot etos en reëls (97,6%).
* Taal (95,2%).
* Toelatingseksamen (92,8%).
* Handhawing van akademiese standaard (92,8%).
* Minimum Skolastiese peil 90,5%).
* Verpligte skoolgeld (90,5%).

Die volgende vereistes is as minder belangrik beskou:

* Christelike nasionale karakter (50%).
* Voedingsarea (45,2%).

Dit blyk dus onder andere uit die gegewens in tabel 3.4 dat:

* skole oor die algemeen nie voedingsareas vir skole bepaal nie;
* Engelsmediumskole nie die Christelike nasionale karakter van skole as so belangrik beskou as Afrikaansmediumskole nie, en
* Engelsmediumskole 'n toelatingseksamen as belangrik beskou in vergelyking met Afrikaansmediumskole.

3.3.3.3 **Weiering van toelating**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.3) is om te bepaal op grond waarvan word leerlinge toelating tot 'n skool geweier.

Uit tabel 3.4 wil dit voorkom asof leerlinge hoofsaaklik toelating geweier word op grond van die volgende:

* Ouderdom (80,9%).
* Voertaal (66,4%).
* Prestasiepyl (63,4%).

Slegs 1,1% Afrikaansmediumskole sal leerlinge weier op grond van ras. Engelsmediumskole weier leerlinge geensins op grond van ras nie. (Vgl. tabel 3.4.)
Die afleiding kan dus gemaak word dat alle skole nie maklik leerlinge sal toelaat wat te oud vir 'n bepaalde standerd is nie.

3.3.3.4 **Toepassing van druk deur instansies**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.4) word gepoog om vas te stel of daar enige instansies is wat druk op skole uitoefen indien leerlinge toelating tot skole geweier is.

Dit blyk uit tabel 3.4 dat daar by Afrikaansmediumskole weinig druk toegepas word. (Slegs 1,1% druk van die ouergemeenskap). By Engelsmediumskole word daar meer druk toegepas, naamlik:

* ouergemeenskap (14,3%), en die
* borgliggaam (7,2%).

Die afleiding kan dus gemaak word dat Engelsmediumskole meer druk van die gemeenskap ondervind by die toelating van leerlinge as wat by Afrikaansmediumskole die geval is. Die rede hiervoor kan dalk wees omdat hulle meer blootgestel word aan die kwessie rondom veelrassigheid. (Vgl. punt 3.3.2.4.)

3.3.3.5 **Toelatingseksamen**

Die toelating van leerlinge kan beheer word deurdat leerlinge 'n toelatingseksamen moet aflê alvorens toelating verkry kan word. Die doel van vraag 3.5 (Vgl. bylae A) is om te bepaal watter leerlinge wel toelatingseksamens aflê.

Volgens response wat verkry is (Vgl. tabel 3.4), is daar nie noemenswaardige verskil tussen Afrikaans- en Engelsmediumskole nie. Die respons word dus in sy geheel ontleed.

Merendeels die volgende leerlinge skryf toelatingseksamens:

* Anderkleuriges (38,2%).
* Leerlinge met 'n vreemde voertaal (29,8%).

Slegs 23,7% van die respondente laat alle nuwe leerlinge toelatingseksamens aflê (Vgl. tabel 3.4.)

Die afleiding wat gemaak kan word, is dat skole versigtig is om leerlinge uit ander bevolkingsgroepe onvoorwaardelik toe te laat. Die rede hiervoor kan wees dat diesulke leerlinge vanaf ander onderwysdepartemente of privaatskole, ens. afkomstig is.

#### 3.3.3.6 **Ouderdom van leerlinge in dieselfde klas**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.6) is om te bepaal of skole leerlinge toelaat wat aansienlik ouer is as die ander leerlinge in 'n bepaalde klas.

Tabel 3.4 toon aan dat daar bykans geen verskil in die response van Afrikaans- en Engelsmediumskole is nie. Uit tabel 3.4 word verder afgelei dat 64,1% van die respondente dit nie toelaat nie en slegs 32,8% dit wel toelaat.

Ouer leerlinge word dus nie maklik toegelaat nie. Dit korrespondeer met die bevindinge van vraag 3.2 waar daar bevind is dat die ouderdom van leerlinge as 'n belangrike voorvereiste (94,4%) beskou word vir toelating van leerlinge.

#### 3.3.3.7 **Die invloed van ouer leerlinge op jonger leerlinge**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.7) word gepoog om te bepaal of ouer leerlinge 'n invloed het op die ontwikkeling van jonger leerlinge.

Uit tabel 3.4 kom aan die lig dat 80,9% van die respondente voel dat ouer leerlinge wel jonger leerlinge se natuurlike ontwikkeling kan beïnvloed. (Response van Afrikaans- en Engelsmediumskole is saam ontleed, omdat daar weinig verskille voorkom.)
Volgens die respondente behoort leerlinge in dieselfde klas se ouderdomme hoofsaaklik ooreen te stem om die natuurlike ontwikkeling van alle kinders te bevorder. Daarom word ouderdom as een van die belangrikste vereistes (Vgl. vraag 3.2) beskou by die toelating van leerlinge. Die meeste respondente (64,1%) voel ook dat leerlinge in dieselfde klas se ouderdomme hoofsaaklik moet ooreenstem. (Vgl. par. 3.3.3.6.)

#### 3.3.3.8 **Toelating van deeltydse leerlinge**

Die doel van hierdie vraag is om vas te stel of leerlinge wel deeltyds toegelaat word by staatsondersteunde skole.

Tabel 3.4 toon aan dat daar weinig verskille bestaan tussen Afrikaans- en Engelsmediumskole ten opsigte van toelating van deeltydse leerlinge. Deeltydse leerlinge word om die volgende redes toegelaat:

* Universiteitstoelating te verkry (12,2%).
* Verbetering van akademiese prestasie (9,2%).
* Sportprestasies te verbeter (1,5%).

Dit wil voorkom (Vgl. tabel 3.4) asof min skole wel deeltydse leerlinge toelaat uit die nul response wat verkry is.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die meeste skole wat wel deeltydse leerlinge toelaat dit meestal doen om leerlinge die geleentheid te gee om universiteitstoelating te verkry.

#### 3.3.3.9 **Politiek en die bestuursliggaam**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.9) is om vas te stel of politiek 'n rol speel in die besluite van die bestuursliggaam.

Indien mens die response in tabel 3.4 ontleed, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat politiek in Afrikaansmediumskole 'n groter rol speel in die besluite wat geneem word. Die response uit tabel 3.4 is as volg:

* Afrikaansmediumskole (14,6%).
* Engelsmediumskole (4,8%).

Die afleiding wat uit die totale respons gemaak kan word is dat politiek, volgens die skoolhoofde, wel 'n rol speel in besluite wat geneem word deur die bestuursliggaam. Die voorkoms daarvan is baie laag, naamlik 11,5%. (Vgl. tabel 3.4.)

#### 3.3.3.10 **Toelatingskontrak**

Daar word met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 10) beoog om vas te stel of ouers wel 'n toelatingskontrak moet onderteken alvorens toelating verkry word.

Uit response wat verkry is (Vgl. tabel 3.4) is daar 58,4% Afrikaans- en 73,8% Engelsmediumskole waar ouers 'n toelatingskontrak moet onderteken. Engelsmediumskole vereis dus in 'n meerdere mate van ouers om 'n toelatingskontrak te onderteken.

Die afleiding kan dus gemaak word dat by die meeste skole die ouers verplig is om 'n ooreenkoms met die bestuursliggaam aan te gaan. Verbreking van die kontrak kan moontlik lei tot hofsake.

**Tabel 3.5 : Bemarking van skole**

| Bemarking van skole | Afrikaansmediumskole | | | | | | | | Engelsmediumskole | | | | | | | | Alle skole | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vraag 3 | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.11 Metodes van bemarking | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Bemarkingsbrosjure | 8 | 9,0 | 73 | 82,0 | 8 | 9,0 | 89 | 100 | 5 | 11,9 | 23 | 54,8 | 14 | 33,3 | 42 | 100 | 13 | 9,9 | 96 | 73,3 | 22 | 16,8 | 131 | 100 |
| Bemarkings-organiseerders | 22 | 24,7 | 24 | 27,0 | 43 | 48,3 | 89 | 100 | 8 | 19,0 | 8 | 19,0 | 26 | 62,0 | 42 | 100 | 30 | 22,9 | 32 | 24,4 | 69 | 52,7 | 131 | 100 |
| Persadvertensies | 11 | 12,4 | 49 | 55,0 | 29 | 32,6 | 89 | 100 | 2 | 4,8 | 25 | 59,5 | 15 | 35,7 | 42 | 100 | 13 | 9,9 | 74 | 56,5 | 44 | 33,6 | 131 | 100 |
| Radioadvertensies | 23 | 25,8 | 6 | 6,8 | 60 | 67,4 | 89 | 100 | 9 | 21,4 | 0 | 0,0 | 33 | 78,6 | 42 | 100 | 32 | 24,4 | 6 | 4,6 | 93 | 71,0 | 131 | 100 |
| Skool se beeld na buite | 2 | 2,2 | 85 | 95,6 | 2 | 2,2 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 38 | 90,5 | 3 | 7,1 | 42 | 100 | 3 | 2,3 | 123 | 93,9 | 5 | 3,8 | 131 | 100 |
| Beursskemas | 18 | 20,2 | 25 | 28,1 | 46 | 51,7 | 89 | 100 | 6 | 14,3 | 8 | 19,0 | 28 | 66,7 | 42 | 100 | 24 | 18,3 | 33 | 25,2 | 74 | 56,5 | 131 | 100 |
| Persoonlike werwing | 18 | 20,3 | 23 | 25,8 | 48 | 53,9 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 20 | 47,6 | 21 | 50,0 | 42 | 100 | 19 | 14,5 | 43 | 32,8 | 69 | 52,7 | 131 | 100 |

**Tabel 3.6 : Borgliggaam**

| Borgliggaam | Afrikaansmediumskole | | | | | | | | Engelsmediumskole | | | | | | | | Alle skole | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vraag 3 | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.14 Skool besit 'n borgliggaam | 1 | 1,1 | 3 | 3,4 | 85 | 95,5 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 2 | 4,8 | 40 | 95,2 | 42 | 100 | 1 | 0,8 | 5 | 3,8 | 125 | 95,4 | 131 | 100 |
| 3.15 Vereis borgliggaam anderkleuriges | 83 | 93,3 | 0 | 0,0 | 6 | 6,7 | 89 | 100 | 39 | 92,9 | 0 | 0,0 | 3 | 7,1 | 42 | 100 | 122 | 93,1 | 0 | 0,0 | 9 | 6,9 | 131 | 100 |
| Vereis veelrassige deelname | 85 | 94,4 | 0 | 0,0 | 5 | 5,6 | 89 | 100 | 39 | 92,9 | 0 | 0,0 | 3 | 7,1 | 42 | 100 | 123 | 93,9 | 0 | 0,0 | 8 | 6,1 | 131 | 100 |
| Konflik | 84 | 94,4 | 0 | 0,0 | 5 | 5,6 | 89 | 100 | 39 | 92,8 | 1 | 2,4 | 2 | 4,8 | 42 | 100 | 123 | 93,9 | 1 | 0,8 | 7 | 5,3 | 131 | 100 |

### 3.3.4 Bemarking

#### 3.3.4.1 Metodes van bemarking

Die vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.11) is daarop gemik om vas te stel of skole wel van bemarking gebruik maak en indien wel, watter metodes aangewend word.

Die respons (Vgl. tabel 3.5) bring aan die lig dat bemarking van skole wel plaasvind en die volgende metodes van bemarking word mees algemeen gebruik:

| | |
|---|---|
| Afrikaansmediumskole : | Skool se beeld na buite (95,6%).<br>Bemarkingsbrosjure (82%).<br>Persadvertensies (55,2%). |
| Engelsmediumskole : | Skool se beeld na buite (90.5%).<br>Persadvertensies (59.5%).<br>Bemarkingsbrosjure (54,8%).<br>Persoonlike werwing (47,6%). |

Die afleiding kan dus gemaak word dat alle skole (Vgl. tabel 3.5) baie gesteld is op die skool se beeld na buite. Skole maak ook gebruik van beursskemas (Vgl. tabel 3.5), naamlik 28,1% Afrikaans- en 19,0% Engelsmediumskole. Leerlinge word dus by heelwat skole gelok deur finansiële voordele. Die tendens by Engelsmediumskole is dat heelwat leerlinge bekom word deur persoonlike werwing (47,6%). Die afleiding kan dus gemaak word dat daar gevalle is waar ander skole se leerlinge (Afrikaans- en Engelsmediumskole) gewerf word deur ouers, onderwysers of lede van die bestuursliggaam.

### 3.3.5 Borgliggaam

#### 3.3.5.1 Die besit van 'n borgliggaam

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.14) is om te bepaal of skole gebruik maak van borgliggame.

Uit die respons wat verkry is (Vgl. tabel 3.6) maak slegs 1,1% van die Afrikaans- en slegs 4,8% van die Engelsmediumskole gebruik van 'n borgliggaam.

Die afleiding is dus dat baie min skole op hierdie stadium gebruik maak van borgliggame.

3.3.5.2 **Inspraak van die borgliggaam**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.15) word beoog om vas te stel in hoe 'n mate borgliggame vereistes stel aan bestuursliggame van skole met betrekking tot die toelatingsbeleid.

Uit tabel 3.6 is dit duidelik dat borgliggame geen voorwaardes aan skole stel nie. Slegs by 2,4% van die Engelsmediumskole het daar wel konflik tussen die bestuursliggaam en borgliggaam ontstaan. In die lig gesien dat baie min skole gebruik maak van borgliggame (3,8%) is die persentasie konflik relatief hoog.

Tabel 3.7 : Sukses van Staatsondersteunde skole

| | Afrikaansmediumskole | | | | | | | | Engelsmediumskole | | | | | | | | Alle skole | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sukses van staatsondersteunde skole | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | |
| Vraag 3 | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.12 Samewerking tussen hoof en bestuursliggaam | 2 | 2,2 | 84 | 94,4 | 3 | 3,4 | 89 | 100 | 1 | 0,0 | 40 | 95,2 | 2 | 4,8 | 42 | 100 | 2 | 1,5 | 124 | 94,7 | 5 | 3,8 | 131 | 100 |
| 3.13 Verwaarlosing van professionele pligte | 3 | 3,4 | 30 | 33,7 | 56 | 62,9 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 10 | 23,8 | 32 | 76,2 | 42 | 100 | 3 | 2,3 | 40 | 30,5 | 88 | 67,2 | 131 | 100 |
| 3.16 Die sukses van staatsondersteunde skole | 20 | 22,5 | 65 | 73,0 | 4 | 4,5 | 89 | 100 | 4 | 9,5 | 37 | 88,1 | 1 | 2,4 | 42 | 100 | 24 | 18,3 | 102 | 77,9 | 5 | 3,8 | 131 | 100 |

### 3.3.6 **Samewerking tussen hoof en bestuursliggaam**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.12) is om te bepaal of die hoof en die bestuursliggaam met mekaar saamwerk.

Uit tabel 3.7 is dit duidelik dat dit wel die geval is. Geen noemenswaardige verskil is te bespeur tussen Afrikaans- en Engelsmediumskole nie. Uit response wat verkry is, dui 94,7% hoofde aan dat samewerking wel bestaan.

#### 3.3.6.1 **Verwaarlosing van professionele pligte**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.13) word gepoog om vas te stel of die hoof se professionele pligte meer verwaarloos word met die instelling van staatsondersteunde skole.

Tabel 3.7 toon aan dat 33,7% Afrikaans- en 23,8% Engelsmediumskole dit uit die terugvoering bevestig dat hoofde se professionele pligte verwaarloos word. Dit is egter minder as die wat dit ontken, naamlik:

* Engelsmediumskole - (76,2%).
* Afrikaansmediumskole - (62,9%).

Die afleiding wat gemaak word, is dat daar wel 'n aantal hoofde is wat dit bevestig en dit beteken dat hoofde se pligte wel verwaarloos word.

#### 3.3.6.2 **Die sukses van staatsondersteunde skole**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 3.16) is om te bepaal of die staatsondersteunde skoolstelsel 'n sukses is al dan nie.

Uit die respons (Vgl. tabel 3.7) wat verkry is, is dit duidelik dat dit wel 'n sukses is. 'n Groot aantal hoofde by Afrikaansmediumskole het aangedui dat dit 'n sukses is (73%). 'n Beduidende aantal hoofde het nie die vraag beantwoord nie (22,5%). Hoofde by Engelsmediumskole het ook hoofsaaklik aangedui dat dit 'n sukses is (88,1%). Die totale nulrespons was 18,3%.

Uit bogenoemde lei ons af dat in 'n groot mate aanvaar kan word dat hoofde staatsondersteunde skole as 'n sukses beskou. Die hoë nulrespons kan toegeskryf word daaraan dat sekere hoofde nog onseker is of dit 'n sukses is al dan nie.

3.3.7 **Dissiplinering van leerlinge**

3.3.7.1 **Toename in ongedissiplineerdheid**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 4.1) is om te bepaal of ongedissiplineerdheid toegeneem het met die oorskakeling van openbare skole na staatsondersteunde skole.

Tabel 3.8 dui aan dat die oorgrote meerderheid hoofde telkens van mening is dat ouers (82,0% Afrikaans- en 81% Engelsmediumskole) en personeel (85,4% Afrikaans- en 71,4% Engelsmediumskole) se klagtes nie toegeneem het met die oorskakeling van openbare skole na staatsondersteunde skole nie. Die meerderheid is ook van mening dat swak gedrag (84,2% Afrikaans- en 83,3% Engelsmediumskole) en hofsake oor dissplinêre optredes (95,5% Afrikaans- en 97,6% Engelsmediumskole) nie toegeneem het nie. By Engelsmediumskole (28,6%) wil dit voorkom asof personeelklagtes meer voorkom as by Afrikaansmediumskole (10,1%). Die meerderheid skole (Vgl. tabel 3.8) verklaar dat swak gedrag nie toegeneem het nie.

3.3.7.2 **Voorkoms van oortredings**

Met hierdie vraag (Vgl. tabel A, vraag 4.2) word gepoog om vas te stel of die sosio-ekonomiese agtergrond van leerlinge, volgens skoolhoofde se menings, hul gedrag bepaal.

Uit die respons (Vgl. tabel 3.8) wat verkry is dui hoofde by Afrikaansmediumskole (6,8%) en Engelsmediumskole (9,5%) aan dat leerlinge uit 'n hoë inkomstegroep meer dikwels oortree. Hoofde by Afrikaansmediumskole (30,3%) en Engelsmediumskole (35,7%) dui aan dat leerlinge uit 'n lae inkomstegroep meer dikwels oortree. Indien hierdie syfers met mekaar vergelyk word wil dit voorkom asof leerlinge uit 'n lae inkomstegroep meer dikwels oortree (Afrikaansmediumskole 6,8% teenoor 30,3% en Engelsmediumskole 9,5% teenoor 35,7%). Die meerderheid respondente het egter aangetoon dat voorkoms van oortredings nie toegeneem het nie (Afrikaans- 44,9% en 33,7% en Engelsmediumskole 54,8% en 33,2%).

Die afleiding kan dus gemaak word dat die meerderheid skole aantoon dat oortredings nie meer dikwels voorkom nie. Indien oortredings voorkom, bestaan die moontlikheid dat dit meer dikwels voorkom by leerlinge uit 'n lae inkomstegroep.

**Tabel 3.8 : Dissiplinering van leerlinge**

| Dissiplinering van leerlinge | Afrikaansmediumskole | | | | | | | | Engelsmediumskole | | | | | | | | Alle skole | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vraag 4 | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | | Nul-respons | | Ja | | Nee | | Totaal | |
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 4.1 Oorskakeling na staatsondersteunde skole | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ouers se klagtes neem toe | 3 | 3,4 | 13 | 14,6 | 73 | 82,0 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 8 | 19,0 | 34 | 81,0 | 42 | 100 | 3 | 2,3 | 21 | 16,0 | 107 | 81,7 | 131 | 100 |
| Personeel se klagtes neem toe | 4 | 4,5 | 9 | 10,1 | 76 | 85,4 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 12 | 28,6 | 30 | 71,4 | 42 | 100 | 4 | 3,1 | 21 | 16,0 | 106 | 80,9 | 131 | 100 |
| Swak gedrag neem toe | 3 | 3,4 | 11 | 12,4 | 75 | 84,2 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 7 | 16,7 | 35 | 83,3 | 42 | 100 | 3 | 2,3 | 18 | 13,7 | 110 | 84,0 | 131 | 100 |
| Hofsake oor dissiplinêre optrede | 4 | 4,5 | 0 | 0,0 | 85 | 95,5 | 90 | 100 | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 41 | 97,6 | 42 | 100 | 5 | 3,8 | 0 | 0,0 | 126 | 96,2 | 131 | 100 |
| 4,2 Voorkoms van oortredings | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Hoë inkomstegroep | 43 | 48,3 | 6 | 6,8 | 40 | 44,9 | 89 | 100 | 15 | 35,7 | 4 | 9,5 | 23 | 54,8 | 42 | 100 | 58 | 44,3 | 10 | 7,6 | 63 | 48,1 | 131 | 100 |
| Lae inkomstegroep | 32 | 36,0 | 27 | 30,3 | 30 | 33,7 | 89 | 100 | 13 | 31,0 | 15 | 35,7 | 14 | 33,3 | 42 | 100 | 45 | 34,4 | 42 | 32,0 | 44 | 33,6 | 131 | 100 |
| 4.3 Skoolreëls en bestuursliggaam | 1 | 1,1 | 79 | 88,8 | 9 | 10,1 | 89 | 100 | 1 | 2,4 | 24 | 57,1 | 17 | 40,5 | 42 | 100 | 2 | 1,5 | 103 | 78,7 | 26 | 19,8 | 131 | 100 |
| 4.4 Doeltreffende gesagsuitoefening | 3 | 3,4 | 80 | 89,9 | 6 | 6,7 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 41 | 97,6 | 1 | 2,4 | 42 | 100 | 3 | 2,3 | 121 | 92,4 | 7 | 5,3 | 131 | 100 |
| 4.5 Tevredenheid oor dissipline | 2 | 2,2 | 76 | 85,4 | 11 | 12,4 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 37 | 88,1 | 5 | 11,9 | 42 | 100 | 2 | 1,5 | 113 | 86,3 | 16 | 12,2 | 131 | 100 |
| 4.6 Skoolbeleid, skoolreëls en dissipline | 1 | 1,1 | 88 | 98,9 | 0 | 0,0 | 89 | 100 | 0 | 0,0 | 41 | 97,6 | 1 | 2,4 | 42 | 100 | 1 | 0,8 | 129 | 98,4 | 1 | 0,8 | 131 | 100 |

3.3.7.3 **Skoolreëls en die bestuursliggaam**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 4.3) is om vas te stel of die bestuursliggaam van skole help om die dissipline van skole op te bou deur 'n aandeel by die vasstelling van skoolreëls te hê.

Uit tabel 3.8 is dit duidelik dat Afrikaansmediumskole verskil met hul Engelse kollegas. By Afrikaansmediumskole is daar 88,8% skole waar die bestuursliggaam inspraak het in die skoolreëls. By Engelsmediumskole is dit slegs 57,1%.

Die afleiding kan gemaak word dat ouers in Afrikaansmediumskole groter seggenskap het ten opsigte van dissipline in die skole deur 'n aandeel by die vasstelling van skoolreëls te hê. 'n Groot persentasie Engelsmediumskole laat die dissipline oor aan die skool self.

3.3.7.4 **Doeltreffende gesagsuitoefening deur personeel**

Daar word met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 4.4) gepoog om vas te stel of personeel, volgens die skoolhoof se mening, nog doeltreffend gesag kan uitoefen omdat ouers meer inspraakgeleentheid in staatsondersteunde skole het.

Slegs 5,3% (Vgl. tabel 3.8) van die response van alle skole het aangedui dat personeel nie meer doeltreffend gesag kan uitoefen nie. Die oorgrote meerderheid (92,4%) het aangedui dat doeltreffende gesagsuitoefening deur personeel wel moontlik is. Geen noemenswaardige verskil is te bespeur tussen Afrikaans- en Engelsmediumskole nie.

3.3.7.5 **Tevredenheid oor dissipline**

Die vraag (Vgl. bylae A, vraag 4.5) het ten doel om te bepaal of hoofde tevrede is met die dissipline van hulle skole.

Uit die respons wat verkry is, is die meeste hoofde tevrede (86,3%). Daar is tog hoofde wat nie tevrede (12,2%) met die dissipline van hul skool is nie. Geen noemenswaardige verskil bestaan tussen Afrikaans- en Engelsmediumskole aangaande hierdie aangeleentheid nie.

Die afleiding kan gemaak word dat hoofde wat nie tevrede is nie 'n baie hoë standaard ten opsigte van handhawing van dissipline stel, en dat hulle glo daar is ruimte vir verbetering.

Dit wil verder voorkom asof dissiplinering van leerlinge nie te veel probleme in staatsondersteunde skole skep nie.

#### 3.3.7.6 **Skoolbeleid en skoolreëls**

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 4.6) is om vas te stel of elke skool se skoolbeleid duidelike riglyne bevat oor skoolreëls en skooldissipline.

Uit die response (Vgl. tabel 3.8) is dit duidelik dat verreweg die meeste skole van die studiepopulasie duidelike riglyne oor skoolreëls en -dissipline bevat. Geen merkbare verskil bestaan tussen Engels- en Afrikaansmediumskole nie.

Die rede hoekom daar dus nie veel dissiplinêre oortredings (Vgl. punt 3.3.7.5) voorkom nie, is toe te skryf aan streng dissipline wat deur middel van duidelike skoolreëls in skole gehandhaaf word.

### 3.3.8 **Kurrikulêre aangeleenthede**

Met die oorskakeling van gewone openbare skole na staatsondersteunde skole is daar meer mag toegeken aan die bestuursliggaam. Met hierdie afdeling (punt 3.3.8) word gepoog om vas te stel in hoe 'n mate die bestuursliggaam inmeng in die professionele aangeleenthede van die skool.

Ter wille van die ontleding van die response is afleiers 1 en 2 (altyd en dikwels) saamgevoeg en beskryf as 'merendeels' en afleiers 3 en 4 (selde en nooit) as 'in 'n mindere mate'.

**Tabel 3.9 : Afrikaansmediumskole - kurrikulêre aangeleenthede**

| Kurrikulêre aangeleenthede | | Nul-respons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 5 | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.1 | Inmenging van die bestuursliggaam | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 7 | 7,9 | 31 | 34,9 | 48 | 53,9 | 2 | 2,2 | 89 | 100 |
| 5.2 | Tevredenheid met kurrikulum | 1 | 1,1 | 56 | 62,9 | 24 | 27,0 | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 7 | 7,9 | 89 | 100 |
| 5.3 | Beïnvloeding van onderrigtyd | 6 | 6,7 | 4 | 4,5 | 5 | 5,6 | 8 | 9,0 | 23 | 25,8 | 43 | 48,4 | 89 | 100 |

**Tabel 3.10 : Engelsmediumskole - kurrikulêre aangeleenthede**

| Kurrikulêre aangeleenthede | | Nul-respons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 5 | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.1 | Inmenging van die bestuursliggaam | 1 | 2,4 | 1 | 2,4 | 4 | 9,5 | 14 | 33,3 | 21 | 50,0 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |
| 5.2 | Tevredenheid met kurrikulum | 0 | 0,0 | 11 | 26,2 | 18 | 42,8 | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 12 | 28,6 | 42 | 100 |
| 5.3 | Beïnvloeding van onderrigtyd | 2 | 4,8 | 1 | 2,4 | 1 | 2,4 | 5 | 11,8 | 10 | 23,8 | 23 | 54,8 | 42 | 100 |

**Tabel 3.11 : Alle skole - kurrikulêre aangeleenthede**

| Kurrikulêre aangeleenthede | | Nul-respons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 5 | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.1 | Inmenging van die bestuursliggaam | 2 | 1,5 | 1 | 0,8 | 11 | 8,4 | 45 | 34,4 | 69 | 52,6 | 3 | 2,3 | 131 | 100 |
| 5.2 | Tevredenheid met kurrikulum | 1 | 0,8 | 67 | 51,1 | 42 | 32,1 | 2 | 1,5 | 0 | 0,0 | 19 | 14,5 | 131 | 100 |
| 5.3 | Beïnvloeding van onderrigtyd | 8 | 6,1 | 5 | 3,8 | 6 | 4,6 | 13 | 9,9 | 33 | 25,2 | 66 | 50,4 | 131 | 100 |

3.3.8.1 **Inmenging van die bestuursliggaam**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 5.1) is om vas te stel of daar inmenging plaasvind ten opsigte van kurrikulêre aangeleenthede by die skool.

Uit die respons wat verkry is in tabelle 3.9, 3.10 en 3.11 is dit duidelik dat bestuursliggame in 'n mindere mate inmeng in die professionele aangeleenthede van die skool. Daar is tog gevalle waar daar in 'n mindere mate ingemeng word (Vgl. tabel 3.9, 3.10 en 3.11.) By Afrikaansmediumskole word daar 7,9% en by Engelsmediumskole 11,9% tot 'n meerdere mate ingemeng.

Hieruit lei mens af dat daar tog by sekere skole deur die bestuursliggaam in 'n mindere mate ingemeng word op die professionele terrein van die skoolhoof. Die meeste skole toon aan dat daar merendeels nie deur die bestuursliggaam ingemeng word nie.

3.3.8.2 **Tevredenheid met die kurrikulum**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 5.2) word gepoog om vas te stel of bestuursliggame, na die skoolhoof se mening, tevrede is met die kurrikulum.

Die gegewens verkry uit die respons (Vgl. tabel 3.11) toon die respondente aan dat bestuursliggame meerendeels tevrede is met die samestelling van die kurrikulum (83,2%).

Bogenoemde word ook gestaaf deur die response verkry uit vraag 5.4 (Vgl. bylae A). Die bestuursliggame het geen vakke bykomend tot die kurrikulum gevoeg nie. In die gevalle waar vakke wel bygevoeg is, is dit gedoen met die inisiatief van die hoof en die personeel. Die vakke wat wel bygevoeg is, is vakke wat deel is van die kurrikulum soos deur die Transvaalse Onderwysdepartment voorgeskryf.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die breë kurrikulum wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangebied word op hierdie stadium voldoende blyk te wees.

3.3.8.3 **Beïnvloeding van onderrigtyd**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 5.3) is om vas te stel of vakke wat bykomend tot die kurrikulum gevoeg is, onderrigtyd van bestaande vakke beïnvloed.

Vakke wat wel bygevoeg is, is vakke soos, rekenaarstudie, tegniese tekene ensovoorts. Hierdie vakke is deel van die kurrikulum wat die Transvaalse Onderwysdepartement voorskryf. Bestuursliggame het geen vakke bykomend tot die kurrikulum gevoeg nie. Omdat daar geen vakke bykomend tot die kurrikulum gevoeg is nie (Vgl. punt 3.3.8.2) is hierdie vraag nie van toepassing nie. Uit die respons (Vgl. tabel 3.11) is dit duidelik dat die meeste respondente aangedui het dat die vraag nie van toepassing is nie.

### 3.3.9 **Skoolgeld**

Die instelling van staatsondersteunde skole het veroorsaak dat ouers verantwoordelik is vir die geldelike ondersteuning van sy kind. By die onderskeie afdelings van punt 3.3.9 gaan daar gepoog word om vas te stel of daar enige vorm van diskriminasie bestaan teen leerlinge wie se ouers nie verpligte skoolgelde wil betaal nie.

#### 3.3.9.1 **Toepassing van druk op leerlinge**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 6.1) is om vas te stel of daar enigsins, na die skoolhoof se mening, druk toegepas word op leerlinge sodat hulle skoolgelde moet betaal.

Tabel 3.12 toon aan dat respondente van Afrikaansmediumskole merendeels van die volgende metodes gebruik maak om ouers te beweeg om skoolgelde te betaal:

Aanmaning aan ouers 91,1%.
Telefoniese kontak 66,3%.

Tabel 3.13 toon aan dat respondente van Engelsmediumskole merendeels van die volgende metodes gebruik maak:

Aanmaning aan ouers 85,7%.
Telefoniese kontak 59,6%.
Persoonlike kontak 52,4%.

Die respondente gebruik die volgende metodes in 'n mindere mate:

| | Afrikaansmediumskool | Engelsmediumskool |
|---|---|---|
| Personeel spreek leerlinge aan | 70,8% | 85,6% |
| Klas ontvang beloning | 77,6% | 76,2% |
| Hoof spreek leerlinge aan | 78,7% | 83,3% |
| Leerlinge pas op mekaar druk toe | 82,1% | 92,8% |
| Uitsetting uit die skool | 82,1% | 92,8% |
| Aanmaning deur prokureurs | 57,3% | 66,7% |

(Vgl. tabel 3.12, 3.13.)

Daar is 'n geringe aantal skole wat wel klasse teen mekaar laat meeding in die vorm van 'n beloning wat die klas ontvang. Tabel 3.14 toon aan dat 7,6% van die respondente 'n aanduiding van merendeels gegee het dat klasse wel belonings ontvang.

Daar kan dus afgelei word dat skole oor die algemeen selde druk toepas op leerlinge om skoolgelde in te vorder. Daar is wel skole wat druk in 'n mindere mate op leerlinge toepas.

### 3.3.9.2 **Bekendheid van leerlinge wat subsidies ontvang**

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 6.2) is om na die skoolhoof se mening te bepaal aan wie leerlinge wat staatsubsidies ontvang bekend is.

Tabel 3.12 toon aan dat leerlinge wat subsidies ontvang by Afrikaansmediumskole merendeels aan die volgende persone bekend is:

Die hoof (95,5%).
Adjunkhoof (71,9%).
Bestuursliggaam (56,2%).
Klasvoogde (51,7%).

Leerlinge is aan die volgende persone in 'n mindere mate bekend:
Alle leerlinge (76,4%).
Alle persone (67,4%).

Uit tabel 3.13 lei ons af dat leerlinge wat subsidies ontvang van Engelsmediumskole merendeels aan die volgende persone bekend is:

Die hoof (97,6%).
Die bestuursliggaam (71,4%).
Adjunkhoof (54,8%).

Leerlinge van Engelsmediumskole is aan die volgende persone in 'n mindere mate bekend:

Die klasvoogde (97,6%).
Alle leerlinge (76,2%).
Alle personeel (71,4%).

Die afleiding kan dus gemaak word dat, na die skoolhoofde se menings, daar dus in Engelsmediumskole minder mense is wat weet watter leerlinge staatsubsidies ontvang. Volgens tabel 3.14 is baie min leerlinge (3,1%) wat subsidies ontvang, bekend aan ander leerlinge van die skool. Daar word dus nie maklik deur genoemde persone teen leerlinge gediskrimineer wat staatsubsidies ontvang nie.

**Tabel 3.12 : Afrikaansmediumskole - skoolgeld**

| Skoolgeld Vraag 6 | Nul-respons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| 6.1 Toepassing van druk op leerlinge | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| Personeel spreek leerlinge aan | 4 | 4,5 | 6 | 6,7 | 10 | 11,3 | 15 | 16,9 | 48 | 53,9 | 6 | 6,7 | 89 | 100 |
| Klas ontvang beloning | 5 | 5,6 | 2 | 2,2 | 5 | 5,6 | 3 | 3,4 | 66 | 74,2 | 8 | 9,0 | 89 | 100 |
| Hoof spreek leerlinge aan | 4 | 4,5 | 3 | 3,4 | 6 | 6,7 | 14 | 15,8 | 56 | 62,9 | 6 | 6,7 | 89 | 100 |
| Leerlinge pas druk op mekaar toe | 6 | 6,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 14 | 15,7 | 59 | 66,4 | 10 | 11,2 | 89 | 100 |
| Uitsetting uit die skool | 6 | 6,7 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 73 | 82,1 | 10 | 11,2 | 89 | 100 |
| Aanmaning aan ouers | 1 | 1,1 | 50 | 56,3 | 31 | 34,8 | 6 | 6,7 | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 89 | 100 |
| Telefoniese kontak | 3 | 3,4 | 22 | 24,7 | 37 | 41,6 | 16 | 18,0 | 10 | 11,2 | 1 | 1,1 | 89 | 100 |
| Persoonlike kontak | 2 | 2,2 | 16 | 18,0 | 23 | 25,8 | 30 | 33,7 | 15 | 16,9 | 3 | 3,4 | 89 | 100 |
| Aanmaning deur prokureurs | 4 | 4,5 | 13 | 14,6 | 18 | 20,2 | 39 | 43,8 | 12 | 13,5 | 3 | 3,4 | 89 | 100 |
| 6.2 Bekendheid van leerlinge wat subsidies ontvang | | | | | | | | | | | | | | |
| Skoolhoof | 3 | 3,4 | 74 | 83,1 | 11 | 12,4 | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 89 | 100 |
| Adjunkhoof | 9 | 10,1 | 43 | 48,3 | 21 | 23,6 | 15 | 16,9 | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 89 | 100 |
| Klasvoogde | 10 | 11,2 | 33 | 37,1 | 13 | 14,6 | 18 | 20,2 | 12 | 13,5 | 3 | 3,4 | 89 | 100 |
| Alle personeel | 17 | 19,1 | 4 | 4,5 | 3 | 3,4 | 21 | 23,6 | 39 | 43,8 | 5 | 5,6 | 89 | 100 |
| Die bestuursliggaam | 8 | 9,0 | 36 | 40,4 | 14 | 15,8 | 20 | 22,5 | 9 | 10,1 | 2 | 2,2 | 89 | 100 |
| Alle leerlinge | 17 | 19,1 | 1 | 1,1 | 3 | 3,4 | 61 | 68,5 | 7 | 7,9 | 0 | 0,0 | 89 | 100 |
| 6.3 Fondsinsameling | | | | | | | | | | | | | | |
| Donasielyste | 5 | 5,6 | 10 | 11,2 | 17 | 19,2 | 40 | 44,9 | 13 | 14,6 | 4 | 4,5 | 89 | 100 |
| Borgvorms | 4 | 4,5 | 10 | 11,2 | 21 | 23,6 | 43 | 48,4 | 9 | 10,1 | 2 | 2,2 | 89 | 100 |
| Kompetisies | 3 | 3,4 | 11 | 12,4 | 34 | 38,2 | 37 | 41,5 | 4 | 4,5 | 0 | 0,0 | 89 | 100 |
| Leerlinge word nie betrek nie | 58 | 65,0 | 3 | 3,4 | 3 | 3,4 | 7 | 7,9 | 3 | 3,4 | 15 | 16,9 | 89 | 100 |

Tabel 3.13 : Engelsmediumskole - skoolgeld

| Skoolgeld Vraag 6 | | Nul-respons | | Merendeels Altyd | | Merendeels Dikwels | | Mindere mate Selde | | Mindere mate Nooit | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Toepassing van druk op leerlinge | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| | Personeel spreek leerlinge aan | 2 | 4,8 | 1 | 2,4 | 2 | 4,8 | 5 | 11,8 | 31 | 73,8 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |
| | Klas ontvang beloning | 4 | 9,5 | 2 | 4,8 | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 32 | 76,2 | 3 | 7,1 | 42 | 100 |
| | Hoof spreek leerlinge aan | 2 | 4,8 | 1 | 2,4 | 4 | 9,5 | 10 | 23,8 | 25 | 59,5 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| | Leerlinge pas druk op mekaar toe | 2 | 4,8 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 3 | 7,1 | 36 | 85,7 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |
| | Uitsetting uit die skool | 2 | 4,8 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 38 | 90,4 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |
| | Aanmaning aan ouers | 0 | 0,0 | 22 | 52,4 | 14 | 33,3 | 5 | 11,9 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |
| | Telefoniese kontak | 0 | 0,0 | 12 | 28,6 | 13 | 31,0 | 14 | 33,3 | 3 | 7,1 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| | Persoonlike kontak | 0 | 0,0 | 7 | 16,7 | 15 | 35,7 | 18 | 42,8 | 2 | 4,8 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| | Aanmaning deur prokureurs | 1 | 2,4 | 6 | 14,2 | 7 | 16,7 | 21 | 50,0 | 7 | 16,7 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| 6.2 | Bekendheid van leerlinge wat subsidies ontvang | | | | | | | | | | | | | | |
| | Skoolhoof | 0 | 0,0 | 40 | 95,2 | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| | Adjunkhoof | 3 | 7,1 | 15 | 35,8 | 8 | 19,0 | 7 | 16,7 | 5 | 11,9 | 4 | 9,5 | 42 | 100 |
| | Klasvoogde | 5 | 11,8 | 1 | 2,4 | 2 | 4,8 | 6 | 14,3 | 23 | 54,8 | 5 | 11,9 | 42 | 100 |
| | Alle personeel | 5 | 11,8 | 1 | 2,4 | 1 | 2,4 | 3 | 7,1 | 27 | 64,4 | 5 | 11,9 | 42 | 100 |
| | Die bestuursliggaam | 1 | 2,4 | 26 | 61,9 | 4 | 9,5 | 6 | 14,3 | 3 | 7,1 | 2 | 4,8 | 42 | 100 |
| | Alle leerlinge | 5 | 11,9 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 32 | 76,2 | 5 | 11,9 | 42 | 100 |
| 6.3 | Fondsinsameling | | | | | | | | | | | | | | |
| | Donasielyste | 3 | 7,1 | 0 | 0,0 | 8 | 19,0 | 17 | 40,5 | 14 | 33,4 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| | Borgvorms | 4 | 9,5 | 0 | 0,0 | 5 | 11,9 | 19 | 45,3 | 14 | 33,3 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| | Kompetisies | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 15 | 35,7 | 18 | 42,8 | 7 | 16,7 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |
| | Leerlinge word nie betrek nie | 22 | 52,3 | 2 | 4,8 | 7 | 16,7 | 0 | 0,0 | 4 | 9,5 | 7 | 16,7 | 42 | 100 |

Tabel 3.14 : Alle skole - skoolgeld

| Skoolgeld<br>Vraag 6 | | Nul-respons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| 6.1 | Toepassing van druk op leerlinge | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| | Personeel spreek leerlinge aan | 6 | 4,6 | 7 | 5,3 | 12 | 9,2 | 20 | 15,3 | 79 | 60,3 | 7 | 5,3 | 131 | 100 |
| | Klas ontvang beloning | 9 | 6,9 | 4 | 3,0 | 6 | 4,6 | 3 | 2,3 | 98 | 74,8 | 11 | 8,4 | 131 | 100 |
| | Hoof spreek leerlinge aan | 6 | 4,6 | 4 | 3,1 | 10 | 7,6 | 24 | 18,3 | 81 | 61,8 | 6 | 4,6 | 131 | 100 |
| | Leerlinge pas druk op mekaar toe | 8 | 6,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 17 | 13,0 | 95 | 72,5 | 11 | 8,4 | 131 | 100 |
| | Uitsetting uit die skool | 8 | 6,1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 0,8 | 111 | 84,7 | 11 | 8,4 | 131 | 100 |
| | Aanmaning aan ouers | 1 | 0,8 | 72 | 55,0 | 45 | 34,2 | 11 | 8,4 | 1 | 0,8 | 1 | 0,8 | 131 | 100 |
| | Telefoniese kontak | 3 | 2,3 | 34 | 26,0 | 50 | 38,2 | 30 | 22,8 | 13 | 9,9 | 1 | 0,8 | 131 | 100 |
| | Persoonlike kontak | 2 | 1,5 | 23 | 17,6 | 38 | 29,0 | 48 | 36,6 | 17 | 13,0 | 3 | 2,3 | 131 | 100 |
| | Aanmaning deur prokureurs | 5 | 3,8 | 19 | 14,5 | 25 | 19,1 | 60 | 45,8 | 19 | 14,5 | 3 | 2,3 | 131 | 100 |
| 6.2 | Bekendheid van leerlinge wat subsidies ontvang | | | | | | | | | | | | | | |
| | Skoolhoof | 3 | 2,2 | 114 | 87,0 | 12 | 9,2 | 1 | 0,8 | 1 | 0,8 | 0 | 0,0 | 131 | 100 |
| | Adjunkhoof | 12 | 9,2 | 58 | 44,3 | 29 | 22,1 | 22 | 16,8 | 6 | 4,6 | 4 | 3,0 | 131 | 100 |
| | Klasvoogde | 15 | 11,5 | 34 | 26,0 | 15 | 11,5 | 24 | 18,2 | 35 | 26,7 | 8 | 6,1 | 131 | 100 |
| | Alle personeel | 22 | 16,8 | 5 | 3,8 | 4 | 3,1 | 24 | 18,3 | 66 | 50,4 | 10 | 7,6 | 131 | 100 |
| | Die bestuursliggaam | 9 | 6,9 | 62 | 47,3 | 18 | 13,7 | 26 | 19,8 | 12 | 9,2 | 4 | 3,1 | 131 | 100 |
| | Alle leerlinge | 22 | 16,8 | 1 | 0,8 | 0 | 0,0 | 3 | 2,3 | 93 | 71,0 | 12 | 9,1 | 131 | 100 |
| 6.3 | Fondsinsameling | | | | | | | | | | | | | | |
| | Donasielyste | 8 | 6,1 | 10 | 7,6 | 25 | 19,1 | 57 | 43,5 | 27 | 20,6 | 4 | 3,1 | 131 | 100 |
| | Borgvorms | 8 | 6,1 | 10 | 7,6 | 26 | 19,8 | 62 | 47,3 | 23 | 17,7 | 2 | 1,5 | 131 | 100 |
| | Kompetisies | 4 | 3,0 | 11 | 8,4 | 49 | 37,4 | 55 | 42,0 | 11 | 8,4 | 1 | 0,8 | 131 | 100 |
| | Leerlinge word nie betrek nie | 80 | 61,2 | 5 | 3,8 | 10 | 7,6 | 7 | 5,3 | 7 | 5,3 | 22 | 16,8 | 131 | 100 |

3.3.9.3 **Fondsinsameling**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 6.3) word gepoog om, volgens die skoolhoof se mening, vas te stel of leerlinge betrek word by die verkryging van fondse vir die skool.

Uit die response wat volgens tabel 3.12 verkry is maak Afrikaansmediumskole merendeels van die volgende metodes gebruik, naamlik:

Kompetisies (50,6%).
Borgvorms (34,8%).
Donasielyste (30,4%).

Volgens tabel 3.13 maak Engelsmediumskole merendeels van die volgende insamelingspogings gebruik:

Kompetisies (35,7%).
Donasielyste (19,0%).
Borgvorm (11,9%).

Uit die gegewens wat uit response op vraag 6.3 (Vgl. bylae A) verkry is, is dit duidelik dat Afrikaansmediumskole meer gebruik maak van fondsinsamelingsprojekte as Engelsmediumskole. Indien mens punt 3.3.2.8 in gedagte hou kan mens aflei dat Engelsmediumskole waarskynlik meer staat maak op verpligte onderriggeld.

3.3.9.4 **Gevolgtrekking**

Resultate wat uit response van hierdie afdeling verkry is dui daarop dat daar in 'n mindere mate teen leerlinge gediskriminineer word by die verkryging van skoolgeld. Daar is wel die moontlikheid dat daar by enkele skole gediskrimineer kan word.

3.3.10 **Buitekurrikulêre aangeleenthede**

Buitekurrikulêre betrokkenheid vorm 'n integrale deel van die kind se ontwikkeling tot volwassewording. Indien 'n skool se buitekurrikulêre program afgeskeep word, kan dit lei tot wanaanpassing van die individue in die skool (Vgl. punt 2.8). Met hierdie afdeling word dus

gepoog om vas te stel of sekere leerlinge die reg ontsê word om aan die buitemuurse program deel te neem.

3.3.10.1 **Veelrassige deelname**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 7.1) is om vas te stel of skole in een of ander vorm van buitemuurse aktiwiteit teen veelrassige skole deelneem.

Dit wil voorkom uit response wat verkry is (Vgl. tabel 3.15) dat Afrikaansmediumskole minder (59,5%) veelrassig deelneem as wat die geval is by Engelsmediumskole (100%). 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat Engelsmediumskole oor die algemeen meer anderkleurige leerlinge toelaat tot hul skole. (Vgl. vraag 2.4, tabel 3.3.)

3.3.10.2 **Onttrekking van leerlinge deur ouers**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 7,2) is om vas te stel of ouers leerlinge die reg ontsê van veelrassige deelname.

Uit response wat verkry (Vgl. tabel 3.17) is, is dit duidelik dat ouers merendeels nie leerlinge weier tot deelname nie. Slegs 6,1% ouers weier veelrassige deelname. Die tendens kom merendeels by Afrikaansmediumskole voor (7,9%), as wat die geval is by Engelsmediumskole (2,4%).

3.3.10.3 **Inskakeling van anderkleuriges**

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 7.3) word gepoog om vas te stel of anderkleuriges gemaklik inskakel by die buitemuurse program van 'n skool.

Die response wat verkry (Vgl. tabel 3.15) is, dui daarop dat anderkleuriges in Afrikaansmediumskole in 'n mindere mate inskakel (30,4%) as wat dit die geval is by Engelsmediumskole (4,8%). 'n Moontlike verklaring is dat daar min anderkleuriges in Afrikaansmediumskole is (Vgl. tabel 3.3, vraag 2.4). Leerlinge in Afrikaansmediumskole is minder blootgestel aan rasseverskeidenheid; daarom skakel anderkleuriges moeiliker by Afrikaansmediumskole in. (Vgl. punt 2.9.2.)

**Tabel 3.15 : Afrikaansmediumskole - buitekurrikulêre aangeleenthede**

| Buitekurrikulêre aangeleenthede | | Nulrespons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 7 | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7.1 | Veelrassige deelname | 1 | 1,1 | 13 | 14,6 | 40 | 44,9 | 29 | 32,6 | 3 | 3,4 | 3 | 3,4 | 89 | 100 |
| 7.2 | Ouers onttrek leerlinge van veelrassige deelname | 2 | 2,2 | 3 | 3,4 | 4 | 4,5 | 28 | 31,5 | 47 | 52,8 | 5 | 5,6 | 89 | 100 |
| 7.3 | Inskakeling van anderkleuriges | 6 | 6,7 | 9 | 10,1 | 3 | 3,4 | 11 | 12,4 | 16 | 18,0 | 44 | 49,4 | 89 | 100 |
| 7.4 | Blanke leerlinge aanvaar anderkleuriges | 7 | 7,9 | 14 | 15,7 | 11 | 12,4 | 2 | 2,2 | 0 | 0,0 | 55 | 61,8 | 89 | 100 |
| 7.5 | Konflik tussen blanke leerlinge en anderkleuriges | 7 | 7,9 | 1 | 1,1 | 0 | 0,0 | 10 | 11,2 | 16 | 18,0 | 55 | 61,8 | 89 | 100 |
| 7.6 | Etniese groepvorming | 8 | 9,0 | 4 | 4,5 | 5 | 5,6 | 4 | 4,5 | 8 | 9,0 | 60 | 67,4 | 89 | 100 |
| 7.7 | Leerlinge wil deelneem, ouers weier | 4 | 4,5 | 0 | 0,0 | 6 | 6,7 | 24 | 27,0 | 21 | 23,6 | 34 | 38,2 | 89 | 100 |
| 7.8 | Beskikbaarheid van fasiliteite | 4 | 4,5 | 15 | 16,9 | 11 | 12,4 | 24 | 27,0 | 12 | 13,5 | 23 | 25,7 | 89 | 100 |

**Tabel 3.16 : Engelsmediumskole - buitekurrikulêre aangeleenthede**

| Buitekurrikulêre aangeleenthede | | Nulrespons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 7 | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7.1 | Veelrassige deelname | 0 | 0,0 | 31 | 73,8 | 11 | 26,2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| 7.2 | Ouers onttrek leerlinge van veelrassige deelname | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 2 | 4,8 | 36 | 85,7 | 3 | 7,1 | 42 | 100 |
| 7.3 | Inskakeling van anderkleuriges | 0 | 0,0 | 26 | 61,9 | 14 | 33,3 | 2 | 4,8 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| 7.4 | Blanke leerlinge aanvaar anderkleuriges | 0 | 0,0 | 28 | 66,7 | 14 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| 7.5 | Konflik tussen blanke leerlinge en anderkleuriges | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 35 | 83,3 | 6 | 14,3 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| 7.6 | Etniese groepvorming | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 30 | 71,4 | 10 | 23,8 | 1 | 2,4 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |
| 7.7 | Leerlinge wil deelneem, ouers weier | 1 | 2,4 | 1 | 2,4 | 6 | 14,3 | 14 | 33,3 | 11 | 26,2 | 9 | 21,4 | 42 | 100 |
| 7.8 | Beskikbaarheid van fasiliteite | 1 | 2,4 | 26 | 61,9 | 14 | 33,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 42 | 100 |

**Tabel 3.17 : Alle skole - buitekurrikulêre aangeleenthede**

| Buitekurrikulêre aangeleenthede | | Nulrespons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 7 | | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7.1 | Veelrassige deelname | 1 | 0,8 | 44 | 33,6 | 51 | 38,9 | 29 | 22,1 | 3 | 2,3 | 3 | 2,3 | 131 | 100 |
| 7.2 | Ouers onttrek leerlinge van veelrassige deelname | 2 | 1,5 | 3 | 2,3 | 5 | 3,8 | 30 | 22,9 | 83 | 63,4 | 8 | 6,1 | 131 | 100 |
| 7.3 | Inskakeling van anderkleuriges | 6 | 4,6 | 35 | 26,7 | 17 | 13,0 | 13 | 9,8 | 16 | 12,2 | 44 | 33,7 | 131 | 100 |
| 7.4 | Blanke leerlinge aanvaar anderkleuriges | 7 | 5,3 | 42 | 32,1 | 25 | 19,1 | 2 | 1,5 | 0 | 0,0 | 55 | 42,0 | 131 | 100 |
| 7.5 | Konflik tussen blanke leerlinge en anderkleuriges | 7 | 5,3 | 1 | 0,8 | 1 | 0,8 | 45 | 34,3 | 22 | 16,8 | 55 | 42,0 | 131 | 100 |
| 7.6 | Etniese groepvorming | 8 | 6,1 | 4 | 3,1 | 35 | 26,7 | 14 | 10,7 | 9 | 6,8 | 61 | 46,6 | 131 | 100 |
| 7.7 | Leerlinge wil deelneem, ouers weier | 5 | 3,8 | 1 | 0,8 | 12 | 9,2 | 38 | 29,0 | 32 | 24,4 | 43 | 32,8 | 131 | 100 |
| 7.8 | Beskikbaarheid van fasiliteite | 5 | 3,8 | 41 | 31,3 | 25 | 19,1 | 24 | 18,3 | 12 | 9,2 | 24 | 18,3 | 131 | 100 |

#### 3.3.10.4 **Blanke leerlinge aanvaar anderkleuriges**

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 7.4) is om vas te stel of blanke leerlinge anderkleuriges aanvaar in skole wat voorheen slegs vir blankes 'gereserveer' was.

Uit tabel 3,15, 3.16 en 3.17 blyk dit dat blanke leerlinge merendeels anderkleuriges aanvaar, ten opsigte van buitemuurse deelname. (Afrikaans- 28,1% en Engelsmediumskole 100%). Die respons by Afrikaansmediumskole is laag omdat 61,8% respondente die vraag as nie van toepassing beantwoord het. Slegs 1,5% van die respondente het aangedui dat blanke leerlinge in 'n mindere mate anderkleuriges aanvaar.

#### 3.3.10.5 **Konflik tussen blanke leerlinge en anderkleuriges**

Die doel van hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 7.5) is om vas te stel of daar konflik ontstaan tussen blanke leerlinge en anderkleuriges ten opsigte van die buitemuurse program.

Uit tabel 3.15, 3.16 en 3.17 blyk dit dat daar nie noemenswaardige verskille bestaan tussen response van Afrikaans- en Engelsmediumskole nie. Tabel 3.17 toon aan dat slegs 1,6% van die respondente aangedui het dat daar merendeels konflik ontstaan tussen blanke leerlinge en anderkleuriges. Tabel 3.15 toon aan dat 61,8% Afrikaansmediumskole die vraag as nie van toepassing beskou het omdat daar nie anderkleuriges in die skole is nie.
Die afleiding kan dus gemaak word dat konflik tussen blanke en anderkleurige leerlinge nie maklik ontstaan nie.

#### 3.3.10.6 **Etniese groepvorming**

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 7.6) is om vas te stel of daar volgens die skoolhoof se mening etniese groepvorming plaasvind in veelrassige skole.

Die respons ( Vgl. tabel 3.16) wat verkry is van Engelsmediumskole dui daarop dat etniese groepvorming merendeels voorkom (71,4%). Etniese identiteit van leerlinge bly dus behoue. Afrikaansmediumskole het aangedui (Vgl. tabel 3.15) dat etniese groepvorming in 'n mindere mate plaasvind (13,5%). Die meerderheid respondente by Afrikaansmediumskole het die vraag as nie van toepassing beskou (67,4%). Die rede hiervoor kan toegeskryf word daaraan dat Afrikaansmediumskole nie 'n verskeidenheid van etniese groepe akkommodeer nie. Indien punt 3.3.10.5 in gedagte gehou word kan afgelei word dat etniese identiteit nie skade ly as gevolg van veelrassige interaksie nie.

3.3.10.7 **Leerlinge wil graag deelneem maar ouers weier deelname**

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 7.7) is om te bepaal of leerlinge veelrassig wil deelneem, maar hul ouers veelrassige deelname weier.

Uit die response wat verkry (Vgl. tabel 3.15, 3.16 en 3.17) is, is dit duidelik dat ouers in 'n mindere mate leerlinge weier tot veelrassige deelname (Afrikaans- 50,6% en Engelsmediumskole 59,5%). Daar is wel 'n aantal ouers wat leerlinge soms deelname ontsê.

Die afleiding kan dus gemaak word dat ouers merendeels toelaat dat leerlinge veelrassig deelneem. Indien leerlinge wil deelneem word hul selde deur hul ouers verbied.

3.3.10.8 **Beskikbaarstelling van fasiliteite vir veelrassige deelname**

Die doel van die vraag (Vgl. bylae A, vraag 7,8) is om vas te stel of skole wat oorwegend blanke leerlinge het hul fasiliteite beskikbaar stel vir veelrassige deelname.

Uit response wat verkry is (Vgl. tabel 3.15) wil dit voorkom asof Afrikaansmediumskole in 'n mindere mate hul fasiliteite beskikbaar stel (40,5%). Merendeels 95,2% Engelsmediumskole stel wel hul fasiliteite beskikbaar.

Die afleiding word dus gemaak (Vgl. punt 3.3.2.4) dat Engelsmediumskole hul fasiliteite beskikbaar stel omdat alle Engelsmediumskole anderkleuriges in hul midde het. Slegs 20,3% Afrikaansmediumskole het anderkleuriges in hul skole en daarom word fasiliteite nie so geredelik beskikbaar gestel nie.

3.3.10.9 **Gevolgtrekking**

Uit die response wat verkry is uit afdeling 3.3.10 wil dit voorkom asof leerlinge in staatsondersteunde sekondêre skole baie selde die reg ontsê word om aan die buitemuurse program deel te neem. Ouers ontsê in 'n mindere mate leerlinge om veelrassig aan die buitemuurse program deel te neem. Anderkleuriges skakel moeiliker in by Afrikaansmediumskole as by Engelsmediumskole.

Verskillende etniese groepe aanvaar mekaar sonder om etnisiteit in te boet. Leerlinge van verskillende rasse kan dus met mekaar meeding sonder dat daar konflik ontstaan. Rassediskriminasie kom baie selde voor. Daar kan dus op 'n buitemuurse gebied interaksie van verskillende kultuurgroepe plaasvind sonder dat etniese identiteit skipbreuk sal ly.

Tabel 3.18 : Afrikaansmediumskole - beveiliging van leerlinge

| Beveiliging van leerlinge | Nulrespons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 7 | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7.9 Skool beveilig die leerlinge deur: | | | | | | | | | | | | | | |
| 'n noodplan, | 0 | 0,0 | 84 | 94,4 | 5 | 5,6 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 89 | 100 |
| polisieteenwoordigheid, | 4 | 4,5 | 1 | 1,1 | 13 | 14,6 | 50 | 56,2 | 14 | 15,7 | 7 | 7,9 | 89 | 100 |
| kommandoteenwoordigheid, | 4 | 4,5 | 0 | 0,0 | 4 | 4,5 | 33 | 37,1 | 37 | 41,5 | 11 | 12,4 | 89 | 100 |
| gewapende ouers, en | 4 | 4,5 | 1 | 1,1 | 1 | 1,1 | 7 | 7,9 | 63 | 70,8 | 13 | 14,6 | 89 | 100 |
| gewapende personeel. | 4 | 4,5 | 2 | 2,2 | 5 | 5,6 | 25 | 28,1 | 44 | 49,5 | 9 | 10,1 | 89 | 100 |

Tabel 3.19 : Engelsmediumskole - beveiliging van leerlinge

| Beveiliging van leerlinge | Nulrespons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 7 | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7.9 Skool beveilig die leerlinge deur: | | | | | | | | | | | | | | |
| 'n noodplan, | 0 | 0,0 | 41 | 97,6 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 42 | 100 |
| polisieteenwoordigheid, | 1 | 2,4 | 1 | 2,4 | 4 | 9,5 | 17 | 40,5 | 15 | 35,7 | 4 | 9,5 | 42 | 100 |
| kommandoteenwoordigheid, | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 9 | 21,5 | 29 | 69,0 | 4 | 9,5 | 42 | 100 |
| gewapende ouers, en | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 38 | 90,5 | 3 | 7,1 | 42 | 100 |
| gewapende personeel. | 0 | 0,0 | 1 | 2,4 | 0 | 0,0 | 5 | 11,9 | 33 | 78,6 | 3 | 7,1 | 42 | 100 |

**Tabel 3.20 : Alle skole - beveiliging van leerlinge**

| Beveiliging van leerlinge | Nulrespons | | Merendeels | | | | Mindere mate | | | | Nvt | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Altyd | | Dikwels | | Selde | | Nooit | | | | | |
| Vraag 7 | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7.9 Skool beveilig die leerlinge deur: | | | | | | | | | | | | | | |
| 'n noodplan, | 0 | 0,0 | 125 | 95,4 | 5 | 3,8 | 0 | 0,0 | 1 | 0,8 | 0 | 0,0 | 131 | 100 |
| polisieteenwoordigheid, | 5 | 3,8 | 2 | 1,5 | 17 | 13,0 | 67 | 51,1 | 29 | 22,2 | 11 | 8,4 | 131 | 100 |
| kommandoteenwoordigheid, | 4 | 3,1 | 0 | 0,0 | 4 | 3,1 | 42 | 32,0 | 66 | 50,3 | 15 | 11,5 | 131 | 100 |
| gewapende ouers, en | 4 | 3,1 | 1 | 0,8 | 1 | 0,8 | 8 | 6,1 | 101 | 77,0 | 16 | 12,2 | 131 | 100 |
| gewapende personeel. | 4 | 3,1 | 3 | 2,3 | 5 | 3,8 | 30 | 22,8 | 77 | 58,8 | 12 | 9,2 | 131 | 100 |

### 3.3.11 **Versorging van leerlinge**

Die sekuriteit van 'n staatsondersteunde skool is die verantwoordelikheid van die skool se bestuursliggaam.

Met hierdie vraag (Vgl. bylae A, vraag 7.9) word gepoog om vas te stel of die bestuursliggaam en die hoof redelike voorsorgmaatreëls tref ten opsigte van die versorging en die beveiliging van die leerlinge.

Volgens response wat verkry is (Vgl. tabel 3.18, 3.19 en 3.20) is dieselfde tendens by Afrikaans- en Engelsmediumskole sigbaar. Die meeste skole maak merendeels gebruik van 'n noodplan (95,4%) ter beskerming van leerlinge in die skool. Daar word in 'n mindere mate (Vgl. tabel 3.20) gebruik gemaak van gewapende persone om leerlinge te beskerm.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die bestuursliggaam en hoofde van skole versigtig is om van die skool 'n harde teiken te maak. 'n Moontlike verklaring is dat gewapende persone as aggressiewe weerstand vertolk kan word en daardeur stel die skool homself bloot aan gewapende aanvalle.

## 3.4 **Samevatting**

In hoofstuk 3 is 'n uiteensetting gemaak van die navorsingsontwerp. Die vraelys is as meetinstrument gebruik en bespreek. Die gestruktureerde posvraelys is vir die ondersoek gebruik. In 'n brief is aan respondente versoek om die vrae te beantwoord.

Die vraelys bestaan uit sewe afdelings, naamlik afdeling A (biografiese besonderhede 1.1 - 1.4), afdeling B (demografiese besonderhede 2.1 - 2.8) afdeling C (toelatingsbeleid 3.1 - 3.16), afdeling D (dissiplinering van leerlinge 4.1 - 4.6), afdeling E (kurrikulêre aangeleenthede 5.1 - 5.4), afdeling F (skoolgelde 6.1 - 6.3) en afdeling G (buitekurrikulêre aangeleenthede 7.1 - 7.9).

Die dataverwerking van die response is in alle afdelings gedoen. Die resultate is getabuleer om sodoende die besprekings te vergemaklik.
In hoofstuk 4 word 'n samevatting gegee oor dit wat in sy geheel in die vorige hoofstukke bespreek is. Afleidings en aanbevelings sal gemaak word om hierdie ondersoek te voltooi.

# HOOFSTUK 4

## Samevatting, bevindings en aanbevelings

### 4.1 Samevatting

In hoofstuk 1 is aandag geskenk aan oriëntering, probleemstelling, die doel, metode en uitvoerbaarheid van die navorsing en die terreinafbakening. Die doel met die navorsing was om te bepaal watter leerlingsake problematies van aard blyk te wees met die oorskakeling van die meeste gewone openbare skole na staatsondersteunde skole. 'n Verdere doel was om te bepaal watter bestuursimplikasies die bestuur van hierdie leerlingsake vir die skoolhoof en bestuursliggaam van die skool inhou.

In hoofstuk 2 is die aard, inhoud en bestuursimplikasies van enkele leerlingverwante sake in sekondêre staatsondersteunde skole bespreek. Die sake wat bespreek is, is sake wat problematies van aard blyk te wees. Die volgende sake het aandag geniet:

* Toelatingsbeleid.
* Dissiplinering van leerlinge.
* Kurrikulumverwante aangeleenthede.
* Versorging van leerlinge.
* Finansiële bestuur.
* Bemarking van skole.
* Buitekurrikulêre betrokkenheid.
* Rasseverhoudings.

Met die literatuurstudie wat onderneem is, het dit aan die lig gekom dat bogenoemde sake wel bestuursimplikasies kan inhou vir die skoolhoof en bestuursliggaam.

In hoofstuk 3 is die empiriese ondersoek geloods. Die meetinstrument was die gestruktureerde vraelys. Die doel met die vraelys was om inligting te bekom en dit te evalueer om vas te stel wat die bestuursimplikasies inhou vir hoofde van staatsondersteunde skole. Afrikaans- en Engelsmediumskole is in sekere gevalle afsonderlik geëvalueer omdat die leerlingsamestelling van die skole en die lewens- en wêreldbeskouing van die skole drasties vanmekaar verskil. Alle response is ontleed en afleidings is gemaak.
Die politiek kon 'n rol speel met sekere response wat verkry is, omdat die navorsing onderneem is tydens politieke onsekerheid en groot veranderinge in die land.

In hierdie hoofstuk word die bevindings ten opsigte van die literatuurstudie en empiriese ondersoek bespreek. Na aanleiding van die bevindings word aanbevelings gedoen ten opsigte van die navorsing om die bestuur van leerlingsake in staatsondersteunde skole te

vergemaklik.

## 4.2 Bevindings

### 4.2.1 Die bevindings op grond van die literatuurstudie

#### 4.2.1.1 Toelatingsbeleid

* Die toelating van leerlinge tot openbare skole en staatsondersteunde skole is volgens artikel 49 van die **Wet** onderworpe aan voorgeskrewe voorwaardes. (Vgl. par. 2.2.)
* Daar kan 'n beleid opgestel word om toelating van leerlinge tot skole te beheer. (Vgl. par. 2.2.)
* Voedingsgebiede verval by toelating van leerlinge tot staatsondersteunde skole. (Vgl. par. 2.2.1.)
* Ouers het 'n keuse watter skool hul kinders sal bywoon. (Vgl. par. 2.2.1.)
* Bestuursliggame is verplig om kriteria vir toelating te bepaal om leerlingtoelating te beheer. (Vgl. par. 2.2.1.)
* Bestuursliggame mag van 'n ouer verwag om 'n kontrak te teken voordat sy kind toegelaat word, op voorwaarde dat die inhoud van die kontrak aan die ouer bekend is. (Vgl. par. 2.2.4.)
* Bestuursliggame kan leerlinge met te hoë ouderdom toelating tot 'n skool weier. (Vgl. par. 2.2.4.1.)
* Leerlinge kan slegs toegelaat word indien hy/sy aan die vereiste akademiese standaard voldoen. (Vgl. par. 2.2.4.2.)
* Die voertaal van die kind wat toegelaat word, moet ooreenstem met dié van die skool. (Vgl. par. 2.2.4.3.)
* Deeltydse leerlinge mag wel toegelaat word maar dit moet geskied met die toestemming van die Uitvoerende Direkteur van Onderwys. (Vgl. par. 2.2.4.6.)
* Die bestuursliggaam van staatsondersteunde skole mag geen leerling toelating weier op grond van ras of kleur nie. (Vgl. par. 2.2.4.7.)
* Tensy deur die Direkteur anders gelas kan die skoolhoof die toelating van 'n kind wat uit enige ander skool uitgesit is, weier. (Vgl. par. 2.2.4.9.)
* Verantwoordbare keuringsmeganismes kan die bestuursliggaam vrywaar van vervolging. (Vgl. par. 2.2.4.9.)

#### 4.2.1.2 Dissiplinering van leerlinge

* Geen bestuurstaak kan op 'n georganiseerde en suksesvolle wyse afgehandel word

sonder doeltreffende gesagsuitoefening nie. (Vgl. par. 2.3.)

* Die regulasies maak daarvoor voorsiening dat enige persoon wat 'n leerling doelbewus verhinder om 'n huishoudelike reël na te kom hom skuldig maak aan 'n misdryf. (Vgl. par. 2.3.1.)
* Lyfstraf mag slegs onder sekere omstandighede toegedien word. (Vgl. par. 2.3.2.)
* Die skoolhoof moet in oorleg met die bestuursliggaam huishoudelike reëls vir die beheer van die leerlinge in die skool opstel. By gebrek hieraan kan dit lei tot konflik tussen ouer en skool. (Vgl. par. 2.3.5.)
* Die bestuursliggaam kan aanspreeklik gehou word vir onregmatige optrede teenoor 'n leerling. (Vgl. par. 2.3.5.)

#### 4.2.1.3 Kurrikulumverwante aangeleenthede

* Bestuursliggame het geen inspraak in die vasgestelde sillabusinhoud nie. (Vgl. 2.4).
* Vakke kan wel bygevoeg word maar moet aan sekere vereistes voldoen. (Vgl. par. 2.4.)
* Die kurrikulum kan aangevul word maar nie gewysig word nie. (Vgl. par. 2.4.1.)
* Leerlinge mag nie blootgestel word aan langer onderrigtyd as wat bepaal word deur die Departement van Onderwys en Kultuur nie. (Vgl. par. 2.4.3.)
* Die bestuursliggaam en ouers mag onder geen omstandighede inmeng met die professionele aangeleenthede van die skool nie. (Vgl. par. 2.4.4.2.)

#### 4.2.1.4 Versorging van leerlinge

* Die bestuursliggaam kan aanspreeklik gehou word vir beserings van leerlinge as gevolg van nalatigheid of gevaarlike toestande by die skool. (Vgl. par. 2.5.)
* Die sekuriteit van 'n staatsondersteunde skool is die verantwoordelikheid van die bestuursliggaam. (Vgl. par. 2.5.)

#### 4.2.1.5 Finansiële bestuur

* Staatsondersteunde skole kan volgens wet die betaling van verpligte skoolgeld afdwing. (Vgl. par. 2.6.1.)
* 'n Borgliggaam kan 'n belangrike bydrae maak deur te help met die gedeeltelike of

totale befondsing van 'n skool se bedryfsuitgawes. (Vgl. par. 2.6.2.)

* Leerlinge wie se ouers nie die verpligte skoolgeld betaal nie, mag nie om die rede uit die skool gesit word nie en daar mag ook nie teen sodanige leerlinge gediskrimineer word nie. (Vgl. par. 2.6.4.)
* Leerlinge wat subsidies ontvang, moet streng vertroulik hanteer word. Leerlinge is nie veronderstel om te weet wie subsidies ontvang nie. (Vgl. par. 2.6.4.)

4.2.1.6 **Bemarking van skole**

* Bemarking behoort 'n integrale deel te vorm van die breë strategiese beplanning van 'n skool. (Vgl. par. 2.7.)
* Skole sal algaande meer op grond van hul bepaalde opvoedingsaard en -peil leerlinge lok. (Vgl. par. 2.7.)
* Skole kan van 'n verskeidenheid bemarkingstrategieë gebruik maak. (Vgl. par. 2.7.)
* Die werwing van leerlinge kan daartoe lei dat daar konflik ontstaan tussen skole. (Vgl. par. 2.7.1.)

4.2.1.7 **Buitekurrikulêre betrokkenheid**

* Buitekurrikulêre betrokkenheid vorm 'n integrale deel van die kind se ontwikkeling tot volwassewording. (Vgl. par. 2.8.1.)
* Die buitemuurse aktiwiteite bied aan die kind die geleentheid om persoonlikhede en karakter te ontwikkel. (Vgl. par. 2.8.1.)
* Die onderwyser het 'n taak om leerlinge aan te moedig om deel te neem aan die buitemuurse programme. (Vgl. par. 2.8.1.)
* Die ontwikkeling van 'n groepsgees en groepsbetrokkenheid kan bevorder word deur massadeelname. (Vgl. par. 2.8.4.)
* Multi-etniese gemeenskappe kan nie op die lange duur gebalanseerd en demokraties funksioneer nie. (Vgl. par. 2.9.1.)
* Interetniese kompetisie kan ontstaan in 'n multikulturele samelewing. (Vgl. par. 2.9.1.)
* Onderwys moet met die verskillende kulture van leerlinge rekening hou en dat die onderwys die kind moet help om in sy eie groep te ontwikkel. (Vgl. par. 2.9.1.)
* Multikulturele onderwys is wel moontlik maar 'n vereiste is dat die verskeidenheid kulture erken moet word. (Vgl. par. 2.9.1.)

* Rassisme het 'n invloed op akademiese sukses. (Vgl. par. 2.9.2.)
* Etniese groepe wat in die minderheid is, het 'n agterstand teenoor meerderheidsgroepe. (Vgl. par. 2.9.2.)

### 4.2.2 Die bevindings op grond van die empiriese ondersoek

Bevindinge wat hier gemaak word geld slegs vir sekondêre staatsondersteunde skole in die Transvaalse Onderwysdepartement.

#### 4.2.2.1 Toelatingsbeleid

* Alle Engelsmediumskole in die steekproef is veelrassig. (Vgl. par. 3.3.2.4.)
* Die meeste Afrikaansmediumskole is nie veelrassig nie. (Vgl. par. 3.3.2.4.)
* Anderkleuriges in Transvaal verkies Engelsmediumskole. (Vgl. par. 3.3.2.4.)
* Engelsmediumskole weier meer leerlinge toelating as Afrikaansmediumskole. (Vgl. par. 3.3.2.6.)
* Geen skool in die steekproef het in regsgedinge betrokke geraak met ouers omdat toelating van leerlinge geweier is nie. (Vgl. par. 3.3.2.7.)
* Toelating van leerlinge tot skole word streng beheer. (Vgl. par. 3.3.3.1.)
* Skole bepaal oor die algemeen nie voedingsareas nie. (Vgl. par. 3.3.3.2.)
* Skole laat nie leerlinge toe indien ouderdom en prestasiepeil van leerlinge nie voldoen aan die vereiste standaard nie. (Vgl. par. 3.3.3.3.)
* Engelsmediumskole kry meer druk vanuit die gemeenskap om leerlinge tot hul skole toe te laat. (Vgl. par. 3.3.3.4.)
* Skole is oor die algemeen versigting om leerlinge uit ander bevolkingsgroepe toe te laat. (Vgl. par. 3.3.3.5.)
* Leerlinge in dieselfde klas se ouderdomme moet hoofsaaklik ooreenstem om natuurlike ontwikkeling te bevorder. (Vgl. par. 3.3.3.7.)
* Min skole laat deeltydse leerlinge toe en indien deeltydse leerlinge toegelaat word, is dit slegs om akademiese prestasie te verbeter. (Vgl. par. 3.3.3.8.)
* Politiek speel wel 'n geringe rol by die besluitneming van die bestuursliggaam. (Vgl. par. 3.3.3.9.)
* Die meeste skole verplig ouers om 'n ooreenkoms met die bestuursliggaam aan te gaan. (Vgl. par. 3.3.3.10.)

4.2.2.2 **Dissiplinering van leerlinge**

* Ongedissiplineerde gedrag van leerlinge het nie toegeneem nie. (Vgl. par. 3.3.7.1.)
* Leerlinge uit 'n swak sosio-ekonomiese omgewing openbaar meer ongedissiplineerdheid. (Vgl. par. 3.3.7.2.)
* Ouers in Afrikaansmediumskole het groter seggenskap ten opsigte van dissipline in skole. Engelsmediumskole laat toepassing van dissipline merendeels oor aan die skool. (Vgl. par. 3.3.7.3.)
* Personeel kan nog doeltreffend gesag uitoefen by skole. (Vgl. par. 3.3.7.4.)
* Die skoolbeleid van skole bevat duidelike riglyne oor skoolreëls en dissipline. (Vgl. par. 3.3.7.6.)

4.2.2.3 **Kurrikulumverwante aangeleenthede**

* Daar word wel in 'n mate deur die bestuursliggaam ingemeng op die professionele terrein van die hoof. (Vgl. par. 3.3.8.1.)
* Bestuursliggame voeg geen addisionele vakke by die bestaande kurrikulum nie. (Vgl. par. 3.3.8.2.)

4.2.2.4 **Versorging van leerlinge**

* Skole maak hoofsaaklik gebruik van 'n noodplan om leerlinge by die skool te beveilig. (Vgl. par. 3.3.11.)
* Redelike voorsorg word getref om leerlinge te beveilig. (Vgl. par. 3.3.11.)

4.2.2.5 **Finansiële bestuur**

* Engelsmediumskole vereis gemiddeld hoër onderriggeld van ouers as Afrikaansmediumskole. (Vgl. par. 3.3.2.8.)
* Skole pas oor die algemeen baie min druk toe op leerlinge in die verkryging van onderriggeld. (Vgl. par. 3.3.9.1.)
* Leerlinge wat subsidies ontvang, is baie selde bekend aan ander leerlinge. Diskriminasie vind dus nie maklik plaas nie.
* Afrikaansmediumskole maak redelik staat op fondsinsamelingsprojekte, daarom is

onderriggeld by Afrikaansmediumskole aansienlik laer as Engelsmediumskole. (Vgl. par. 3.3.9.3.)

* Diskriminasie teenoor leerlinge ten opsigte van skoolgelde kan wel in 'n geringe mate by sekere skole voorkom. (Vgl. par. 3.3.9.4.)
* Baie min skole maak gebruik van 'n borgliggaam. (Vgl. par. 3.3.5.1.)
* Daar bestaan wel konflik tussen die borgliggaam en die bestuursliggaam. (Vgl. par. 3.3.5.1.)

4.2.2.6 **Bemarking van skole**

* Heelwat skole maak van die volgende bemarkingstrategieë gebruik:

  . Bemarkingsbrosjures.
  . Skool se beeld na buite.
  . Persadvertensies.
  . Persoonlike werwing.
  . Beursskemas.

* Skole kan hulle dus skuldig maak aan werwing van leerlinge van ander skole. (Vgl. par. 3.3.4.1.)

4.2.2.7 **Buitekurrikulêre aangeleenthede**

* Afrikaansmediumskole neem in 'n mindere mate veelrassig deel. (Vgl. par. 3.3.10.1.)
* Ouers weier baie selde veelrassige deelname. (Vgl. par. 3.3.10.2.)
* Anderkleuriges skakel moeiliker in by Afrikaansmediumskole as by Engelsmediumskole. (Vgl. par. 3.3.10.3.)
* Blanke leerlinge aanvaar anderkleuriges ten opsigte van buitemuurse deelname. (Vgl. par. 3.3.10.4.)
* Daar ontstaan baie selde konflik tussen blanke en anderkleurige leerlinge. (Vgl. par. 3.3.10.5.)

* Etniese identiteit ly nie skade as gevolg van veelrassige deelname nie. (Vgl. par. 3.3.10.6.)

* Ouers ontsê nie maklik hul kinders van veelrassige deelname nie. (Vgl. par. 3.3.10.7.)
* Afrikaansmediumskole wat nie anderkleuriges in hul midde het nie, stel nie gereeld hul fasiliteite beskikbaar vir veelrassige deelname nie. (Vgl. par. 3.3.10.8.)

#### 4.2.2.8 Samewerking tussen die hoof en die bestuursliggaam

* Die meeste skole het aangedui dat daar goeie samewerking bestaan tussen die hoof en bestuursliggaam. (Vgl. par. 3.3.6.)
* Hoofde se professionele pligte word wel in 'n mate verwaarloos vandat staatsondersteunde skole ingestel is. (Vgl. par. 3.3.6.1.)
* Hoofde van skole beskou staatsondersteunde skole as 'n sukses. (Vgl. par. 3.3.6.2.)

## 4.3 Aanbevelings

### 4.3.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsing

**Aanbeveling 1**

Hoofde en bestuursliggame van skole moet verantwoordbare keuringsmeganismes ontwerp vir die samestelling van 'n toelatingsbeleid vir die skool. Druk van gemeenskappe om leerlinge tot 'n skool toe te laat, moet deur die hoof en bestuursliggaam op 'n verantwoordelike wyse hanteer en verwerk word. (Vgl. par. 4.2.2.1.)

Die navorsing het getoon dat indien toelating van leerlinge streng beheer word deur middel van effektiewe keuringsmeganismes daar weinig probleme ontstaan. (Vgl. par. 4.2.2.1.)

Hoofde van skole moet versigtig wees om deeltydse leerlinge toe te laat vir motiewe anders as om akademiese prestasie te verbeter. (Vgl. par. 4.2.2.1.)

Hoofde van skole moet leerlinge met ouderdomme hoër as die leerlinge in dieselfde klas nie toelaat nie omdat dit die natuurlike ontwikkeling van die ander leerlinge sal beïnvloed. (Vgl. par. 4.2.2.1.)

Bestuursliggame moet 'n ooreenkoms met ouers aangaan om hulle sodoende te vrywaar van moontlike vervolging, en om die nodige samewerking van ouers te verkry. (Vgl. par. 4.2.2.1.)

Hoofde van skole moet probeer om politiek uit skole te hou en besluite moet geneem word in belang van die kind.

**Aanbeveling 2**

Die hoof en die bestuursliggaam van 'n skool moet toesien dat die skoolbeleid duidelike riglyne bevat oor die skoolreëls en -dissipline. (Vgl. par. 4.2.2.2.) By gebrek aan so 'n skoolbeleid kan dit lei tot konflik tussen skool en ouers. (Vgl. par. 4.2.1.2.) Onderwysers moet ook duidelike riglyne hê waarvolgens straf toegepas kan word, omdat bestuursliggame aanspreeklik gehou kan word vir onregmatige optrede teenoor 'n leerling. (Vgl. par. 2.3.5.)

**Aanbeveling 3**

Hoofde van skole moet onder geen omstandighede toelaat dat daar op die professionele terrein van die onderwyser deur ouers of die bestuursliggaam ingemeng word. (Vgl. par. 2.4.4.2.)

Bestuursliggame kan die bestaande kurrikulum aanvul ter wille van die algemene vorming van die kind, maar die kind mag nie vir bevorderingsdoeleindes geëvalueer word op grond van die verrykte dele van die kurrikulum nie. (Vgl. par. 2.4.1.)

**Aanbeveling 4**

